

HOOFSTUK 4

ADV. JANSEN EN DIE NATALSE TAALSTRYD

4.1 Inleiding

Indien adv. Jansen se rol in die vestiging van Afrikaans in Natal in oënskou geneem word,¹⁾ vorm die volgende aspekte van die Afrikaner se ontwikkelende kultuurproses die grondslae van die taalstryd wat hier= na beskryf word.

Naas adv. Jansen se veeleisende beroepsloopbaan as regsgeleerde in Pietermaritzburg, het sy gemeenskapsbetrokkenheid in die eerste plek om een doel gesentreer. Dit was om die Afrikaner se selfbewussyn so te ontwikkel, dat hulle deur die benutting van hul kultuurgoedere 'n gelykwaardige staanplek teenoor die Britsheid in Natal kon ingeneem het.²⁾

In 'n ontboeseming het hy die milieu waarin hy geleef het en sy missie in die verband treffend verwoord: "Ek is so magteloos om die vooroordeel van my stadgenote te bestrij, en om dag na dag in die onsimpatieke omgewing te bly, maak mij moedeloos. Om hierdie plek te verlaat sou dadelik deur ons vijande (d.i. Engelssprekendes) as 'n neerlaag vir ons beskou word en wegloop wil ek nie. Is dit dan maar mij lot om mij hele lewe te slijt in 'n omgewing waar ek nie thuis is ríe? Wat 'n diepe verlange is daar partymaal in die hart om in 'n Afrikaner omgewing te wees! En tog is dit of die oortuiging altijd bij mij is dat mij plig lê hier."³⁾

In die tweede plek was hy sedert 1906 op politieke vlak deel van 'n plaaslike belangegroep. Die groep het die grondslag vir latere

georganiseerde optrede in die Pietermaritzburgse kultuurlewe gelê.⁴⁾ Na slegs twee jaar se aktiewe meelewing op plaaslike vlak, het adv. Jansen een van die sewe manne geword wat die Natalse Boerekongres op provinsiale vlak moes lei.⁵⁾ Sy aktiewe meelewing in dié verband het hom as 'n sterk, knap, geleerde en opkomende politieke figuur in Natal geïdentifiseer.⁶⁾ Hy het hom die identifikasie laat welgeval en is in die ontluikende politieke proses meegesleur wat na Uniewording 'n al hoe groter aanspraak op sy tyd sou maak.⁷⁾

In die derde plek was hy sedert 1908 as meelewende Christen, aktief by die Natalse kerkkultuur betrokke. Sy betrokkenheid by kerklike publikasies het veral sy ervaring op taalgebied verbreed.⁸⁾

In die vierde plek was hy ook sedert 1908 by die Natalse debatsverenigings en hulle ideale betrokke.⁹⁾ Adv. Jansen se taalhandhawingsrol in die verband sou in sy opvolgende deelname aan die stryd om erkenning van Afrikaans, wat hierna ter sprake is, 'n verdieping ondergaan.

In die vyfde plek het sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Akademie stukrag aan die bogenoemde intuïtiewe rol van hom gegee.

Ten aansien van die oorheersende posisie van Engels teenoor Hollands/Afrikaans in Natal het die Afrikaners in die sesde plek voor en na Uniewording onverpoos vir die gelykwaardige erkenning van hul taal gestry. In dié opsig was hulle deelgenote van 'n kulturele ontvaking wat na 1902, landwyd in Afrikanergeleedere plaasgevind het. Dit is in hoofsaak deur Milnerisme en die doelbewuste verengelsingsbeleid geïnspireer. Hierdie kulturele oplewing is deur Afrikanerkultuurleiers, politici, skrywers, joernaliste en digters gelei wat hul toevlug tot die taal, geskiedenis en godsdiens geneem het.¹⁰⁾

Dié merkwaardige kulturele ontwaking is deur 'n drieledige proses met 'n bepaalde ontwikkelingsvolgorde voltrek. Die eerste terrein waar die Afrikaner se eie aard op georganiseerde basis ontwikkel het, was die onderwysgebied. Die politiek was die tweede terrein waarop die Afrikaner hom toegespits het. In die georganiseerde stryd vir die behoud en ontwikkeling van die Afrikaner se geestelike goedere het 'n derde terrein mettertyd herontwaak en ontwikkel.¹¹⁾ Hierdie terrein word in hierdie hoofstuk bespreek.

Dié derde terrein het meestal gewentel om gesellige byeenkomste van verenigings en organisasies soos debatsverenigings,¹²⁾ Christelike Jongeliedeverenigings, toneelgeselskappe, die Suid-Afrikaanse Akademie en Waaksaamheidskomitees,¹³⁾ die Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende¹⁴⁾ en die Saamwerk-Unie¹⁵⁾ waarin die Natalse Afrikaner saamgesnoer is.¹⁶⁾

Die bogenoemde drieledige proses het 'n landswye ontluikende kulturele bewussyn tot gevolg gehad. Dit het in die kerklike en geestelike ywer vir die opheffing van die Afrikaner,¹⁷⁾ die oprigting van CNO-skole, die geskifte en pennevrugte van skrywers, redakteurs en digters, en in 'n aktiewe veldtog deur die voorstanders van Afrikaans, om dit nie slegs as spreektaal nie, maar ook as skryftaal te vestig, uiting gevind.¹⁸⁾

Die aksies het meestal om die bogenoemde gesellige byeenkomste gewentel.

Ten aansien van die vele Victoriaanse kwækplekke wat die Engelssprekende Nataller se Britsheid voortdurend versterk het,¹⁹⁾ het die kulturele oplewing van die Natalse Afrikaner vanuit Pietermaritzburg momentum gekry.²⁰⁾ Dit was veral die redakteur van **De Afrikaner**, J.S.M. Rabie, wat die ontluikende kulturele bewussyn op nasionale vlak deur middel van sy blad in Natal ingedra het.²¹⁾

De **Afrikaner** het die kern van die bogenoemde kulturele ontwaking op 'n oortuigde wyse by sy lesers tuisgebring. Mnr. Rabie het enersyds sy volksgenote se volksgevoel geprikkel: "Er is een ontwaking op velerlei gebied in ons land ... wij Afrikaners waren, over het algemeen gesproken, ons niet bewust van onze roeping en bestemming als natie. Wij beseffen onze grote verantwoordelikheden voor een groot deel zelfs nu nog niet."²²⁾ Hy het andersyds die taalliefde van die Natalse Afrikaners soos volg aangewakker: "Afrikaners, hou reg, praat en schrijf Hollands, leer ook Engels, want dan kom julle bij die Engelse mense ook reg; maar behou julle taal en julle zelf, eer en help mekaar ..."²³⁾ Sy standpunt oor 'n vereenvoudigde skryfwyse was dat "een eersten stap op de weg de leiden moet tot vestiging van een eigen Zuid Afrikaanse taal en letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of niets."²⁴⁾

Op die wyse is Natalse Afrikaners tot deelname aangespoor waardeur die weg vir georganiseerde optrede gebaan is.

Ernest Jansen het in die bogenoemde milieu sy voete in Pietermaritzburg gevind. Daar was drie taalvorme waarmee adv. Jansen rekening moes hou en wat in 'n sekere sin vir hom 'n kontrasterende driestryd ingehou het.

Eerstens was daar Hollands waarmee adv. Jansen rekening moes hou. Komende uit 'n diep godsdienstige gesin het die kerk vir hom 'n taalkeuse voorgehou. Die kerk het in 'n sekere sin die bolwerk van die Hollandse taal gevorm. Hierdie eerbiedwaardige beklemtoning van Hollands het adv. Jansen se ouers en ds. Schoon – die moedige kampvegter vir Hollands by wie hy vier jaar gewoon het – sonder teësprak gehandhaaf. Adv. Jansen het ook met sy ouers in Hollands gekorrespondeer.

Tweedens was daar die magnetisme van die Engelse taal. Adv. Jansen is opgelei in Engels, het in 'n Britse vesting met 'n gevestigde en oorweldigende Engelssprekende bevolking 'n uitgebreide regspraktyk gehad, waar daar in regskringe byna net Engels gegeld het.²⁵⁾ Adv. Jansen kon ook ooreenkomstig die geldende gebruik slegs Engels as taal gebruik het. Die Jansen-kindere het wel in dié tyd met mekaar in Engels gekorrespondeer, soos dit destyds die gebruik/mode was.²⁶⁾

Afrikaans as spreek- én skryftaal was die derde taalvorm waarmee adv. Jansen rekening moes hou. Hoewel dit die Afrikaner se huistaal was, was die bevordering van Afrikaans as skryftaal in eersgenoemde twee taalkringe as rewolusionêre dwaasheid gesien.²⁷⁾ Vir adv. Jansen het die taalkeuse tussen Engels én Hollands én Afrikaans gelê, met die opvatting dat Afrikaans mettertyd die stryd teen Hollands sou wen. Dié merkwaardige oortuiging het hy alreeds as skoolseun begin vorm.

Adv. Jansen het sy eerste Afrikaanse taallesse as skoolseun gegee. Op die personeel van Durban Boys High School was 'n onderwyser, 'n Duitser, wat "Cape Dutch" wou leer. Ernest Jansen moes hom touwys maak. Die literatuur vir sy "taallesse" was **Ons Klyntji, Sestig Uitgesogte Gedigte** van Reitz, die debatsboek **De Gezellige**, asook Afrikaanse liedjies en van Melt Brink se werke. Hierdie kennismaking met sy geskrewe volkstaal het hom tot die oortuiging gebring dat Afrikaans mettertyd Hollands as skryftaal sou vervang. Hierna het hy selfs stukkie in Afrikaans begin skryf.

Hierdie merkwaardige vroeë taalbekering het adv. Jansen genoop om sy taalkundige sendingtaak vanaf 1905 in Pietermaritzburg voort te sit. Sekerlik geïnspireer deur J.S.M. Rabie se hoofartikels, het hy sy taalklasse vir 'n paar jaar volgehou. Gedurende 1905-1906 het hy voordragte oor Afrikaans voor die Stewersvereniging, 'n godsdienstige

beweging, in die Huet-kerkie (die N.G. Kerk) in Pietermaritzburg gehou. In 1907 het hy in dié kerkie se konsistorie vir seuns oor sake rakende die taal, letterkunde en algemene kennis aandklasse gegee.²⁸⁾

Adv. Jansen en ds. G.M. Pellissier was ywerige voorstanders van Afrikaans as skryftaal. Hulle het vanaf 1908 **De Kondsapper** geredigeer²⁹⁾ en later het daar ook in **De Bode** verskeie "Afrikaanse" artikels van adv. Jansen verskyn.³⁰⁾

Adv. Jansen wou Afrikaners sowel as Engelse tot sy taalsiening oorgehaal het. Gedurende 1909 wou baie Engelssprekendes Hollands geleer het, omdat Uniewording op hande was en dit een van die amptelike landstale sou word. Adv. Jansen het ingewillig om saans in die Y.M.C.A.-saal Hollandse taallesse te gee. Hieroor het hy die volgende vertel: "Die eerste aand het ek in my lesing duidelik gemaak dat ek hulle Hollands gaan leer, maar ek het die grootste deel aan Afrikaans gewy. Ek het gewys hoe Afrikaans uit Middelnederlands analogies ontwikkel het soos hedendaagse Engels uit Angel-Saksies. Toe die Engelse vind hulle kon Hollands nie in 'n paar dae leer nie, het die klas uitgedun en later was nog net 'n paar oor. Daar was gebrek aan volharding."³¹⁾

Sy betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans het in 1928 met die amptelike erkenning van die Saamwerk-Unie se Afrikaanse taaleksamens, as 'n persoonlike triomf vir hom geëindig.³²⁾

Soos elders in die land was die taal die speerpunt van die Natalse Afrikaner se kultuurstryd. Hierdie tydsgees, adv. Jansen se taalkundige sendingwerk en die besielde mnr. Rabie se pleidooie in **De Afrikaner** het sedert 1906 die behoefte aan 'n georganiseerde kweekplek, 'n debatsvereniging, al hoe groter gemaak.³³⁾ Hoewel die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekendes in 1906 'n tak van die Boerevereniging gestig het om hul belange te behartig,³⁴⁾ het die ideaal om 'n debatsvereniging te stig eers in 1908 in hul geleedere gerealiseer.³⁵⁾

4.2 Adv. Jansen en die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging

Die idee om debatsverenigings in Natal te laat herleef soos dit voor die Tweede Vryheidsoorlog bestaan het, is in 1906 deur mnr. J.S.M. Rabie bepleit.³⁶⁾ Hoewel die Boereverenigings in die jaar weer ontwaak het, sou daar bykans twee jaar verloop voordat genoegsame belangstelling op dié terrein van die Natalse Afrikaner se volkslewe ontwikkel het.³⁷⁾

Aan die begin van 1908 het mnr. B.I. Vorster (die mede-eienaar van **De Afrikaner**) en 'n paar ander Afrikaners planne beraam om 'n debatsvereniging in Pietermaritzburg te stig.³⁸⁾ 'n Afvaardiging, gelei deur mnr. Ben Vorster, het adv. Jansen by sy werkplek oor die saak gespreek. Hy het op daardie stadium so pas sy eie prokureursbesigheid in Galway Laan begin. Hy was bra skepties oor die lewensvatbaarheid van so 'n vereniging: "Ik werd gevra om ook te help en hoewel ik maar baie twyfelachtig was of dit 'n sukses sou wees, en dit ook gesê het, toch het ik my beste hulp aan die beweging beloof. Ik wis toen nog nie wat onse mense, vooral die dames, kon uitvoer als hulle maar net wou ..."39)

Die paar persone het tydens die besoek aan adv. Jansen besluit om 'n stigtingsvergadering vir so 'n debatsvereniging te belê. Op Saterdag 29 Februarie 1908 (skrikkelidag) het 16 Afrikaners in stortreën rondgeskarrel om 'n groot genoeg vergaderplek te kry. In die eetkamer van ds. G.M. Pellissier se pastorie, het adv. Jansen, ds. Pellissier en mnr. Vorster die stigting van 'n debatsvereniging bepleit.

Adv. Jansen het die vergadering in Afrikaans toegesprek en die nut van die vereniging uiteengesit. Hy het die hoop uitgesprek dat die deelname aan die vereniging alle lede sou bekwaam totdat hulle, sê na 'n jaar, hulle vlot in Hollands kon uitdruk. Hy het met ds. Pellissier

saamgestem dat die jonger lede meer selfvertroue sou verkry om Hollands te praat, deur aan die besprekings deel te neem. Ds. Pellissier se stigtingsmotivering het daarop berus dat 'n debatsvereniging die lede vrymoedigheid sou gee om hulle in Hollands uit te druk: "De Hollandse Afrikaners hadden behoefte aan een ontwikkeling van onze taal, die nog achterlik was."⁴⁰⁾

Op voorstel van ds. Pellissier is besluit om 'n Debats en Letterkundige Vereniging te stig. Ds. Pellissier is as erevoorsitter gekies, waarop dr. Vrolik (die redakteur van **De Afrikaner**) bygevoeg het dat die predikant van die Ned. Geref. Kerk van Pietermaritzburg altyd erevoorsitter moes wees. Die verkiesing van bestuurslede het per stembriefies geskied en adv. Jansen is met 'n meerderheid van vyf stemme as die eerste voorsitter gekies. Die res van die bestuur was A. Otgaar as ondervoorsitter, B. Vorster as sekretaris en J. Hershensohn en A. Wolhuter as addisionele lede.⁴¹⁾

Dié debatsvereniging sou nie net die taalkultuur in Pietermaritzburg lewendig hou nie, maar ook nuwe kultuurpatrone in die leefwyse van die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekendes en in Natal vestig.

Vir die Afrikaners in die Natalse hoofstad het die debatsvereniging as 'n gesellige sosiale en naskoolse opleidingsentrum gedien. Oud en jonk het een aand per maand op 'n georganiseerde wyse in 'n gesellige atmosfeer deurgebring. Hulle het mekaar met voordragte, sang, musiek, samesprake, toesprake, letterkundige voorlesings, humoristiese staaltjies, debatte, toneelstukkies, en die gewilde "joernaal" (waarin lede hul verlustig het in mekaar se skryftalent) vermaak.⁴²⁾ 'n Hele geslag jongmense het hul taalvaardigheid en welsprekendheid op so 'n natuurlike wyse ontwikkel.⁴³⁾

Die geesdrif waarmee die vereniging ondersteun is, die belangstelling van die lede en die hoë gehalte van die programme, het getoon dat daar wel in 'n behoefte voorsien word. Dit het ook as sodanig die lewensvatbaarheid van die debatsvereniging gedemonstreer.⁴⁴⁾ Adv. Jansen was verheug oor die belangstelling wat die Pietermaritzburgse Afrikaners in die debatsvereniging getoon het.⁴⁵⁾ Veral die dames het die vergaderings in groot getalle bygewoon. Bykans die helfte van die debatsvereniging se ledetal, wat tussen 35 en 45 lede gewissel het, het uit dames bestaan.⁴⁶⁾

Op dié wyse het die debatsvereniging nie net aan sy stigtingsdoel (om die taal te bevorder en Afrikaners saam te snoer)⁴⁷⁾ beantwoord nie, maar sy invloed ver buite Pietermaritzburg laat geld. Deur die vereniging het adv. Jansen verteenwoordiging op die Suid-Afrikaanse Akademie bekom. Die vereniging het ook 'n "kultuurjunta" in Pietermaritzburg byeengebring. Die groepie het nie net Natal se eerste kultuurfederasie van stapel gestuur nie, maar hulle het as gevolg van die onverwagte landswye belangstelling in hul taaleksamens Suid-Afrika geleer Afrikaans skryf.⁴⁸⁾

Adv. Jansen se rol in die vereniging word in die konteks van die kultuurpatrone wat die vereniging gevestig het, bespreek.

Hy was vir sewe en 'n halfjaar die voorsitter en spil waarom die vereniging gecraai het. Vir die eerste vier jaar het hy onafgebroke as voorsitter gedien.⁴⁹⁾ Hiernaas het hy ook sy volle gewig by die aktiwiteite van die vereniging ingegooi. Sy goeie stem en styl het hom 'n kranige debatteerder en voordragkunstenaar gemaak. Hy het ook as pianis en koorlid applous van sy mede-lede ontvang.⁵⁰⁾

Adv. Jansen se voorsitterskap van die vereniging word deur werk van 'n hoë gehalte gekenmerk. Hy was seker een van die beste voorsitters wat die vereniging gehad het. Die feit dat hy by meer as een geleentheid na die voorsitterstoel teruggeroep is om die vereniging reg te ruk, het ook die lede se vertroue in hom getoon. Die feit dat hy vir soveel jare met onvermoeide ywer die vereniging deur sy vestigingsfase gelei het, het grootliks tot die lewenskragtigheid en invloedrykheid van die vereniging bygedra. Hy het nie net as getroue leidsman opgetree nie, maar ook die beslag vir ordelike vergaderings, goeie jaarprogramme, 'n geskikte vergaderplek, en spontane maar tog opbouende samesyn gelê. Hy het entoesiasme gewek, maar ook berispe en vermaan as die lede laks geword het. Sy leierskapsrol tree uit die werksaamhede van die vereniging na vore.

Die vereniging se eerste vergadering op 14 Maart 1908 is deur 63 persone bygewoon. Die konsepreglement wat die bestuur vir bespreking voorgelê het, is aanvaar. Dit was in Hollands opgestel, die taal wat algemeen in gebruik was, hoewel die meeste lede ten gunste van Afrikaans was. Die naam van die vereniging is as die Debat en Letterkundige Vereniging vasgestel, en in die algemene omgang is daarna verwys as De Pietermaritzburg Debat en Letterkundige Vereniging. Die doel van die vereniging was die bevordering van "de Hollandse taal, door't lezen van de werken van Hollandse schrijvers, zowel Nederlandse als Vlaamse en Afrikaanse, aan te moedigen, voordrachten te houden, belangrijke kwesies te bespreken ... en de vriendschappelijke omgang van de alhier wonende Hollandssprekendes". Die reglement het onder meer bepaal dat die ledegeld 5s per jaar vir volwassenes en 2s 6d vir lede onder 20 jaar sou wees, daar moes minstens een vergadering per maand gehou word en die bestuur (mans)is op 'n algemene jaarvergadering gekies wat daarna dameslede moes koöpteer. Die vereniging het met 38 lede sy beslag gekry.⁵¹⁾

Een van die eerste probleme wat adv. Jansen as voorsitter moes help oplos, was om 'n geskikte vergaderplek met 'n goeie klavier vir die vereniging te kry.

Die debatsvereniging se eerste twee vergaderings is in die Natal Creamery se saal gehou.⁵²⁾ Die redelike groot saal was veral om twee redes nie as vergaderplek geskik nie. Enersyds het net 'n paar skerms die vergaderplek geskei van die lokaal waar die publiek bedien is.⁵³⁾ Andersyds was die koste vir die huur van die saal (10/- per aand) en die klavier (10/per aand) vir die pasgestigte vereniging te duur.⁵⁴⁾

Vanaf 16 Mei tot 29 Augustus 1908 het die vereniging in 'n kamertjie in Perks Teekamers in Langemarkstraat vergader.⁵⁵⁾

Vir die groter wordende ledetal van die vereniging was die vergaderplek heeltemal ondoeltreffend. Die kamertjie was te beknop en die klavier het "zulke een tranerige stem, dat het vrolikste stuk erop gespeeld, de hoorders in een melankolieke stemming bracht".⁵⁶⁾

Adv. Jansen het dié probleem in September 1908 tydelik beredder. Hy het met J.H. Crowden, die tesourier van die Steward Trust Committee wat in beheer van die Wesleyaanse kerksaal in Boshoffstraat was, onderhandelings gevoer om dié saal as vergaderplek te gebruik.⁵⁷⁾ Die komitee het goedkeuring verleen dat die vereniging in die kerksaal kon vergader. Hulle het slegs verwag dat adv. Jansen hulle die koste vir die elektrisiteitsverbruik sou betaal en 'n klein fooi aan die opsigter sou gee.⁵⁸⁾ Die vereniging het vanaf 19 September 1908⁵⁹⁾ in hierdie kerksaal byeengekom, totdat hulle in 1913 in die Ned. Geref. kerksaal (Gedenksaal) kon vergader.⁶⁰⁾ Tydens die vereniging se laaste vergadering in die Wesleyaanse kerksaal het adv. Jansen 'n mosie van dank voorgestel.

Hierin is die Steward Trust Committee vir die vyfjaarlange gebruik van die kerksaal hartlik bedank.⁶¹⁾

Hoewel die vereniging nou in 'n behoorlike saal gehuisves is, het die behoefte aan 'n eie saal steeds by lede van die vereniging bestaan.

In die gehuurde saal was dit ook onmoontlik om al die doelstellings van die vereniging na behore tot uitvoer te bring, soos byvoorbeeld om 'n biblioteek tot stand te bring. Nadat die Voortrekkerkerk (Geloftekerkie) teruggekoop is, het baie lede van die vereniging die idee voorgestaan dat dit as vergaderplek gebruik moes word. Die kerkie is egter op 16 Desember 1912 as Voortrekkermuseum deur die Unieregering in bewaring geneem, en die idee om 'n eie saal te bou het al meer veld gewen.⁶²⁾

Gedurende April 1913 het adv. Jansen die lede van die vereniging aangemoedig om die saalboukwessie met woord en daad te ondersteun.⁶³⁾ Die stukrag wat die vereniging in die verband gelewer het, was vir die saalboukwessie van deurslaggewende belang.⁶⁴⁾ Die aktiewe vereniging het nie net die behoefte aan 'n gemeenskapsaal op die spits gedryf nie, maar ook die helfte van die boukoste se rente gewaarborg.⁶⁵⁾ Op 'n gemeentevergadering van die Ned. Geref. Kerk (Voortrekkergemeente) is besluit om 'n saal te bou. Die boukommissie het uit ds. Pellissier (voorsitter), B.I. Vorster (sekretaris), adv. Jansen, mnre. B. Nel en J. Short bestaan.⁶⁶⁾ Dié gemeentelide was met die moontlike uitsondering van mnr. Short, almal aktief by die debatsvereniging betrokke. Onder die energieke leiding van mev. ds. De Beer,⁶⁷⁾ die voorsitster van die sustersvereniging, is deur middel van basaars groot somme geld ingesamel.⁶⁸⁾ Die Gedenksaal se hoeksteen is op 7 Augustus 1913 deur die oudste gemeentelid mnr. J.F. Keytel gelê.⁶⁹⁾ Ds. J.D. Kestell het die saal op 4 Oktober 1913 met 'n plegtige rede ingewy.⁷⁰⁾

Op 25 Oktober 1913 het die debatsvereniging die kerksaal wat as die Gedenksaal bekend gestaan het, tydens 'n sosiale geleentheid in gebruik geneem.⁷¹⁾ Voorsitter Jansen het by dié geleentheid ds. Pellissier, sy kerkraad en ander betrokkenes vir die fasiliteit bedank. Hy het veral op die taak en roeping van die vereniging klem gelê. Na die bereiking van die lang gekoesterde ideaal om in hul eie saal te vergader, het hy die vereniging aangemoedig om hul doelstellings voller uit te leef: "Vir die eerste is nodig dat 'n biblioteek aangeskaf worde, wat nie kon gedaan word voor daar 'n plek was waar die boeke bewaar kon worde; en om vriendskappelijke omgang aan te moedig is dit nodig om meer dan een maal in die maand te vergader en ook dat vergaderinge van verskillende aard gehou word. Ik vertrou dat dit nie meer lank sal duur of ons het 'n behoorlike bibliotheek en ook dat ons verskillende byeenkomste sal kan invoer om mense meer met mekaar bekend te maak. Maar laat ons bovenal degelik te werk gaan. Die lede van onse vereniging moet daar op gesteld wees om in alles wat hulle doen die beste te gee wat in hulle is. Ons kan trots wees op die verlede van die Vereniging maar ons moet nie tevrede wees daarmee. Daar moet vooruitgang wees."⁷²⁾

Die styl van adv. Jansen se voorsitterskap het 'n stimulerende uitwerking op die vereniging gehad. Afgesien van twee kritiese opmerkings van mnre. B. Vorster en G. Nel, het adv. Jansen se diensrekord in die vereniging die teendeel bewys. Mnr. Ben Vorster het gekla dat adv. Jansen nie vir hóm, Vorster, na behore vir sy rol in die vereniging erkenning gegee het nie.⁷³⁾ Mnr. Gert Nel het op sy beurt gekla dat hyself vir sekere bestuursposte in die Afrikaanssprekende organisasies oor die hoof gesien word.⁷⁴⁾ Hierteenoor moes adv. Jansen gedurende die eerste vier jaar van die vereniging se bestaan, as voorsitter, in alle opsigte die leiding neem. Dit het nie net hoë eise aan hom gestel nie, maar ook sy bekwaamhede op 'n spontane wyse ten toon gestel, ontwikkel en homself in 'n leiersposisie in sy gemeenskap gevestig.

Vir vier jaar het dié vrygesel die debatsvereniging sonder voorbehoud gedien. Tydens die vereniging se jaarvergadering op 17 Februarie 1912 het hy gesê dat hy hoop die "aanwezigen niet te veel van hem zouden verwachten door de omstandighede waaronder hij verkeerde."⁷⁵⁾ Hy was nie weer as voorsitter beskikbaar nie. Die rede hiervoor was natuurlik sy troue met mej. Mabel Pellissier en hulle gepaardgaande huis opsit.

Mabel Pellissier het in Januarie 1910 aan die Girls Collegiate School in Pietermaritzburg begin skoolhou.⁷⁶⁾ In Februarie 1910 het sy 'n vergadering van die debatsvereniging bygewoon en is dadelik op die bestuur verkies.⁷⁷⁾ Sy het gedurende 1910 en 1911 die Joernaal van die vereniging behartig.⁸⁸⁾ Sy het by verskeie geleenthede aan die programme deelgeneem: klaviersolo's gelewer,⁷⁹⁾ aan debatte deelgeneem,⁸⁰⁾ en 'n lesing oor 'n Vlaamse digter gelewer.⁸¹⁾

Die deftige huwelik van die twee lede van die debatsvereniging is met buitengewone belangstelling dopgehou. Dr. Vrolik, die redakteur van **De Afrikaner**, het die huwelik só aangekondig: "Nu in andere bladen de aandacht gevestigd is op deze gebeurtenis van gewicht in onze Afrikaner sameleving willen wij haar niet tot de dag zelf met stilzwijgen voorbijgaan. Reeds bij voorbaat dus onze beste wenssen voor het toekomstig geluk van onze populaire leider in Natal met zijn aanstaande lieve gade."⁸²⁾

Op Dinsdagoggend, 20 Februarie 1912, het die Afrikaanssprekende gemeenskap in Pietermaritzburg vir 'n wyle stilgestaan: "Zelden was ons eenvoudig Hollands kerkje met zulk een deftig publiek gevuld als op Dinsdag morgen. En geen wonder, want het was de huweliksdag van onze geachte Afrikaner, die zich reeds op zijn jeugdige leeftijd een voorname rang in de gelederen onzer Afrikaner natie heeft weten te verwerven, adv. Ernst George Jansen en jongeij. Mabel Pellissier ...

De populariteit van bruid en bruidegom bij alle klassen der sameleving had velen, ook Engelsen, geruime tijd voor het bepaalde uur doen toestromen naar het Godshuis ...⁸³⁾

Tydens die onthaal het Pietermaritzburgers mekaar byna vertrap om die stralende gelukkige egpaar geluk te wens: "De grote belangstellen, welke in dit voorname huwelik aan de dag gelegd werd, was een treffend bewijs van de achting, vriendschap en populariteit, die de heer en mevr. Jansen bij alle klassen onzer sameleving, van welke ras ook, genieten."⁸⁴⁾

Gedurende 1912 het adv. Jansen en prof. G. Besselaar, 'n taalkundige aan die Pietermaritzburgse Universiteitskollege en ewe aktiewe lid van vele kultuurliggame, bestuursposte geruil. Na 'n ononderbroke voorsitterskap van vier jaar, waarin adv. Jansen die vereniging suksesvol deur 'n vestigingsperiode gelei het, is hy as ondervoorsitter gekies.⁸⁵⁾

Op 22 Februarie 1913 is adv. Jansen in sy afwesigheid weer as voorsitter van die vereniging gekies.⁸⁶⁾ Hoewel hy op 19 April 1913 vir die eerste keer die jaar 'n vergadering kon lei,⁸⁷⁾ was die vereniging gedurende die jaar besonder aktief.

Gedurende Mei 1913 het adv. Jansen die inisiatief geneem om die vereniging te aktiveer om as gashere en gasvroue op te tree, vir die vierde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie wat vanaf 2-5 Julie 1913 in Pietermaritzburg sou plaasvind.⁸⁸⁾ Die gulle samesyn en program van hoogstaande gehalte tydens die jaarlikse sosiale aand gedurende Junie, het vir een van die suksesvolste byeenkomste in die vereniging se bestaan gesorg. Adv. Jansen het 'n spesiale woord van waardering tot die deelnemers van die program gerig.⁸⁹⁾ Hy het ook die saalboukwessie gedurende die jaar suksesvol help deurvoer.⁹⁰⁾ Die

vereniging het gulhartig aan die projek meegehelp. Adv. Jansen en ander lede het op die boukommissie gedien,⁹¹⁾ mev. Jansen en andere het 'n reuse basaar help reël⁹²⁾ en lede van die vereniging was met die hoeksteenlegging⁹³⁾ en inwydingseremonie behulpsaam.⁹⁴⁾

Dit wil voorkom asof adv. Jansen na die woelige jaar so 'n ruskansie geneem het. Hy en prof. G. Besselaar het weer eens bestuursposte geruil. Vir die 1914 ampstermyn is prof. G. Besselaar as voorsitter en adv. Jansen as ondervoorsitter verkies.⁹⁵⁾ In September het adv. Jansen as voorsitter waargeneem. Hy en Gert Nel, die sekretaris, het onder meer 'n brief van simpatie met die afsterwe van genl. Koos de la Rey aan mev. De la Rey gestuur.⁹⁶⁾

Aan die einde van daardie jaar het die debatsvereniging 'n kortstondige laagtepunt in sy geskiedenis bereik en dit het die vrees laat ontstaan dat die debatsvereniging onder sulke omstandighede tot niet sou gaan. Prof. Besselaar se vader is in Nederland oorlede en in die omstandighede is die bejaarde ds. F.Z. de Beer as waarnemende voorsitter van die vereniging gekies. Die Eerste Wêreldoorlog het ook 'n onrustigheid in die gemeenskapslewe veroorsaak. Hiernaas het die vele fondsinsamelingsfunksies wat ten behoeve van die oorlog gehou is, heelwat nuwe vermaaklikheidsgeleenthede geskep. Die debatsvereniging het vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n vergadering (7 November 1914) afgelas.⁹⁷⁾ In **De Bode** is die Afrikaners aangemoedig om die debatsverenigings, as opleidingsentrums, nie te laat kwyn nie - maar met alle moontlike steun in stand te hou.⁹⁸⁾

Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging het sy sewende jaarvergadering op 27 Februarie 1915 gehou. Hoewel die vereniging sedert 28 Maart 1914 vir 'n paar maande twee vergaderings per maand gehou het, en hulle aksies soos die biblioteek, koor, toneel, debat en

vaderlandse geskiedenis goed ondersteun is,⁹⁹⁾ het die lede traerig voorgekom.¹⁰⁰⁾

In dié omstandighede is adv. Jansen weer as voorsitter vir die 1915 ampstermyn verkies.¹⁰¹⁾ Hoewel die vereniging nege vergaderings gedurende die jaar gehou het wat deur gemiddeld 45 lede per vergadering bygewoon is,¹⁰²⁾ het adv. Jansen se politieke loopbaan sy plaaslike gemeenskapsbetrokkenheid aan bande gelê.¹⁰³⁾

Prof. G. Besselaar het in 1916 weer die voorsitterstoel van die vereniging ingeneem. Adv. Jansen is as addisionele lid op die bestuur verkies,¹⁰⁴⁾ maar hy het op 26 Augustus bedank.¹⁰⁵⁾

Daar was tekens dat die debatsvereniging sy lewenskragtigheid en aantrekkingskrag begin verloor het.¹⁰⁶⁾ Die jaarvergadering op 24 Februarie 1917 is deur slegs 30 lede en besoekers bygewoon terwyl 26 lede nog nie hul jaargeld betaal het nie.¹⁰⁷⁾ Adv. Jansen is weer as voorsitter vir 1917 gekies. Prof. Besselaar is as ondervoorsitter en mev. M. Jansen as sekretaresse gekies. Adv. Jansen is vir die eerste keer daadwerklik deur sy vrou bygestaan.¹⁰⁸⁾ Hulle sou in die loop van 1917 nie net hul debatsvereniging regruk nie, maar ook die Saamwerk-Unie van stapel stuur.¹⁰⁹⁾

Die debatsvereniging wat sedert sy ontstaan goed deur skoliere en studente ondersteun is, het blykbaar nie meer aan dié groep se verwagtings voldoen nie. Ds. G. Pellissier het op Saterdag, 3 Maart, 'n groep jongmense in die Gedenksaal byeengebring om uit te vind waarom die oorgrote meerderheid van hulle nie die debatsvereniging ondersteun nie. Die reaksie hierop was baie negatief en daar is "afkeurende antwoorde uit verskillende dele van die saal gefluister".¹¹⁰⁾ Drie sprekers

het afkeurend oor die debatsvereniging gepraat wat deur die aanwesiges met applous beaam is. Die gevolg was dat die jongklomp besluit het om 'n Christelike Jongeliedevereniging (CJV) te stig. Sewe en dertig persone het dadelik lede van die CJV geword.¹¹¹⁾

Die CJV het met groot geesdrif sy beslag gekry, terwyl lede van die debatsvereniging die verwickeling met 'n heimlike vrees dopgehou het.¹¹²⁾ Adv. Jansen het tydens 'n vergadering van die debatsvereniging die stigters van die CJV gelukgewens. Hy het die hoop uitgespreek dat die verenigings nie afbreuk aan mekaar se werksaamhede sou doen nie¹¹³⁾ en dat die twee verenigings sou saamwerk.¹¹⁴⁾

Hoewel die twee verenigings se programme uit dieselfde tipe items bestaan het, is adv. Jansen se besorgdheid oor die botsende belange van die twee verenigings nie bewaarheid nie. Inteendeel, daar het 'n gesonde gees van wedywering ontwikkel wat beide verenigings gestimuleer het soos uit die bywoningsyfer van albei verenigings blyk. Tussen 50-70 persone het die CJV ondersteun en tot 53 persone het die debatsvereniging se vergaderings bygewoon.¹¹⁵⁾ Baie gemeentelêde soos adv. en mev. Jansen was lede van beide verenigings, waardeur ervaring en entoesiasme wedersyds oorgedra is. Adv. Jansen het tydens die vierde vergadering van die CJV as teenstander van die debatsonderwerp opgetree. Hy het ook die lede van die CJV na die debatsvereniging uitgenooi.¹¹⁶⁾ Op hul vyfde vergadering het mev. M. Jansen 'n klaviersolo gelewer en adv. Jansen het aan die besprekings deelgeneem. Die verenigings het mekaar ook ondersteun soos met die inrigting van 'n Hollandse leeskamer in die gedenksaal en die ontvangs van die afgevaardigdes van die Saamwerk-!Njie se stigtingskongres.¹¹⁷⁾

Die twee verenigings het op die wyse meer Afrikaanssprekendes betrek en so die kwaliteit van die kultuurlewe in Pietermaritzburg verbeter.

Dit is opvallend dat die vertwyfeling wat oor die lewenskragtigheid van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging bestaan het, gou afgeskud is. Adv. Jansen-hulle het gedurende 1917 met 'n groot verskeidenheid deelnemers, programme van hoogstaande gehalte en 'n groot verskeidenheid aktiwiteite, gou weer die lede se entoesiasme gewen.¹¹⁸⁾ Adv. Jansen was op 17 Maart 1917 verheug oor die groot groep besoekers wat teenwoordig was en die hoop uitgespreek dat die opkoms al groter sou wees.¹¹⁹⁾ Die bywoningsyfer van ongeveer 50 persone per vergadering, wat gedurende 1917 gerealiseer het, was bemoedigend.¹²⁰⁾ Dit blyk dat die beplanning van die kongres van debatsverenigings ook die vereniging se prestigewaarde verhoog het.¹²¹⁾ Tydens die jaarlikse sosiale aand of jaarlikse fees is die aanwesiges op 'n musikale program, verversings en speletjies, tot halfelf die aand besig gehou. Speletjies soos "Jaap wil nie lag nie" en "Adam en Eva", het groot byval gevind. Vir bykans twee uur lank het dit in die saal gedreun en gegons van al die opgewonde gelag en vrolikheid.¹²²⁾

Ander aktiwiteite wat die lede se moraal verhoog het, is onder meer deur die vereniging se toneelafdeling geloods. Gedurende Junie het hulle 'n toneelstuk van Langenhoven "Die wêreld die draai", opgevoer. Die aand was 'n reuse sukses. Die Gedenksaal was gepak met toeskouers wat die stuk baie gunstig ontvang het. Die aand het 'n "groot" wins van £10-8-0 opgelewer en tesame met die gunstige kritiek, het dit die vereniging "moed vir die toekoms" gegee.¹²³⁾ Die vereniging het selfs 'n Hollandse leeskamer met die hulp van die CJV in die Gedenksaal bedryf.¹²⁴⁾

Na die suksesvolle 1917-termyn is adv. Jansen tydens die 1918-jaarvergadering as ondervoorsitter en mnr. P.C. Schonees as voorsitter verkies.¹²⁵⁾ Die twee het egter op 18 Mei hul poste tydens 'n nuwe bestuursverkiesing omgeruil. Adv. Jansen is as nuwe voorsitter gekies. Dit is asof die lede nie hul jarelange voorsitter in die gehoor

wou sien nie. Adv. Jansen het die aand ook as debatsteenstander opgetree. Prof. Besselaar het die debat "Is dit so dat die Afrikaners se opvatting van die lewe in sy kern Engels is?" op 'n grappige wyse ingelui. Adv. Jansen het op 'n oortuigende wyse die teendeel aangetoon en met 22 teen 8 stemme gewen.¹²⁶⁾

Twee maande later het die lede nie só oortuigend hul steun in die debat "Is dit wenselik dat meisies en jongetjies saam skool gaan", getoon nie. Daar was 'n staking van stemme en adv. Jansen het vir die eerste keer sy beslissende stem as voorsitter uitgeoefen en vir die inleier gestem.¹²⁷⁾

Die res van die jaar is deur die Spaanse Gripepidemie oorheers. Adv. Jansen was self gedurende September in die bed¹²⁸⁾ en die vereniging se Novembervergadering is afgestel.¹²⁹⁾

Ten tye van die 1918-Dingaansfees wat deur die debatsvereniging, die CJV en die Kerkraad gereël is, het adv. Jansen die aanwesiges aangemoedig om hul tradisies en ideale hoog te hou. Hy het sy toespraak met die volgende woorde afgesluit. "God gewe dat uw lije en sterwe nie tevergeefs was, maar, dat uw Vrijheids ideaal verwesenlik word."¹³⁰⁾

Hierdie woorde was vir die vereniging sowel as vir adv. Jansen betekenisvol. Gedurende 1918 het drie van die vereniging se stigterslede hul bande met die vereniging gebreek of minder aktief geraak. Gedurende Maart het die Ned. Geref. Gemeente met 'n skok verneem dat hul geliefde leraar, ds. G. Pellissier, 'n beroep na Dundee aangeneem het.¹³¹⁾ Mnr. John Hershensohn het in dieselfde maand Provinsiale Sekretaris geword.¹³²⁾ Selfs adv. Jansen sou gedurende 1918 sy laaste voorsitterskap in die vereniging uitdien. Sy politieke loopbaan het vanaf 1919 sy betrokkenheid by die debatsvereniging kortgeknip.¹³³⁾

Die vereniging se werksaamhede het 'n wye verskeidenheid aspekte ingesluit en volgens adv. Jansen van 'n hoë gehalte en in ooreenstemming met hul doelstellings.¹³⁴⁾ Dit word ook in die kommentare in **De Afrikaner** en die hartlike samewerking van die lede weerspieël.¹³⁵⁾

Daar het vanaf die staanspoor 'n groepie uithaler deelnemers in die vereniging se geledere ontpop. Hulle het baie vergaderings se sukses beklink.¹³⁶⁾ Uit die groepie amateurs het mejj. S. van Rooyen, E. Wolhuter, M. Pellissier, ds. Pellissier, prof. Besselaar, mnre. J. Hershensohn, B. Vorster, G. Aveling, W. Pellissier, K. Snyman, A. Wolhuter (jr. en sr.) en adv. Jansen se name gereeld in programme gefigureer.¹³⁷⁾

Adv. Jansen het die lede aangemoedig om aan die programme deel te neem. "Het is te wens dat meer van die leden zich er op zullen toeleggen om een of ander deel te nemen in de verrichtingen daar de vereniging dan eerst zyn ware roeping vervult wanneer de leden geleerd worden deel te nemen en vrymoedigheid te komen in het openbaar spreken of voordragen."¹³⁸⁾

Adv. Jansen het geen geringe aandeel in die verskeidenheid en die gehalte van die vereniging se programme gehad nie.

Vanaf die eerste vergadering op 14 Maart 1908 het die bestuur die program so aantreklik as moontlik gemaak. Die "bovenzaal" van die Natal Creamery is bekom om ál die Pietermaritzburgse Afrikaners te ontvang.¹³⁹⁾ Adv. Jansen kon die aand die aanwesiges met genoeg verwelkom. Hulle is op 'n "welluidende en innemende" sangstuk van mej. Ethel Wolhuter, 'n boeiende voordrag oor Afrikaans deur ds. Pellissier, 'n klaviersolo deur mej. Jansen en 'n lewendige debat oor

"Wie heeft groter invloed op het karakter van het kind, de vader of de moeder?", getraakteer. Adv. Jansen en mnr. Hershensohnn het as inleiers vir die debat opgetree.¹⁴⁰⁾

Die Natal Creamery het die aanwesiges met ligte verversings en tee getraakteer en daardeur die sosiale deel van die samesyn soveel geselliger gemaak.¹⁴¹⁾

Afgesien van die aanloklike verskeidenheid nommers op elke program, was die jaarlikse sosiale aande groot aantrekkingskragte. Dit was hoog op die Afrikaanssprekende gemeenskap se vermaaklikheidslys. Gedurende sulke geleenthede was die saal gewoonlik opgetooi en stampvol opgeruimde mense.¹⁴²⁾

In die tweede plek het 'n belangrike deel van die vereniging se werksaamhede gewoonlik om die debat gewentel.¹⁴³⁾ Adv. Jansen was 'n kranige debatteerder. Hy het in Maart 1908 die vereniging se eerste debat ingelui. Hoewel sy standpunt die onderspit moes delf, het hy die debatsprosedure in die vereniging help vestig.¹⁴⁴⁾

Adv. Jansen het die leiding in die volgende debatte geneem, in Mei 1908 was hy die inleier van dié debatsonderwerp "Wat is nuttiger, lezen of reizen." By die geleentheid het adv. Jansen, wat ten gunste van lees gepraat het, met 16 teen 5 stemme gewen.¹⁴⁵⁾ Gedurende Maart 1912 was hy die teenstander in die debat: "Is het wesenlik een belasting op ongehuwden mannen te leggen?"¹⁴⁶⁾ Nadat die vereniging in die Gedenksaal begin vergader het,¹⁴⁷⁾ het hy dié interessante debat ingelui en gewen. "Is het wenslik dat de vereniging meer dan een vergadering in de maand houde?"¹⁴⁸⁾ Adv. Jansen het in die debat "Wiens werk is het belangrijkste voor't volk, dat van: a) Predikant b) Onderwyser c)

Geneesheer," die laaste beroep verdedig en met een stem gewen.¹⁴⁹⁾ As gedugte debatsteenstander het adv. Jansen ook die debat "Is dit so dat die Afrikaners se opvatting van die lewe in sij kern Engels is?", oortuigend in sy guns beklink.¹⁵⁰⁾

Volgens adv. Jansen het die bogenoemde "akademiese" tipe debatsonderwerpe in daardie dae groot byval by lede gevind.¹⁵¹⁾ Die lewendige deelname aan die debatte het dié standpunt bevestig. Dit getuig ook van die suksesvolle implementering van die kultuurpatroon, naamlik, dat lede met vrymoedigheid hulle taalvaardigheid en selfvertroue kon ontwikkel het.

'n Derde aspek van die vereniging se werksaamhede was lesings en voordragte wat die lede gereeld voor die vereniging gelewer het. Hoewel ouer lede soos mnre. G. Aveling en J. Hershensohnn uit hul ervaring en herinnering kon put,¹⁶²⁾ het die meeste "referente" 'n "studie" oor een of ander onderwerp gemaak. Dié "lesings" het oor godsdienstige, historiese, taalkundige, letterkundige en algemene onderwerpe gehandel.¹⁵³⁾

Adv. Jansen se goedvoorbereide en gewaardeerde voordragte het meestal oor historiese onderwerpe gehandel. Dit was veral die Natalse Voortrekkergeskiedenis wat hom geïnteresseer het. Sy lesings oor "Natal voor de dagen van de Voortrekkers",¹⁵⁴⁾ "De Voortrekkers in Natal",¹⁵⁵⁾ en die gebeure rondom Bloukrans¹⁵⁶⁾ het nie alleen sy vereniging se lede se historiese perspektief oor Natal verbreed nie, maar homself tot groter kultuur-historiese hoogtes aangespoor. Dié kontak wat hy met aspekte van die Natalse geskiedenis gemaak het, het vir hom op kultuur-historiese terrein nuwe arbeidsvelde geskep.¹⁵⁷⁾

Adv. Jansen het ook in 'n voordrag die bevordering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bepleit. Tydens die inwyding van die Gedenksaal is dit plegtig aan God en ter ere van die voorvaders gewy. Aangesien die vereniging die eer van die voorvaders wou hoog hou moes hulle, volgens adv. Jansen, 'n goeie studie van die geskiedenis maak.¹⁵⁸⁾

Adv. Jansen se lesings oor pres. Reitz,¹⁵⁹⁾ die Franse Hugenote,¹⁶⁰⁾ die oorsake van die Groot Trek,¹⁶¹⁾ en die Hollandse digter Jacob Cats,¹⁶²⁾ het ewe-eens die onverdeelde aandag van sy toehoorders geniet.

'n Vierde aspek van die vereniging se werksaamhede waaraan adv. Jansen deelgeneem het, was die letterkunde en die digkuns. Hy het letterkundige voordragte gelewer, smaakvol uit verskeie digbundels voorgedra en uit verskeie skrywers se werke voorgelees.

In September 1908 het hy 'n kort lewenskets van die digter De Génestet gelewer en daarna een van die digter se gedigte "Het haantjie van de toren", voorgedra. "De heer Jansen had het wat lange gedicht wegens die korte tijd niet helemaal in't geheugen geprent, doch zijn wijze van voordracht was uitstekend."¹⁶³⁾

Ander gedigte wat hy op die wyse voorgedra het, was "Eenzaamheid", "Afrikanertroos"¹⁶⁴⁾ en "Die laaste trek"¹⁶⁵⁾ van Jan F. Cilliers, "Die lied van die ossewa" deur Totius,¹⁶⁶⁾ en die komiese gedig "Pierlala" wat die aanwesiges laat skaterlag het.¹⁶⁷⁾ Adv. Jansen en die jeugdige Jan Adendorff het by geleentheid 'n gedig "De Prokureur z'n Hond", saam voorgedra. "Dit word uitstekend voorgedragen en onder applaus gingen beide zitten."¹⁶⁸⁾ Adv. Jansen het ook die lede aangemoedig om digbundels te koop.¹⁶⁹⁾

Sy ewe gewilde boekvoorlesings het insgelyks uit die keur van die letterkunde geput. Dit het ook ten doel gehad om die lede se leeslus aan te wakker.

Stukke wat hy voorgelees het was onder meer uit "Eenvoudige mense" deur J. Lub,¹⁷⁰⁾ "Afrikaner wees uzelf" deur Van Wyk,¹⁷¹⁾ en 'n humoristiese stuk uit die boek "De Dochter van de Handsupper", wat die lede uitbundig laat lag het.¹⁷²⁾ Adv. Jansen het ook soms gedeeltes uit die vereniging se Joernaal voorgelees.¹⁷³⁾

Hy het lede ook aangemoedig om boeke te koop.¹⁷⁴⁾ Nadat hy 'n gedeelte uit "Ons weg deur die wêreld" van Langenhoven gelees het, het hy gesê dat dit vir hom "zeer aangenaam zou wezen indien alle leden die boek had en hij wou vertrouwen dat na het ene stukje gehoord te hebben zij allen begerig zullen zijn zo 'n boek in hun bezit te hebben".¹⁷⁵⁾

'n Vyfde gewilde aspek van die vereniging se werksaamhede was musiek en sangstukke wat lede gelewer het. Dit was vir die lede van die aangenaamste nommers op elke program.¹⁷⁶⁾

Adv. Jansen se klaviersolo's is luid toegejuig.¹⁷⁷⁾ Die sangster van die vereniging, mej. Ethel Wolhuter, was 'n ewe gewilde deelnemer aan programme. Haar sangsolo's is by twee geleenthede deur koortjies ondersteun. Die vereniging se eerste vergadering in die Wesleyaarse saal is met 'n uithaler program gevier. Mej. Ethel Wolhuter het die aand "een keurig mooi gezongen lied 'Sus mij in slaap'", gesing. 'n Driemankoortjie bestaande uit adv. Jansen, mej. Lettie Boshoff en mnr. Wolhuter het saam met haar opgetree.¹⁷⁸⁾ Hierdie soort item is later weer herhaal. 'n Kwartet bestaande uit adv. Jansen, mev. Van der Westhuizen, prof. en mev. Besselaar, het die refrein vir 'n sangsolo van mej. Wolhuter gesing.¹⁷⁹⁾

Daar was ook aspekte van die aktiewe vereniging se werksaamhede waarby adv. Jansen op 'n indirekte wyse (as voorsitter, komiteelid, helper) betrokke was. Dié werksaamhede het om die toneelafdeling,¹⁸⁰⁾ die afdeling vir vaderlandse geskiedenis,¹⁸¹⁾ die biblioteek en leeskamer,¹⁸²⁾ die koor,¹⁸³⁾ die speletjiesaand¹⁸⁴⁾ en die inter-debatskompetisie,¹⁸⁵⁾ gewentel.

Dit is opvallend dat die vereniging se selfbeeld aanvanklik om onmiddellike sake soos die bywoningsyfer, gehalte van programme, aantrekkingskrag en getroue ondersteuning van die aktiwiteite gewentel het. Tydens hul vergadering van 18 Junie 1909 het die lede teruggekyk oor hul werksaamhede. Mnr. Hershensohn het klem op die funksionering van die vereniging gelê.¹⁸⁶⁾ Ds. Pellissier het die vereniging se selfbeeld probeer verruim deur die waarde van die vereniging vir die lede aan te toon.¹⁸⁷⁾ Adv. Jansen het in sy repliek die klem op die getroue ondersteuning van die aktiwiteite gelê.¹⁸⁸⁾

De Afrikaner het dié eerste pogings, om die lede bewus te maak van die waarde van die debatsverenigings, 'n stappie verder gevoer. In 'n les in bestuursopleiding is gepoog om die lede tot verbeterde werkverrigting aan te spoor.¹⁸⁹⁾

De Bode het vanaf 1 Junie 1914 'n reeks artikels oor die verskillende bestuursposte gepubliseer¹⁹⁰⁾ en die debatsverenigings in 1915 as opvoedkundige sentrums beskryf wat om dié rede aan die lewe gehou moes word.¹⁹¹⁾ Gedurende 1916 het ene Hansie die noodsaaklikheid van debatsverenigings uiteengesit, in 'n poging om weer 'n unie van debatsverenigings van stapel te stuur.¹⁹²⁾ **De Afrikaner** het ook die opvoedkundige doel en waarde van die debatsverenigings beklemtoon.¹⁹³⁾

Prof. G. Besselaar was as akademikus die eerste persoon wat by meer as een geleentheid op 'n deurtastende wyse die opvoedkundige betekenis van debatsverenigings uiteengesit het. Hy het die Natallers se beeld oor dié honderdjaaroue instellings verruim deur dit in hul internasionale verband te stel.¹⁹⁴⁾ Slegs een direkte verwysing na die destydse literatuur oor die werksaamhede van die debatsverenigings is gevind.¹⁹⁵⁾ Die breë doelstellings, werksaamhede en onderwerpe kom nog met die handleiding vir Debats- en Jongeliedeverenigings¹⁹⁶⁾ en die werke van S.J. van der Spuy en H. Redelinghuys ooreen.¹⁹⁷⁾

Volgens adv. Jansen was hulle in dié vroeë stadium nie bewus van die goeie werk wat hulle op kultuurgebied verrig het nie.¹⁹⁸⁾ Die debatsverenigings se spontane kultuurbeoefening was op eietydse behoeftes ingestel. Die verenigings het gaandeweg 'n leefwyse geword en retrospektief gesproke kultuurpatrone gevestig waaruit die Natalse Afrikaner se kulturbewussyn gedy het.

4.3 **Adv. Jansen se rol in die Suid-Afrikaanse Akademie, die Waaksaamheidskommissies en die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende in Natal**

4.3.1 **Inleiding**

Adv. Jansen se verbintenis met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het direk uit sy voorsitterskap van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging gespruit. Die ontstaan van die Natalse Waaksaamheidskommissies, as onderdeel van die Akademie se werksaamhede, is een positiewe gevolg wat uit adv. Jansen se verbintenis met die Akademie gespruit het. Die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende het in dié spore gevolg en dit het les bes die weg voorberei vir die Saamwerk-Unie se stigting.

Adv. Jansen se betrokkenheid by hierdie organisasies het in wese om taalhandhawing en taalbevordering gewentel. Hierdie verbintnisse het adv. Jansen by verskeie aspekte van die Natalse Afrikaner se taalstryd betrokke gemaak, byvoorbeeld, die bevordering van Afrikaans as spreek- en skryftaal,¹⁹⁹⁾ die stryd om erkenning van Afrikaans deur die Natalse Provinsiale Owerheid,²⁰⁰⁾ die erkenning van moedertaalonderrig in Natalse skole,²⁰¹⁾ die rewolusionêre poging om naskoolse Afrikaanse taaleksamens af te neem,²⁰²⁾ en die idealistiese poging om deur middel van die Saamwerk-Unie die taalsaak en die gepaardgaande aktiewe meelewing in kulturele aktiwiteite op 'n oortuigende wyse, in elke Afrikaanse gemeenskap in Natal in te dra.²⁰³⁾

Dié stryd om die erkenning van Afrikaans in Natal het adv. Jansen sedert 1906 gevoer, toe hy betrokke geraak het by verskeie aksies om die Afrikaanse taal te vestig ten einde dit 'n gelykwaardige naasbestaan teenoor Engels te verseker.²⁰⁴⁾

Sy rol in die Natalse Boerevereniging ten behoeve van Hollands²⁰⁵⁾ en sy aandeel ter bevordering van Afrikaans as spreek- en skryftaal²⁰⁶⁾ was teen Uniewording alreeds duidelik en het daarna 'n konsekwente patroon gehandhaaf. Sy houding oor die moeilike toepassing van Artikel 137 van die Uniegrondwet (wat tweetaligheid verskans het) het van dure ondervinding in Natal getuig.²⁰⁷⁾ Hoewel adv. Jansen sporadies by die kruistog ter bevordering en erkenning van sy taal betrokke was, was dit 'n integrale deel van die egpaar se lewenstaak. Tydgenote het in 1959 die Jansens se aandeel in die vestiging van Afrikaans in Natal as verreikend bestempel: "Dit bly Hulle Eksellensies se grootste verdienste dat hulle in daardie (begin) jare ingesien het dat die Afrikanervolk hom slegs deur sy TAAL weer uit sy vernedering kan verhef, want alleen deur sy eie taal kan hy skeppend homself herskep tot 'n volwaardige kultuurvolk."²⁰⁸⁾

4.3.2 Adv. Jansen se Natalse verbintenis met die Suid-Afrikaanse Akademie

Die Afrikaner se taalbeweging voor die Tweede Vryheidsoorlog het 'n Kaapse oorsprong gehad. J.H.H. de Waal het vanaf 1903 weer eens uit die suide van die land die voortou ten gunste van Afrikaans geneem.²⁰⁹⁾ Dit was egter Transvaalse ondersteuners van Afrikaans wat die eerste groep geword het wat hulle na die oorlog in 'n organisasie saamgesnoer het. Hulle het op 13 Desember 1905 die Afrikaanse Taalgenootskap gestig. J.S.M. Rabie het gedurende die tyd die verheffing van Afrikaans tot skryftaal vurig in Natal ondersteun. Hy is deur dié groep genooi om by hulle aan te sluit en lid van die bestuur van die Taalgenootskap te word.²¹⁰⁾ Hoewel mnr. Rabie nie direk by die Taalgenootskap betrokke was nie,²¹¹⁾ het hy tog kontak met die aktiewe organisasie gehad.²¹²⁾

Na die vertrek van mnr. Rabie in Augustus 1906²¹³⁾ was die Natallers weliswaar nie meer so aktief by die openbare debat oor die taalkeuse vir die Afrikaner betrokke nie. Ten aansien van die botsende taalopvattinge tussen Hollandse en Afrikaanse taalverenigings in die Afrikanergeleedere is 'n amalgamasiepoging van stapel gestuur. Onder die vaandel van die Vrystaatse taalvereniging, Onze Taal, het die Kaaplandse Taalbond en Afrikaanse Taalvereniging en die Transvaalse Afrikaanse Taalgenootskap en leidende Afrikaner politici, kragte saamgesnoer en 'n nasionale Hollandse Taalkongres gereël. Alle taalliggame en belangstellende persone is deur Onze Taal uitgenooi om op 1 en 2 Julie 1909 in Bloemfontein te vergader,²¹⁴⁾ ten einde 'n Suid-Afrikaanse Akademie vir taal en letterkunde te stig.²¹⁵⁾

Die uitnodiging van die Vrystaatse taalvereniging, Onze Taal, is deur deeglike voorbereiding voorafgegaan. Tydens 'n taalkonferensie op

5 Januarie 1909 te Kaapstad wat deur die mees vooraanstaande voorstanders van Afrikaans en Hollands bygewoon is, is 'n Breë Kommissie van 21 persone saamgestel. Die Breë Kommissie het uit 14 Kapenaars, 4 Vrystaters en 3 Transvalers bestaan. Hulle opdrag was om 'n konstitusie vir 'n nasionale taalligaam op te stel wat Afrikaans en Hollands moes bevorder. Hulle moes ook die nodige stappe neem om so 'n organisasie te stig. Die Breë Kommissie het uit eie geledere 'n Voorlopige Komitee van 12 lede benoem. Dit het uit 4 Kapenaars, 4 Vrystaters, 3 Transvalers en 1 Nataller (prof. G. Besselaar) bestaan. Hulle moes die Breë Kommissie se besluite uitvoer en as afvaardiging van die groep op die Bloemfonteinse taalkongres van 1 en 2 Julie dien. Hulle opdrag was om die konsep konstitusie wat die Breë Kommissie opgestel het weer eens na te gaan en te sorg dat die Akademie tydens die Bloemfonteinse taalkongres gestig word.

Die Voorlopige Komitee het op 30 Junie in Bloemfontein byeengekom. Hoewel hulle onderling oor hul verhouding van die ander kongresgangers verskil het, het hulle soos volg oor hul opdrag besluit: dat die opdrag om 'n Akademie te stig by hulle twaalf en nie by die Kongres berus het nie; dat die te stigte Akademie uit 'n beperkte aantal lede (byvoorbeeld 50) moes bestaan; dat die Akademie met 30 stigterslede moes begin; dat hulle die konsepkonstitusie van die te stigte Akademie sou nagaan (hoewel dit sedert 15 Mei na taalverenigings versprei is);²¹⁶⁾ dat hulle dienooreenkomstig hulle besluite aan die Kongres sou oordra; dat hulle deur die besprekingspunte op die kongres voorligting sou verkry aangaande die beste wyse waarop die verhouding tussen die Akademie en die publiek kon geskied.²¹⁷⁾

Dit was juis die goed voorbereide voorlegging en standpunte van die Voorlopige Komitee wat tydens die Bloemfonteinse taalkongres van 1 en 2 Julie 'n harde woordstryd uitgelok het.²¹⁸⁾ Sommige kongresgangers was glad nie gelukkig oor die te stigte Akademie van

gesaghebbende uitverkorenes wat met konsepkonstitusie en al eintlik as voldonge feit voor hulle gedien het en waarvoor slegs hulle kommentaar of toestemming gevra is. Vir alternatiewe voorstelle soos die stigting van 'n "unie" of "genootskap" van al die betrokke verenigings of wysiging van die konsepkonstitusie was daar nie geleentheid gebied nie.²¹⁹⁾

Adv. Jansen het die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging by dié kongres verteenwoordig.²²⁰⁾ Hy was een van die beswaarmakers teen die Voorlopige Komitee se voorlegging. Adv. Jansen het verklaar dat hy respek gehad het vir die lede van die Voorlopige Komitee se standpunt, maar dat hy van mening was dat hulle voorlegging nie 'n goeie basis gelê het om taalbelange op te bou nie. Hy was van mening dat die te stigte Akademie nouer met die volk verbonde moes wees. Indien so 'n liggaam onafhanklik van die volk sou optree, kon daar gesê word dat dit 'n vereniging van geleerdes is. Die kongres moes 'n vereniging deur die volk vir die volk in die lewe roep waaruit later 'n Akademie kon voortspruit. Hy het die feit benadruk dat die afgevaardigdes van die verskillende taalverenigings byeengekom het om 'n saad te plant, terwyl sommiges blykbaar alreeds die vrugte wou pluk: "Zij moesten van onderen af opbouwen en vandaag de grondslag leggen om het volk van een literatuur te voorzien."²²¹⁾

Na anderhalfdag se bespreking is die Voorlopige Komitee se voorlegging met 27 teen 13 stemme aanvaar. Afrikaners het op basis van Europese Akademies, soos die Koninklijke Vlaamsche Academie, 'n liggaam in die lewe geroep waarvan die lidmaatskap 'n onderskeiding sou wees.²²²⁾

Die Voorlopige Komitee van 12 lede het opdrag gekry om na afloop van die kongres op 2 Julie hulle geledere tot 30 lede aan te vul, uit 'n groslys van 50 name wat deur die kongres opgestel is. Die 30 lede sou as die stigterslede van die Akademie beskou word. Tydens dié sitting

van die Voorlopige Komitee van 12 lede het daar egter een verandering plaasgevind. Ds. J.D. Kestell, wat afwesig was, is deur adv. Jansen vervang. Hierdeur het Natal, naas prof. Besselaar, nog 'n verteenwoordiger gekry.²²³⁾

Die keuse van die 30 stigterslede van die Akademie is met 'n voorafbepaalde getalsverhouding gedoen. Die kompromiegees van die Nasionale Konvensie en die versoenende invloed wat dit op die stigting van die Akademie uitgeoefen het, het swaar by die Voorlopige Komitee geweeg. Die 30 stigterslede is in dieselfde getalsverhouding gekies as wat die verteenwoordigers van die verskillende provinsies in die voorgestelde Wetgewende Vergadering van die Unie sou dien. Met dié gedagte as uitgangspunt is die 30 stigterslede soos volg uit die verskillende provinsies saamgestel: 12 lede vir die Kaap, 9 lede vir Transvaal, 7 lede vir die Vrystaat en 2 Natallers. Hulle was adv. Jansen en ds. H.F. Schoon.²²⁴⁾

Sommige kongresgangers het teleurgesteld huis toe gegaan, en tog was dit met verloop van tyd duidelik dat die kongres reg besluit het.²²⁵⁾ Die Akademie het in 'n versoenende kragbron op die Afrikaner se kultuurakker ontwikkel.²²⁶⁾

Ten einde hierdie rol in die volkslewe te kon speel het die Akademie vanuit die staanspoor gepoog om 'n indruk van deeglikheid en wetenskaplikheid op die volk te maak.²²⁷⁾ Hiervoor is die doelfstellings van die Akademie deur 'n wye verskeidenheid aktiwiteite en middele in die volkslewe ingedra. Die doelstellings, te wete die handhawing en bevordering van die Hollandse taal (bedoelende beide taalvorme) en letterkunde, die Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Oudheidkunde en die Suid-Afrikaanse Kuns, is deur vyf vakkommissies behartig. Dit is die Eksamen-, Taal- en Letterkunde-, Reklame-, Affiliasie- en Waaksaamheidskommissie.²²⁸⁾

Hoewel adv. Jansen se verbintenis met die Akademie tot 1959 gestrek het,²²⁹⁾ word hier slegs op sy Natalse verbintenis in die vestigingsfase van die liggaam gelet.

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die Natallers byna geen rol in die stigting van die Akademie gespeel het nie. Afgesien van hul skrale verteenwoordiging op die Akademie het die eiesoortige omstandighede van hul taalstryd ook 'n eiesoortige optrede geverg.²³⁰⁾ Dit is opvallend dat die leidende Natalse taalhandhawers die "geleerde" invloed van die Akademie so ver as moontlik benut het (byvoorbeeld deur affiliasie en deur die Waaksaamheidskommissie), maar dat hulle taalstryd 'n praktiese gefundeerdheid bly behou het. Die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende en die Saamwerk-Unie met sy Afrikaanse taaleksamens is sprekende voorbeelde van dié praktiese ingesteldheid.²³¹⁾

Adv. Jansen was een van die leidende Natalse taalhandhawers. Op taalgebied was hy 'n sprekende voorbeeld van wat die Natalse Afrikaners met inisiatief en onafhanklike denke kon vermag. Selfs hý sou later nie tog die onderliggende stukrag van die Akademie in die Natalse taalstryd kon ontken nie. As Staatshoof het hy die Akademie met sy vyftigste bestaansjaar gelukkig en veral die liggaam se rol in die erkenning, behoud en ontwikkeling van die taal beklemtoon.²³²⁾ Die eerbetoon was gewis ook op Natal van toepassing.

Uit Potchefstroom se wêreld het ene "Oustam die volgende oor Natal en die Bloemfonteinse Taalkongres te sê gehad:

"Leeraar Schoon, Janse advokaat,
Taalvegters voor geheel Natal,
Denk aan Retief-Dingaans verraad,
Verhef jul stem uit berg en dal."²³³⁾

Terwyl Oustam die bekwaamhede van adv. Jansen en ds. Schoon in die gediggie geloof het, was **De Afrikaner** beswaard oor die min Natalse afgevaardigdes op die Taalkongres ten tye van die Akademie se stigting.²³⁴⁾ Adv. Jansen moes ook bekommerde vrae oor Natal se skrale verteenwoordiging op die liggaam beantwoord. Hy het die feit beaam maar verduidelik dat daar nog 20 Akademielede verkies moes word en dat daar hopelik onder die groep meer Natallers sou wees. Adv. Jansen is versoek om te poog om meer Natallers op die Akademie verkies te kry.²³⁵⁾ Hoewel adv. Jansen ook van mening was dat die keuse van Akademielede in Natal beperk was,²³⁶⁾ het hy proff. A. Francken en G. Knothe versoek om ontevrede Natallers tegemoet te kom sodat meer van hulle op die Akademie verkies kon word.²³⁷⁾

Die Akademie was bedag daarop om vanuit die staanspoor 'n goeie indruk op die volk te maak. Sake rakende die eerste Akademie Raadvergadering is deeglik beplan. Dit het egter nie net om die wetenskaplikheid van die aktiwiteite gewentel nie. Adv. Jansen is selfs versoek om in 'n swart manelpak en hoë hoed vir Akademievergaderings gekleed te wees.²³⁸⁾ Dit was waarskynlik om die openbare beeld van dié uitgelese groep te bevorder.

Adv. Jansen het Natal op die eerste Akademieraadsvergadering, wat in die provinsiale raadsaal in Bloemfontein gehou is, verteenwoordig.²³⁹⁾ Tydens die vergadering is hy as lid van die Akademieraad vir die tydperk 1910-1913, die Waaksaamheidskommissie²⁴⁰⁾ en 'n Statutekommissie gekies.²⁴¹⁾ Die Waaksaamheidskommissie moes die taal en letterkunde op alle lewensterreine beskerm en bevorder.²⁴²⁾ Adv. F.S. Malan het tydens die stigting van hierdie kommissie die belangrikheid van die subkomitees van die Akademie, as draers van die instelling se ideale, beklemtoon. In dié opsig het hy veral Natal met sy skrale Afrikaanssprekende bevolking uitgesonder. Hy het Natal as 'n vrugbare

veld vir die subkomitees beskou, ten einde die Akademie se doelstellings in die provinsie in te dra: "wij doen een beroep op onze afgevaardigde voor Natal - Advokaat Jansen - de wakkere ijveraar voor de Hollandse taal in dit gewest om onze bevolking in nauwe aanraking te brengen met die idealen van deze instelling."²⁴³⁾

Hierdie beroep van F.S. Malan kan eerder as 'n bevestiging van adv. Jansen se bydrae in dié verband gesien word.

Sedert die stigting van die Akademie het adv. Jansen die liggaam se ideale in Natal uitgedra. Ten tye van die stigtingsvergadering van die Akademie het adv. Jansen al gepoog om die omstandighede in sy provinsie en die ideale wat die Akademie gekoester het, aan mekaar te koppel. In die besprekingspunt oor tweetaligheid het verskeie sprekers hul standpunte gestel. Adv. Jansen het die kongresgangers op die moeilike deurvoering van 'n tweetalige stelsel in Natal gewys. Hy het sy standpunt met die volgende voorbeelde geïllustreer: In Natal was daar plekke soos Durban en Pietermaritzburg waar Afrikaans baie min voorgekom het. Engelsprekendes het dus min kans gehad om met Afrikaners kontak te maak en Hollands/Afrikaans te leer. Die Natalse regters het ook byvoorbeeld nie Afrikaans verstaan nie. Die gevolg was dat dit 'n advokaat geensins gebaat het om sy pleidooi in Afrikaans te lewer nie. Gedagtig aan sulke omstandighede wat geheers het, was adv. Jansen van mening dat 'n tweetalige stelsel langsamerhand ingevoer moes word.²⁴⁴⁾

Tydens die Akademie se 1910 sitting moes adv. Jansen vir dr. N.J. Brummer bedank vir 'n rede wat hy oor die Afrikaanse volksgees gelewer het. In sy bedanking het hy ook getoon hoe hy die rol wat F.S. Malan beklemtoon het, uitgeleef het. Hy het die spreker in Afrikaans bedank en gesê dat die volksgees die aand waarlik vir die aanwesiges geopenbaar is. Een van die belangrikste aspekte vir 'n volk se ontwikkeling het

vir adv. Jansen in 'n volk se selfkennis gelê. Hy het verklaar dat dr. Brummer egter een saak in sy betoog uitgelaat het wat hy graag daarin wou gesien het. Dit was die volharding van die Afrikaanse vrou wat soms onder ondraaglike omstandighede plaasgevind het. Hy het onder applous verklaar dat dit ongetwyfeld een van die grootste elemente van die Afrikaanse volksgees is. Hy het die hoop uitgespreek dat die Akademie aan die Afrikaner se volksgees, reg sou laat geskied. Vir adv. Jansen was die stigting van die Akademie 'n bewys dat daar 'n ontwaking in die volk plaasgevind het. Hy het onder applous gesê dat die Akademie sy invloed op elke gebied van die Afrikaner se volkslewe moes laat geld.²⁴⁵⁾

'n Jaar later is adv. Jansen as lid van die Affiliasiekommissie benoem.²⁴⁶⁾ Die Affiliasiekommissie moes kennis neem van verenigings wie se werksaamhede die doelstellings van die Akademie kon bevorder. Adv. Jansen het dienoooreenkomstig oor Natalse verenigings verslag gedoen.²⁴⁷⁾ Sy verslag toon ook op watter wyse hy sy bogenoemde standpunt en die bogenoemde rol wat F.S. Malan beklemtoon het, gehandhaaf en vervul het.

Hy was van mening dat die debatsverenigings die enigste verenigings was wat die doelstellings van die Akademie in Natal kon bevorder. Hy was sedert Augustus 1909 van mening dat 'n Unie van Debatsverenigings die aangewese liggaam was om by die akademie te affilieer. Aangesien hulle op 29 Maart 1910 'n Unie van Debatsverenigings in Natal gestig het, kon dié Unie volgens adv. Jansen die Akademie se ideale in Natal indra.²⁴⁸⁾ Volgens hom was dit in die lig van dié ontwikkeling nie vir individuele verenigings nodig om by die Akademie te affilieer nie. Die Akademie was volgens adv. Jansen die nasionale leidinggewende instelling wat die volk op alle terreine moes lei en beïnvloed. Die Unie van Debatsverenigings was op sy beurt die provinsiale leidinggewende instelling en deur dié spreekbuis te gebruik kon die Akademie sy invloed

op gekoördineerde wyse in Natal indra.²⁴⁹⁾

Gedurende 1913 het adv. Jansen hulle die geleentheid gehad om die Natallers terdeë van die Akademie se werksaamhede bewus te maak. Pietermaritzburgse Afrikaners het as gashere en gasvroue opgetree vir die vierde jaarvergadering van die Akademie wat van 2 tot 5 Julie plaasgevind het.

Die bestuur van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging het as 'n plaaslike reëlingskomitee vir die Akademiesitting opgetree.²⁵⁰⁾ Adv. Jansen moes as voorsitter toesien dat sake soos 'n geskikte ontvangs, verblyf en vergaderplek, 'n onthaal en uitstappie vir die besoekers, die nodige publisiteit en uitnodigings aan Natallers om die sitting by te woon, getref word.²⁵¹⁾

In dié verband het adv. Jansen toegesien dat die YMCA-saal, die munisipale raadsaal en die burgemeester se ontvangslokaal vir die Akademie se sitting beskikbaar was.²⁵²⁾ Adv. Jansen het ook reëlings getref vir 'n spreker wat die openingsrede van die Akademiesitting moes lewer.²⁵³⁾ Hy het ook die lede van die Natalse debatsverenigings uitgenooi om die sitting van die Akademie by te woon. Adv. Jansen het in sy uitnodiging die hoop uitgespreek dat die Natallers die sitting in groot getalle sou bywoon. Hulle kon daardeur hul erkentlikheid aan die Akademiesraad betoon vir die eer wat Natal te beurt geval het.²⁵⁴⁾

Adv. Jansen en sy reëlingskomitee het ook 'n aangename sosiale program vir die besoekende Akademielede gereël. In samewerking met die plaaslike dames se werkgeselskap is 'n uithaleronthaal vir die Akademielede aangebied. Hiernaas het hulle 'n besoek aan die Voortrekkermuseum in die eertydse Geloftekerkie en 'n uitstappie na Howick vir die besoekers gereël.²⁵⁵⁾

Na hierdie voorbereiding het adv. Jansen seker met genoegdoening, op Vrydag 4 Julie, die voorsitterstoel vir die jaarvergadering van die Akademie ingeneem.²⁵⁶⁾ Die publiek het die vergadering ook goed ondersteun.²⁵⁷⁾

De Afrikaner het ewe-eens met genoegdoening kommentaar gelewer oor die Akademie se sitting. "Het was bepaald een verkwikking om in onze door en door verengelse omgewing onze schone moedertaal van de lippen van zo voorname bezoekers te horen. Een opvoedende kracht zal van deze samenkomst uitgaan, die onze taal tot hogere ere zal brengen ..."258)

Naas hierdie betrokkenheid het adv. Jansen ook gedurende 1913 as lid van die Notulekommissie van die Akademie gedien.²⁵⁹⁾ As pleitbesorger vir 'n monument ter ere van die Voortrekkerleiers in Natal is hy in 1915 as lid van die Retief Fondskommissie benoem.²⁶⁰⁾ Gedurende 1923 het hy as saamroeper van die Akademie se oorkoepelende Nasionale Waaksaamheidskommissie en die Natalse Provinsiale Waaksaamheidskommissie opgetree.²⁶¹⁾ Gedurende 1924 is hy weer as lid van die Natalse Waaksaamheidskommissie benoem, terwyl prof. Besselaar as sameroeper opgetree het.²⁶²⁾ Tydens die vyftiende sitting van die Akademie gedurende 1925 in Pretoria is adv. Jansen weer vir 'n termyn van twee jaar op die Akademieraad verkies.²⁶³⁾ Na adv. Jansen se vertrek uit Natal het hierdie sesjaarlange Raadslidskap van hom gedurende 1937-1938 'n hoogtepunt bereik toe hy vir dié termyn as voorsitter van die Akademieraad verkies is. Dit was 'n termyn waarin hy die Akademie met onderskeiding gelei het²⁶⁴⁾ en wat 'n bevestiging was van die rol wat hy in die Afrikaner se kultuurlewe gespeel het.

Hierdie bogenoemde rol van adv. Jansen is in 1953 deur die Akademieraad vereer. Ter erkenning van sy buitengewone dienste aan die liggaam

en die Afrikaanse volk, is hy in 1953 as 'n erelid van die Akademie verkies.²⁶⁵⁾

Met die agtergrond oor die Akademie, kan adv. Jansen se betrokkenheid by Natalse taalsake verder in oënskou geneem word.

4.3.3 Adv. Jansen se rol in die Waaksaamheidskommissies

Dit is opvallend dat die eerste bewuste tekens om 'n Waaksaamheidskommissie in Natal te stig ten einde die stryd om gelyke taalregte te voer, net soos met die Afrikaner se politieke ontwaking 'n dekade vroeër, in Noord-Natal (Vryheid) plaasgevind het. Net soos in 1906 met die herontwaking van die Boereverenigings het dié "nuwe" taalagitasie ook kort daarna in Pietermaritzburg weerklank gevind.²⁶⁶⁾

Dit is opvallend dat dié pogings, hoewel dit nie in die eerste jaarverslae van die Akademie weerspieël is nie,²⁶⁷⁾ net soos die liggaam se Waaksaamheidskommissieverslae, ook in hoofsaak om ontevredenheid oor taaltoestande gewentel het.²⁶⁸⁾

Die nuwe taalhandhawingsbewustheid wat na 1913 in Natal waarneembaar geword het, is soos ander pogings elders in die land, deur die Eerste Wêreldoorlog, die Rebelle en die gepaardgaande politieke beroeringe lamgelê.²⁶⁹⁾ Die taalvonk wat deur die Noord-Natallers aangeblaas is, is egter net tydelik deur die onrustige landstoestande verdoof. Adv. Jansen en ander Pietermaritzburgers het die stryd om taalgelykheid aangewakker, sodat daar in die bestek van 'n paar jaar 'n kragtige Afrikaanse taalbeweging in Natal ontwikkel het.

Dié taalgelykheidsprotesbeweging is deur 'n koor van Sinodale besluite, Provinsiale Raadsdebatte, besprekingspunte en maatreëls van

debatsverenigings, politieke kongresse, waaksaamheidskommissies, die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende in Natal en die Saamwerk-Unie gevoer.

Adv. Jansen se aandeel in dié aspek van die Natalse taalbeweging het vanaf 1914, op die spoorslag van die Noord-Natalse protesbeweging,²⁷⁰⁾ momentum gekry.

Die Pietermaritzburgse Letterkundige en Debatsvereniging het op 2 Mei 1914 uit hul geledere 'n kommissie benoem om die taalkwessie in die onderwys te ondersoek. Prof. G. Besselaar, die vader van die Waaksaamheidskommissies in Natal,²⁷¹⁾ was die kommissie se sameroeper. Die kommissie het op 16 Mei aan die debatsvereniging verslag gedoen. Hulle was van mening dat 'n verbeterde taalgelykheid vir Pietermaritzburgse Afrikaanssprekende kinders moontlik is. Hulle het ook besluit om ouers en belangstellendes na 'n vergadering oor die onderwystoestand op te roep.²⁷²⁾ Op Vrydagaand, 22 Mei, is 'n monstervergadering oor die bevordering van moedertaalonderwys in die Gedenksaal gehou. Onder leiding van die besielde prof. Besselaar is 'n vyftienmankommissie verkies om dié saak verder te voer. Adv. Jansen was een van die manne wat die taalsaak sou pak.²⁷³⁾ Dié Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie het geesdriftig weggespring en uit hul geledere drie subkomitees benoem wat aan bepaalde sake aandag moes gee.²⁷⁴⁾

Adv. C.J. Langenhoven het ook in die tyd adv. Jansen se standpunt oor moedertaalonderwys gevra. Dit was as voorbereiding vir sy treffende lesing oor Afrikaans as onderwysmedium vir die laerskool, wat hy op die vyfde jaarvergadering van die Akademie gelewer het.²⁷⁵⁾

Die reeds genoemde ernstige landstoestande het waarskynlik die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie se werksaamhede vir

bykans 'n jaar lamgelê. Dit is egter asof dié insinking die hoë ideale wat op taalgebied gekoester is, soos mos in die *Afrikaner* se volksbewussyn laat gis het.²⁷⁶⁾

Gedurende die 1915-verkieping het die oogmerke van politieke partye in die hele Natal weerklank gevind wat van die taalstryd 'n katalisator in Afrikanergeleedere gemaak het.²⁷⁷⁾ "Of we Zuid Afrikaanse Partij zijn of Nationalist, onze taal hebben wij lief."²⁷⁸⁾ Adv. Jansen het op sy beurt, in sy verkiesingsmanifes, die taalgelykheidsbeginsel benadruk: "Our language and our rights have still to be placed on the same footing (as English) in practice."²⁷⁹⁾

Die verkiesing het op hierdie wyse Afrikaner nasionalisme laat ontwaak, die handhawing van eie regte geprikkel en so die Afrikaner se selfbewussyn tot daadkrag aangewakker. In die Natalse taalstryd sou dié houding baie gou waarneembaar word. Die nuwe jaar is deur 'n protesveldtog ten behoeve van gelyke taalregte ingelui.

Hierdie protesbeweging, waarin adv. Jansen en die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie 'n leidende aandeel gehad het, was teen die Natalse Provinsiale Raad gemik. Gedurende 1914 is Afrikaans as skoolmedium deur al die Provinsiale Rade, behalwe Natal, erken.²⁸⁰⁾ Terwyl die res van die land op dié erkenning kon voortbou, het Natallers 'n stryd om die wettiglike erkenning van hul taalmedium op skole gevoer. Die Vryheidse Nasionaliste het in Januarie 1916 'n petisie met 1 282 handtekeninge oor die Natalse Onderwysstelsel by hul Provinsiale Raad ingedien.²⁸¹⁾ Afrikaanssprekende ouers het met gespanne belangstelling warm debatte in die Natalse Provinsiale Raad, die Volksraad, in Waaksaamheidskommissies en *De Afrikaner* se kolomme oor die saak gevolg.²⁸²⁾

Die twispunt in die taaldebate het om twee sake gewentel. Dit was die toepassing van moedertaalonderwys deur middel van 'n ordonnansie, soos in al die provinsies behalwe Natal gegeld het, of deur middel van die ouers se keuse soos Ordonnansie nr. 15 van 1916 van die Natalse Provinsiale Raad bepaal het.²⁸³⁾

Die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie (waaronder adv. Jansen) het ernstige besware teen dié Natalse Onderwysordonnansie aangeteken en aangedring dat moedertaalonderwys soos in die ander provinsies deur 'n ordonnansie voorgeskryf word. Dit moes nie aan die (twyfelagtige) keuse van die ouers oorgelaat word nie.²⁸⁴⁾

De Afrikaner het die Natalse Provinsiale Raad van verraad beskuldig.²⁸⁵⁾ Selfs die besadigde prof. Besselaar het hom ewe aggressief oor die saak uitgelaat: "Die schijbaar zo eenvoudige vraag, wie het medium van onderwys moet kiezen, de ouders of de onderwys wet, gaat beslissen of er rust en vrede zal wezen in ons land of dat de agitatie en de verdrukking sal aanhouden. Wij, de Hol. Afrikaners, wensen vrede. Wij hebben behoefte aan rust en die zullen er komen, als er recht geschiedt. Zolang openlike of ook geheime onderdrukking, zolang geweld of list ons bestrijden, moeten we blijven opkomen voor ons heilig recht en aan de waarheid de vrede dan maar opofferen."²⁸⁶⁾

Op 13 Junie 1916 het **De Afrikaner** verklaar dat daar op Pietermaritzburg en twee ander plekke alreeds Waaksaamheidskommissies bestaan en dat nog twee in wording is: "Er is dus roering, er is verking. Zijn eerimaal de krachten in de meeste steden, dorpen en distrikten georganiseerd, dan wordt het tijd om een Natalse Taaldag te houden. Naar een Natalse Taaldag of Taalfeest of Taalkongres moet het heen. Waar alles wat Afrikaans denkt en voelt, bij elkaar komt om elkaar te sterken, om elkaar te helpen en te raden en om een lijn van handel en gedrag te

trekken, waarlangs hij veilig gaan naar ons doel. Welk doel? Huistaal - Schooltaal of Moedertaal- medium. Daar moet het heen ..."²⁸⁷⁾

De Afrikaner en Waaksaamheidskommissies het Afrikaanssprekende ouers op hierdié wyse oor die kwessie van moedertaalonderwys bearbei.

Gedurende September 1916 is 'n Onderwyskommissie uit Nasionale Partygeledere in die lewe geroep, om die toepassing van moedertaalonderwys in skole verder te voer.²⁸⁸⁾ Terselfdertyd het die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie besluit om 'n Taalkongres oor dié brandende kwessie byeen te roep.²⁸⁹⁾

Die daadkrag van hierdie oplewing van Afrikaner nasionalisme het in 'n spanpoging gelê. Onder die vaandel van die Pietermaritzburgse en Greytownse Waaksaamheidskommissies is 'n Taalkongres op 25 en 26 Januarie 1917 te Greytown belê. Alle yweraars vir Afrikaanse taalgelykheid, afgesien van partyverband, is op die Taalkongres byeengebring. Die doel van die merkwaardige gebeurtenis was om besluite te neem wat die onderwysstelsel vir Natalse Afrikaanssprekende kinders meer bevredigend moes maak.²⁹⁰⁾

Die Greytownse Taalkongres het ongekende belangstelling en geesdrif uitgelok. Dit is deur 300 kongresgangers bygewoon wat bykans alle Afrikaanse liggame in Natal verteenwoordig het.²⁹¹⁾ Die Greytownse leraar en moderator van die Natalse Ned. Geref. Kerk, ds. M.W. Odendaal, het as voorsitter opgetree en hy is deur ds. H.F. Schoon, adv. Jansen, prof. Besselaar, mnr. A.T. Spies, eerwaarde Poën, twee Provinsiale Raadslede en 'n hele rits ander vooraanstaande Afrikaners ondersteun.²⁹²⁾

Ds. Schoon het as die oudste predikant van die Natalse Kerk 'n besielende openingsrede oor "De Taal is gansch het volk," gelewer.²⁹³⁾ Verskeie sprekers het voordragte oor 'n wye verskeidenheid taalkundige onderwerpe gelewer.²⁹⁴⁾

Adv. Jansen was een van die sprekers wat opgetree het. Hy het oor "Hollands in Natal", gepraat. Sy "kragtige en weldeurdagte" voordrag het die Afrikaners se taalapatie en die gevolge daarvan geskets, die keerpunt in dié toestand aangetoon en die noodsaaklikheid van taalhandhawing beklemtoon.²⁹⁵⁾

Adv. Jansen het die verskynsel dat Hollands langamerhand uit skole, regeringskantore en -dokumente, en as omgangstaal in Natal verdwyn het, aan 'n ou karaktertrek van die Afrikaner toegeskryf: "Daar was altyd 'n neiging by die Hollandsprekende mense van Natal om pad te gee op plase en pad te gee op taalgebied."²⁹⁶⁾ Afrikanerkinders het met die gewoonte om Engels te praat, Engelse maniere "uit te haal" en Engelse name te dra, groot geword. Die Tweede Vryheidsoorlog het die Afrikaner uit die modegier wakker geskud en sy selfbewussyn geprikkel: "Die selfbewustsijn als volk is een van die weinige goeie vrugte wat die hollandssprekende mense toegekome het uit die wrede oorlog ... Baie mense het gevoel gekrij vir hul eige taal ... Debatsverenigings is oorals gestig geworde. Poginge is aangewend geworde om meer hollands in die onderwijs van kinders te krij ... en ons kon vandaag seh dat sedert die oorlog het hollands tamelik veld gewin."²⁹⁷⁾

Adv. Jansen het die vroeë verstedeliking van Afrikaners aan die moeilike bestaanstryd na die oorlogsjare toegeskryf. Dié trek om den brode het Afrikaanssprekendes in Natalse dorpe laat toeneem. Die Durbanse

Afrikaners het op die wyse vermeerder. Hulle was voor die oorlog skaars 'n halfdosyn in getal en het so vermeerder dat hul al teen 1916 'n gemeente met 'n paar honderd siele kon stig. Selfs die klein gemeente van Pietermaritzburg het so gegroei dat daar teen 1917 alreeds 134 kinders in die Sondagskool was.

Hy het ook aangetoon hoe die Afrikaner hom in die arbeidsveld van die spoorweë en ander bedrywe begeef het en hoe sy taal ook daar gehoor is: "Dit is tyd dat ons nou begin vastrap nie alleen om ons eige wil maar ter wille van die engelsprekende burger self. In die verlede het hollands gedurig pad gegee vir engels en dis daarom dat engelsprekende mense naderhand gedenk het dat Hollands onnodig is. Hul ondervinding in die verlede was dat vir die hollandsprekende Afrikaner is dit dieselfde of hij engels of hollands praat en waarom sou hij dan die moeite doen om hollands te leer? ... Ons begin nou weer vrijmoedig te wees in die gebruik van ons eige taal maar als ons regtig taalbewust is dan sal ons nie meer skaam wees om afrikaans te praat wanneer ons in die trein, of in die hotel in Durban, in 'n engelse omgewing ons bevind. Waarom sal ons 'n ander man sijn gereedskap gaan leen wanneer ons gereedskap van ons eige het wat net so goed is?"²⁹⁸⁾

Ds. Odendaal het adv. Jansen na die voordrag vir die inspirerende rede bedank. Volgens ds. Odendaal het adv. Jansen deur die voordrag weer bewys gelewer dat hy 'n opregte liefhebber en kampvegter vir sy taal is. Hy het die hoop uitgespreek dat die taalhandhawingspleidooi van adv. Jansen nagevolg en uitgevoer sou word.²⁹⁹⁾

De Afrikaner het blykbaar uit vrees dat dié taalhandhawingspleidooie tot niet sou gaan, die apatiese houding van Afrikaners veroordeel en die noodsaak van solidariteit in taalsake beklemtoon.³⁰⁰⁾

Dié Taalkongres was egter 'n mylpaal, daar is 'n sestal besluite geneem wat die Natalse taalstryd gekoördineer het.³⁰¹⁾ Die belangrikste was dat al die Afrikaanse taalstryders in Natal onder 'n oorkoepelende liggaam, die sogenaamde Organisasie van Hollandse Taalvriende, verenig is. Onder die vaandel van die organisasie het die Waaksaamheidskommissies die taalhandhawingstryd gevoer. Daar is ook besluit om Waaksaamheidskommissies in belang van taalhandhawing in alle distrikte te stig, om by die Provinsiale Raad aan te dring dat die ordonnansie in verband met die taalmedium in Natalse skole in ooreenstemming met soortgelyke ordonnansies van die ander provinsies gebring moes word, om vir tweetalige amptenare, onderwysers, inspekteurs en onderwysopleidingspersoneel by die Natalse Opleidingskollege voorsiening te maak. Die kongresgangers het ook 'n "invloedryke", Voorlopige Hoofkomitee verkies wat dié besluite moes uitvoer en konsepreëls vir 'n taalorganisasie moes opstel. Die komitee het uit di. Odendaal en Pellissier, adv. Jansen, prof. Besselaar, mnre. A.T. Spies, C.J. van der Merwe (LPR) en J.G. Bester bestaan. Die Pietermaritzburgse driemanskap (Jansen, Pellissier en Besselaar) is deur die kongres getaak om as 'n deputasie die kongresbesluite aan die Natalse Uitvoerende Raad oor te dra.³⁰²⁾ Die drie kultuurstrydrosse het as die spil van die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie dié taalsaak verder gevoer.³⁰³⁾

Prof. Besselaar het, as sekretaris van die hoofkomitee, die kongresbesluite en konsepreëls vir 'n Organisasie van Hollandse Taalvriende in Natal opgestel. Hy het adv. Jansen versoek om die kongresbesluite aan die betrokke owerhede oor te dra aangesien hy met sulke prosedure bekend was.³⁰⁴⁾

Adv. Jansen het die kongresbesluite aan die heer C.J. Smythe, die Administrateur van Natal, en sy Uitvoerende Raad,³⁰⁵⁾ asook aan die Superintendent van Onderwys gestuur.³⁰⁶⁾ Die Uitvoerende Raad was

bereid om die kongresdeputasie te woord te staan,³⁰⁷⁾ terwyl die Onderwysdepartement geen nut in 'n ontmoeting met die deputasie gesien het nie.³⁰⁸⁾

Op 3 April 1917 het adv. Jansen en ds. Pellissier die Uitvoerende Raad ontmoet. Mnr. Dukes, die waarnemende Superintendent van Onderwys was ook teenwoordig. Die twee deputate is vriendelik ontvang en daar is aandagtig na hul uiteensetting van die kongresbesluite en gevoelens geluister. Die Uitvoerende Raad het verklaar dat hulle groot probleem om die voorgestelde stelsel te laat vlot, in die verkryging van genoegsame tweetalige onderwysers geleë was.³⁰⁹⁾ Die Provinsiale Raad het later die instelling van Afrikaans as skooltaal met 'n meerderheid van stemme verwerp.³¹⁰⁾

Ten spyte van die teleurstellende uitslag van die ontmoeting, het die Natalse Afrikaner se taalstryd op basis van hierdie bogenoemde aktiwiteite in beweging gekom.

Hierdie uitslag het ook nie vir adv. Jansen en die ses ander lede van die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie ontmoedig om hul plaaslike stryd vir Hollandse onderwys voort te sit nie. Die kommissie het hom onder meer vir 'n Hollandsmedium skool beywer. Daar is wel Hollandse lesse in die twee staatsondersteunde skole aangebied, maar die groep se agitatie om Hollands as onderrigmedium in te stel, was gedurende 1917 nog vrugteloos. Slegs nege leerlinge het Hollandse klasse in die stad bygewoon. Die gebou waarin die klasse aangebied is, was ongelukkig buite die bereik van die meeste Afrikanerkinders geleë. In 'n poging om meer kinders by Hollandsmedium klasse te betrek het die komitee gedrukte briefies aan ouers verskaf, waarin daar vir moedertaalonderrig gevra is. Die kinders moes die briewe by skole inhandig in 'n poging om aan die onderwysowerhede die groot behoefte vir Hollandse onderwys aan te toon.³¹¹⁾ Ouers van twintig leerlinge

het te kenne gegee dat hulle hulle kinders in Hollands wou laat onderrig, indien dit in 'n skool binne hulle bereik aangebied sou word. Die Waaksaamheidskommissie het die Onderwysdepartement versoek om in een van bestaande twee skole (te Bergstraat of te Havelockweg) dubbelmedium onderwys in te stel. Die komitee was van mening dat in so 'n geval baie meer Afrikaanssprekende kinders van die geleentheid gebruik sou maak.³¹²⁾ Adv. Jansen was dus by die eerste pogings betrokke wat vir die verkryging van 'n Afrikaansmedium skool geagiteer het.

'n Korrespondent in **De Afrikaner** het gedurende die tyd geskryf dat dié Afrikaners wat in die gunstige taalagitasieklimaat hom nie vir sy taal beywer het nie, uit pas was.³¹³⁾

Ten spyte van dié aanmoediging en hoewel daar meer as 100 Afrikaanssprekende kinders in Pietermaritzburg op skool was, was die ouers traag om vergaderings van die Waaksaamheidskommissie by te woon. Na drie openbare vergaderings waar ouers oor Hollandse onderwys ingelig is, is slegs 40 name van kinders bekom wat vir moedertaalonderwys gevra het.³¹⁴⁾

De Afrikaner het hierdie traagheid veroordeel en verklaar dat kongresse, besprekings en besluite tevergeefs sou wees as die ouers nie vir die saak gewen word nie.³¹⁵⁾ Adv. Jansen, wat ook by vergaderings van die Waaksaamheidskommissie opgetree het om ouers op hoogte van sake te hou, was van mening dat die denasionaliseringsinvloed van die onderwysstelsel vir die toestand verantwoordelik was. Dit was volgens hom die stelsel wat verander moes word.³¹⁶⁾

Die beplanning van die voorlopige hoofkomitee, wat tydens die Greytownse Taalkongres in Januarie 1917 gekies is,³¹⁷⁾ was juis daarop

gemik om die provinsie se onderwysstelsel te verander. Dit het die hoofsaak van die Organisasie van Hollandse Taalvriende geword.

4.3.4 **Adv. Jansen se rol in die Organisasie van Hollandse (en Afrikaanse) Taalvriende in Natal**

Die bogenoemde Voorlopige Hoofkomitee was in werklikheid die eerste hoofbestuur van die Organisasie van Hollandse Taalvriende wat ipso facto tydens die Greytownse Taalkongres in Januarie 1917 gestig is.³¹⁸⁾

Die Natalse Nasionaliste het ewe-eens die Voorlopige Hoofkomitee as die leidsliede in taalsake erken.³¹⁹⁾

Dié Hoofkomitee het in die loop van 1917 drie keer vergader om konsepreëls vir die Organisasie van Hollandse Taalvriende te bespreek en 'n tweede taalkongres in Utrecht te beplan. Vir die afgevaardigdes na die taalkongres op 1 en 2 November 1917 in die Utrechtse stadsaal het die hoofkomitee goeie sprekers, 'n opvoering, 'n tuinparty, sangitems en veertig besprekingspunte gereed gehad.³²⁰⁾

'n Bevredigende hoeveelheid afgevaardigdes het die taalkongres bygewoon. Daar is met blydschap van die bemoedigende vooruitgang van Hollands op skoolvlak kennis geneem. Op 'n vraag oor watter maatreëls die Hoofkomitee geneem het om die vorige kongresbesluite ten uitvoer te bring, het adv. Jansen verslag oor die kongresdeputasie se besoek aan die Uitvoerende Raad gelewer. Die voorsitter, ds. Odendaal, se standpunt oor die uitvoering van die vorige kongresbesluite het daarop berus dat dit eintlik die verskillende Waaksaamheidskommissies se verantwoordelikheid was. Hulle was die Organisasie van Taalvriende se polsslag, want aan die daadkrag van hul aktiwiteite kon vasgestel word of die organisasie in sy doel beantwoord het. Uit die verslae van die Waaksaamheidskommissies was dit vir die voorsitter duidelik dat

hoewel daar nog onverskilligheid oor taalsake voorgekom het, daar hard gewerk is om die onderwysstelsel te verander.³²¹⁾ Die bogenoemde werksaamhede van die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie het beslis die standpunt bevestig.

Die posisie van Afrikaans teenoor Hollands was 'n saak waaroor die kongres nie onverskillig kon staan nie. Hoewel die kongres moedig besluit het dat dit tyd geword het dat Afrikaans as taalmedium op skole gebruik moes word, het die posisie van Hollands 'n probleem geskep. Daar is ook besluit dat Hollands in al sy skoonheid en suiwerheid steeds in al die onderwysrigtings (d.i. skool, kollege, universiteit) onderrig moes word. Adv. Jansen het die kongresgangers se vrees dat Hollands uitgeskakel sou word met die volgende uiteensetting besweer: "Hij koesterde de hoop dat Nederlands nooit in Zuid Afrika zou uitsterven, omdat die twee talen delen van elkaar waren en omdat als men de een wil degelijk studeren ook de andere moest gestudeerd worden; doch het Afrikaner kind moest zijn studie in Afrikaans beginnen omdat het de moedertaal was van elk Afrikaner kind en't kind dat verstond ... Ons taal was eenvoudig 'n stiggie van het Hollands hier in Zuid Afrika geplant om op eigen wyse te groeien en 'n taal te worden. Als zodanig was't de jongste taal van de wêreld en ons is trots daarop om te kan help aan die opbouwing van ons eie taal."³²²⁾ Adv. Jansen het weer sterk na vore getree as kampvegter vir Afrikaans deur daarop te wys dat 'n taal iets lewendigs is wat groei en ontwikkel, daarom kon die uitbreiding van Afrikaans nie gekeer word nie. Hoewel die Transvalers, byvoorbeeld, vir jare al 'n simpatieke regering gehad het, was die Natallers hulle voor in die taalstryd, aangesien die Saamwerk-Unie alreeds besig was om Afrikaanse taaleksamens af te neem.³²³⁾

Die tweede Taalkongres het die aanbevelings van die Voorlopige Hoofkomitee aanvaar en 'n nuwe Hoofbestuur vir die Organisasie van Hollandse Taalvriende gekies, wat uit ds. Odendaal, as voorsitter, eerw.

W.P.J. Poën, as sekretaris, en adv. Jansen, prof. Besselaar, mnr. A.T. Spies as die drie addisionele lede bestaan het.³²⁴⁾

Vir **De Afrikaner** was die ontwikkeling op taalgebied 'n mylpaal, omdat daar in dié taalstryd veel meer as net 'n taalbewussyn deur die Natalse taalstryders geskep is. Die tweede Taalkongres het bewys dat Natalse Afrikaners besig was om vir hul taalregte te veg!³²⁵⁾ Die feit dat die Superintendent van Onderwys 'n verteenwoordiger op die kongres gehad het, het ook op die Onderwysdepartement se erkenning van Afrikaans gedui.³²⁶⁾

'n Jaarverslag van die Natalse Superintendent van Onderwys wat in November 1918 vrygestel is, het aan die lig gebring dat 2 460 Afrikanerkinders teenoor 17 118 Engelse kinders op staatsondersteunde skole onderwys ontvang het. Uit hierdie totaal was daar 927 leerlinge wat Hollands as medium vir onderwys gebruik het en 6 672 leerlinge wat Hollands as vak geneem het. Uit die statistiek blyk dit dat slegs 'n derde van die Natalse skoolgaande jeug (laer- en hoërskole) die tweede amptelike taal van die land geleer het. Dit blyk ook dat uit 2 460 Afrikaanse leerlinge net 927 deur middel van Hollands onderrig ontvang het.³²⁷⁾ Die Hoofbestuur van die Organisasie van Hollandse Taalvriende was hard besig om 'n verandering in die toestand te bring.

Op voorstel van adv. Jansen het die Hoofbestuur besluit om 'n derde Taalkongres aan die einde van Januarie 1919 in Dundee te hou.³²⁸⁾ Die Hoofbestuur het gedurende Desember 1918 en Maart 1919 deeglike voorbereidings vir die Taalkongres in Dundee se Vrymesselaarsaal getref.³²⁹⁾ Adv. Jansen en mnr. A.T. Spies het die Maartvergadering asook die kongres misgeloop,³³⁰⁾ omdat hulle as lede van die Vryheidsdeputasie verkies is.³³¹⁾

Die gebruik van Afrikaans as spreek én skryftaal het sedert die tweede Taalkongres voortdurend meer aanhangers gekry. Gedurende die tweede Taalkongres in November 1917 is die saak bespreek sonder om enige vernuwende besluite te neem.³³²⁾ Tydens die derde Taalkongres in 1919 het die byderwetse taalstryders van Pietermaritzburg, deur middel van hule Waaksaamheidskommissie voorgestel dat die reglement van die Organisasie van Hollandse Taalvriende so gewysig word dat dit naas die woord Hollands met die woorde "of Afrikaans" aangevul word. Die organisasie sou hierna as die Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende of kortweg as die Organisasie van Taalvriende in Natal bekend staan.³³³⁾ Tydens die kongres is die Organisasie van Taalvriende se organisasielied, wat op die wysie van Gesang 7 deur eerw. Poën gedig is, ook in gebruik geneem. Uit die woorde van die lied tree die opregte patriotisme en kulturele persepsie van die organisasie duidelik na vore en bewys dat die taalbewussyn in Natal ontluik het.³³⁴⁾

Tydens dié kongres is adv. Jansen in sy afwesigheid op die Hoofbestuur van die Organisasie van Taalvriende herkies. Die Hoofbestuur het gedurende Mei en September 1920 en April 1921 met die vorige kongresbesluite gehandel en 'n vierde Taalkongres vir 29 en 30 September 1921 te Newcastle beplan.³³⁵⁾

Adv. Jansen as besielde pleitbesorger vir die Organisasie van Taalvriende se oogmerke, het as redakteur van **Die Afrikaner**³³⁶⁾ sy lesers se aandag voortdurend op die ideaal van 'n verbeterde onderwysstelsel vir Afrikaanssprekende kinders gevestig. In sy hoofartikels en ondersteunende berigte³³⁷⁾ het hy die Natalse Onderwysordonnansie gekritiseer,³³⁸⁾ 'n sinodebesluit ondersteun wat die verwaarlosing van die Hollandse taal op skole veroordeel het,³³⁹⁾ die noodsaak van genoegsame Hollandse onderwysers beklemtoon³⁴⁰⁾ en die noodsaak van volledige Hollandse/Afrikaanse medium van onderwys benadruk.³⁴¹⁾

Adv. Jansen se taalbewustheid op die Natalse bodem het nie net om die koerantartikels en die uitvoering van kongresbesluite gewentel nie. As taalstryder was sy optrede voor gehore ook daarop gemik om sy volksgenote aan te moedig en te berispe.

Tydens die 1920-Geloftefeesviering te Bloedrivier het adv. Jansen sy kampanje vir 'n verbeterde onderwysstelsel voortgesit, in 'n toespraak wat hy oor "Die skool" gelewer het.³⁴²⁾ As voorsitter van die Saamwerk-Unie het hy ook 'n kongresgehoor geprys vir hul solidariteit in die taalstryd en hul ywer om 'n verbeterde onderwysstelsel te verkry.³⁴³⁾ Die feit dat daar in die ander provinsies van die Natalse taalstryd kennis geneem is, het hom met trots vervul.³⁴⁴⁾

Hierteenoor het hy swakplekke in die Natalse taalstryd skerp veroordeel. Adv. Jansen het nie geskroom om sommige van sy volksgenote oor hul taallouheid en traagheid te kapittel nie. Ouers wat teen Afrikaans as onderwysmedium geprotesteer het, het hy remskoene genoem wat 'n kwarteeu agter die tyd is.³⁴⁵⁾ Hy het ewe heftig teen die ouers, wat nie in die stryd om 'n verbeterde onderwysstelsel betrokke wou raak nie, te velde getrek. Hy het die trae verloop van die Natalse taalstryd aan dié groep ouers toegeskryf wat te "sleg" was om vir hul regte op te staan.³⁴⁶⁾ Terwyl baie Afrikaners besig was met die skepping van 'n nuwe taal, het die grootste gebeurtenis onopgemerk by sommige volksgenote verby gegaan. Hierdie kilheid en onbetrokkenheid was vir hom "absoluut onverstaanbaar".³⁴⁷⁾

Dit is asof die trae verloop van die Natalse taalbeweging en die min sukses wat behaal is, adv. Jansen ongeduldig gemaak het. Sy bogenoemde reeks berigte in **Die Afrikaner** en sy optrede voor gehore het 'n dringender toon aangeneem en 'n haastiger pas aangegee. Die skepping van 'n sterker

moedertaalbewussyn by trae volksgenote, die vermaning van onbetrokke volksgenote om aktiewer by die stryd om gelyke taalregte betrokke te raak, en die skepping van 'n dringender protestoon, was die drie sentrale gedagtes in adv. Jansen se propagering van die Natalse taalbeweging. Tydens die 1921 Taalkongres sou dié ingesteldheid van adv. Jansen ook duidelik na vore tree.

Die 1921 Taalkongres het ook in 'n ander opsig die openbare aardag geniet. Die Natalse Provinsiale Raad het op 2 Junie 1921 besluit om 'n Onderwyskomitee aan te stel ten einde die hele Natalse onderwyssituasie en die administrasie daarvan te ondersoek. Die Onderwyskomitee het uit sewe lede bestaan, waaronder net een Afrikaner – C.J. van der Merwe – getel het. Tydens hul eerste vergadering op 7 September 1921 is besluit om soveel as moontlik standpunte/getuienis van alle bevolkingsgroepe te bekom.³⁴⁸⁾

Vir die voorsitter van die Organisasie van Taalvriende, ds. Odendaal, was die vierde Taalkongres van 29 en 30 September 1921 te Newcastle 'n bewys van die daadkrag in die Natalse Afrikanergeleedere. Nadat hy 'n spesiale welkomswoord aan adv. Jansen, die LV vir Vryheid, en ds. Schoon gerig het, het hy die betrokkenheid van Afrikaners by die Natalse taalstryd in oënskou geneem. Die groot hoeveelheid afgevaardigdes in die moeilike depressietye was vir hom 'n teken van die lewe en veerkrag in die Natalse taalbeweging. Die kongres was vir hom weer eens 'n geleentheid om 'n beeld oor die Organisasie van Taalvriende se werksaamhede te verkry en vas te stel watter strategiese punte daar nog in die taalstryd is wat verower moes word.³⁴⁹⁾

Adv. Jansen het 'n aggressiewer houding teenoor die sloerende onderwyssake ingeneem. Hy was oortuig dat in die lig van die gekose Onderwyskomitee se opdrag en die bykans gelyktydige sitting van die

Organisasie van Taalvriende, die Natalse Afrikaners 'n gulde geleentheid gehad het om hul stem te laat hoor. Op aandrang van die kongresgangers het hy 'n leeu-aandeel in die standpuntformulering van kontensieuse taalsake gehad. Hy het as deurleefde kultuurstryder met sy regs-, pers-, en parlementêre agtergrond die kongresgangers se standpunte geïnterpreteer, die essensie van 'n warboel besprekingspunte met dieselfde strekking saamgevat en deeglik geformuleer, die samevattende voorstelle as gesoute debatteerder ingelui en so rigtinggewende leiding aan die taalkongres gegee.

Die samevattende Jansenvoorstel het, vir die implementering van moedertaalonderwys en die daadwerklike voorsiening van voldoende Hollandse of Afrikaanssprekende onderwysers gevra, die verbetering van die onderwysadministrasie, die toepassing van tweetaligheid, die stigting van skoolrade en skoolkomitees sodat ouers inspraak in die onderwysstelsel kon kry en die stigting van 'n vereniging van Afrikaanssprekende onderwysers, klem gelê.³⁵⁰⁾

Hierdeur het adv. Jansen die werksaamhede van die sitting baie verhaas, omdat besprekingspunte met dieselfde strekking saam bespreek is. **Die Afrikaner** het berig dat sy saaklike formulering van die samevattende voorstelle, sy besadigde maar besliste optrede, en sy deeglike uiteensetting en bepleiting van die punte groot byval by die Kongres gevind het.³⁵¹⁾

Die samevattende Jansenvoorstel wat deur die kongres aanvaar is, is as een van die vrugbaarste besluite van die kongres beskou.³⁵²⁾ Dit het ook as aanbeveling gedien wat die Hoofbestuur van die Organisasie van Taalvriende voor die Onderwyskomitee gelê het. Die dienende Hoofbestuurslede is almal herkies en op so 'n wyse kon adv. Jansen sy voorstelle enduit gevoer het.³⁵³⁾

Die gekose Onderwyskomitee se verslag oor die taalmediumstryd het gelui dat "the mass of evidence submitted indicates the tremendous interest taken by the Dutch-speaking people in the language question, and shows an overwhelming opinion that Afrikaans should be the medium of instruction and the subjects taught where Dutch is chosen. While accepting this, we feel the community should not be called on to bear the expense involved in the teaching of a further language, and, therefore, recommend that Nederlands or High Dutch be eliminated from the curriculum".³⁵⁴⁾ Dié aanbeveling is aanvaar en sedert Januarie 1923 is Afrikaans in Natal se skole erken.³⁵⁵⁾

Hoewel die Onderwyskomitee nie die afskaffing van die ouers se taalmediumkeuse kon aanbeveel nie,³⁵⁶⁾ was die erkenning van Afrikaans as onderrigmedium nog 'n mylpaal in die Natalse Afrikaner se taalstryd.

Adv. Jansen se parlementêre loopbaan het sy voortgesette deelname aan die Natalse taalstryd kortgeknip. As meelewende Nataller het hy tog kennis geneem van sekere verwickelinge op die gebied. Dit was sake soos die verkryging van 'n Afrikaans medium skool in Pietermaritzburg,³⁵⁷⁾ die afskaffing van die ouers se taalmediumkeuse,³⁵⁸⁾ die invoering van skoolkomitees,³⁵⁹⁾ die Afrikaanse voortsettingklasse in die Spoorweë,³⁶⁰⁾ die opvolging van die moedertaalstryd deur die Reddingsdaadbond en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings se Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding,³⁶¹⁾ waarvan adv. Jansen as politikus, as provinsiale partyleier en as kultuurleier van kennis geneem het.

4.4 Adv. Jansen se rol in die Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge

Indien die naoorlogse herontwaking van die Natalse debats- en jongeliede verenigings as 'n merkwaardige kulturele verskynsel beskou kan word, dan was die vorming van 'n unie van debatsverenigings ewe-eens 'n merkwaardige verskynsel van beoogde kulturele solidariteit.

Vanaf 1909–1916 het daar byna jaarliks 'n koor van stemme opgegaan om die Natalse debats- en jongeliede verenigings in 'n unie saam te snoer. Hoewel adv. Jansen nie aktief in die amalgameringsbetoog meegedoen het nie, het hy tog 'n sentrale rol in die verband gespeel.³⁶²⁾ Hy was as opkomende leiersfiguur in 1909 al as 'n soort kulturele aluinsteen gesien, wat in die ideaal om 'n debatsunie te stig as 'n saamtrekkrag gedien het.

Dit was veral mnr. Ben Vorster, die sekretaris van die Pietermaritzburgse Debats- en Letterkundige Vereniging en mede-eienaar van **De Afrikaner**, wat hom gedurende 1909 aktief vir 'n debatsunie beywer het. Hy het briewe van lede van debatsverenigings ontvang wat gevra het dat 'n unie van debatsverenigings in Natal gestig moes word. Op grond hiervan het hy belangstellendes gevra om die saak deur middel van briefwisseling in **De Afrikaner** te bespreek, of om afgevaardigdes na 'n sentrale plek (Dundee) te stuur om oor die wenslikheid van 'n Natalse debatsunie te besin.³⁶³⁾ Die reaksie hierop was baie positief. Vir ongeveer 'n maand het **De Afrikaner** briewe oor die onderwerp gepubliseer.³⁶⁴⁾ Mnr. Vorster wou die saak na 'n punt toe dryf.

Tydens 'n vergadering van die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging op 20 Februarie 1909 het mnr. Vorster die saak onder bespreking gebring, waaruit die mees algemene opvatting oor die saak na vore getree het. Ds. Pellissier het hom ten gunste van 'n debatsunie

uitgelaat. Die ongeveer twaalf debatsverenigings wat in Natal bestaan het was vir hom voldoende om 'n debatsunie te stig. So 'n unie kon organisatoriese eenheid, krag en doeltreffendheid in die debatsverenigings meebring wat volgens ds. Pellissier op daardie stadium 'n groot behoefte was. Mej. S. van Rooyen het die belangstelling in kultuursake, waarvoor andersins bra min entoesiasme bestaan het, verwelkom, en verklaar dat dit nie gesmoor moes word nie. Mnr. Vorster het vier voordele van 'n debatsunie aan die vergadering voorgehou en voorgestel dat hulle die wenslikheid van 'n unie moes erken en Dundee as vergaderplek moes benoem. Mnr. John Hershensohn het bedenkinge oor die praktiese nut van 'n debatsunie gehad. Hy het voorgestel dat die bestuur eers met die debatsunies in die ander provinsies moes kontak maak, waarna die saak beter bespreek kon word.

Adv. Jansen het, as voorsitter, elkeen sy sê laat sê en daarna die uiteenlopende gedagtes saamgevat. Hy was van mening dat die wenslikheid om 'n unie te stig eers deeglik deur afgevaardigdes van alle debatsverenigings bespreek moes word. Die here Vorster en Hershensohn het die voorsitter gelyk gegee en hulle bogenoemde voorstelle teruggetrek. Die besluit wat die debatsvereniging oor die saak geneem het, het die grondslag vir 'n unie van debatsverenigings in Natal gelê. "Deze vergadering geeft't Komitee aan de hand om met medewerking van ander verenigingen 'n vergadering van afgevaardigden van alle Hollandse Debat Verenigingen in Natal te beleggen ten einde de wenslikheid van't stichten van 'n Unie van Debat Verenigingen te bespreken met mach aan de afgevaardigden om dadelik tot zulk stichten over te gaan indien zulke vergadering het goed vindt."³⁶⁵⁾

De Afrikaner het dié besluit as 'n belangrike voorwaartse stap gesien om die verskillende debatsverenigings in beweging te bring ten einde 'n debatsunie te stig.³⁶⁶⁾

Mnr. Vorster het alle Natalse debatsverenigings gevra om so gou moontlik te vergader en ooreenkomstig die bogenoemde besluit op te tree.³⁷⁾ Adv. Jansen en mnr. Vorster is deur hul debatsvereniging afgevaardig om die beoogde vergadering wat die wenslikheid van 'n debatsunie moes uitpluis, by te woon.

Die reaksie op hierdie versoek van mnr. Vorster was baie swak. Die planmakers in die Natalse hoofstad het op 17 April 1909 weer die ideaal om 'n debatsunie te stig, bespreek. Hoewel slegs Babanango se debatsvereniging op hul oproep gereageer het, het mnr. Vorster uit die gepubliseerde notules van agt debatsverenigings afgelei dat hulle ten gunste van 'n debatsunie besluit het. Mnr. Vorster was van mening dat agt verenigings te min was om 'n unie te stig.³⁶⁸⁾

Adv. Jansen was ook nie baie ingenome met só 'n debatsunie nie, omdat dit geen praktiese doel sou dien nie. Sy houding het egter na die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie verander. Na Julie 1909³⁶⁹⁾ was hy van mening dat indien 'n Natalse debatsunie gestig sou word, dit by die Akademie kon affilieer en so in die liggaam se werksaamhede kon deel.³⁷⁰⁾

Dit is hierdie veranderde houding van adv. Jansen en sy betrokkenheid by die saak wat die Natalse debatsunie 'n werklikheid gemaak het.

Teen September 1909 het die Pietermaritzburgers nog steeds vir 'n groen lig van die verskillende debatsverenigings gewag. Adv. Jansen het, as voorsitter van die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging, mnr. Vorster se amalgamasiepleidooi oorgeneem. In 'n ope brief aan alle debatsverenigings het hy verklaar dat dit wenslik is dat die debatsunieszaak tot 'n punt gedryf moes word. Net soos Ben Vorster

het hy ook die debatsverenigings versoek om hom te verwittig of hulle ten gunste van 'n unie is en waar en wanneer die beoogde vergadering van afgevaardigdes van debatsverenigings gehou moes word.³⁷¹

Adv. Jansen se motivering vir die stigting van 'n debatsunie was dat afgesien van die voordeel wat so 'n unie kon bied, dit by die Akademie kon inskakel en so op nasionale vlak deel van die liggaam se aktiwiteite word.³⁷²⁾

Mnr. P.J. Erasmus, 'n skoolhoof van Droogdal in Dannhauser se omgewing, het ter ondersteuning van adv. Jansen se beroep, die debatsverenigings versoek om so spoedig moontlik op die oproep te reageer. Volgens mnr. Erasmus was die doel en waarde van debatsverenigings teen 1909 nie meer 'n vreemde gedagte nie. Natallers moes die voorbeeld van die ander provinsies volg, want daar het alreeds debatsunies bestaan.³⁷³⁾

'n Groot getal Afrikaners het vanaf 20 Januarie 1910 in Vryheid saamgetrek. Die rede hiervoor was dat adv. Jansen twee belangrike vergaderings belê het, wat gerieflikheidshalwe met die nagmaalviering saamgeval het. Op politieke vlak het adv. Jansen as sekretaris van die boerevereniging, Het Kongres, 'n sitting belê wat oor die uitbreiding van die organisasie moes besluit. Op kulturele vlak het hy as voorsitter van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging 'n vergadering van alle debatsverenigings vir 20 Januarie belê, ten einde die wenslikheid van 'n debatsunie te bespreek.³⁷⁴⁾

Verslaggewers was gaande oor die feit dat tien van die elf debatsverenigings in Natal op Donderdagmiddag, 20 Januarie 1910, byeengekom het.³⁷⁵⁾ Adv. Jansen het as sameroeper van die byeenkoms ook as voorsitter opgetree. Nadat hy die afgevaardigdes en groot getal

besoekers verwelkom het, het hy die doel van die vergadering uiteengesit. Hy het ook die voorafgaande rol van die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging verduidelik. Na heelwat bespreking het adv. Jansen daarop gewys dat die stigting van die Akademie 'n geleentheid geskep het vir 'n Unie van Debatsverenigings om verteenwoordiging op die liggaam te verkry.

Na verdere bespreking het adv. Jansen 'n voorstel van mnr. Ebersohn (Babanango) tot stemming gebring. Dié voorstel, om 'n Unie van Natalse Debatsverenigings te stig, is eenparig en staande aangeneem.

'n Sub-komitee bestaande uit die tydelike voorsitter, adv. Jansen, die sekretaresse, mej. S. van Rooyen, en mnr. Ebersohn is benoem om 'n konsep-statute op te stel. Die konsep-statute is by die hervatting van die vergadering teen vyfuur die middag voorgelê en aanvaar. Daar is besluit om dit na die verskillende verenigings vir bespreking en nuwe voorstelle te verwys. Die finale reëlings en formele stigting van 'n Unie van Natalse Debatsverenigings is na 'n kongres verwys, wat gedurende die eerskomende paasvakansie op Dundee gehou sou word.³⁷⁶⁾

Die beoogde kongres het op 29 Maart 1910 byeengekom. **De Afrikaner** het die uitnodiging van adv. Jansen³⁷⁷⁾ vurig ondersteun en dit aan die verenigingsgees van Uniewording verbind: "Deze vergadering zal van onberekenbaar belang zijn voor de Debatsverenigingen van Natal, en wij vertrouwen niet alleen dat elke vereniging daar zal vertegenwoordig zijn; maar ook dat de beraadslagingen rijke vruchten voor ons volk en vooral voor het jong geslacht zullen afwerpen. Ons volk heeft er behoefte aan. De organisatie geest is in de lucht en wij menen dat een geschikt tijd is om van de gelegenheid gebruik te maken vooral wanneer de neiging zo sterk is."³⁷⁸⁾

Adv. Jansen was vol hoop dat die beoogde unie van nut vir die Natalse jongmense sou wees.³⁷⁹⁾ 'n Voormalige lid van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, mnr. Gert Aveling, het uit Harrismith se wêreld met trots adv. Jansen geprys vir sy geslaagde poging om 'n unie van debatsverenigings van stapel te stuur.³⁸⁰⁾

Ten spyte van die verwagtings was die opkoms by die stigtingsvergadering teleurstellend. Slegs nege debatsverenigings was verteenwoordig.³⁸¹⁾ Adv. Jansen het eerstens die konsep-statute vir bespreking voorgelê. Na 'n lang bespreking is die statute met wysigings, wat onder meer deur die Pietermaritzburgers op inisiatief van adv. Jansen voorgelê is,³⁸²⁾ aanvaar. Dit het bepaal dat die naam van die unie, die Unie van Natalse Debatsverenigings sou wees. Die doel sou die bevordering en uitbreiding van en toesig oor die werksaamhede van die Natalse debatsverenigings, en die stigting van nuwe verenigings, wees. Geen daadwerklike aandeel sou in politieke sake toegelaat word nie.³⁸³⁾

Die nege verenigings se afgevaardigdes het formeel tot die stigting van 'n debatsunie besluit en die nuutgekoose bestuur het uit die volgende lede bestaan: Adv. Jansen, die voorsitter, mnr. B. Hattingh, die ondervoorsitter, mnr. J.G. Roos, die sekretaris en penningmeester, en mnre. B.I. Vorster en J.C. Vermaak as die addisionele lede.³⁸⁴⁾

Hierdie goedbedoelde poging wat deur die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging van stapel gestuur is, het misluk.³⁸⁵⁾ Na die bogenoemde stigtingsvergadering het die unie nie weer byeengekom nie.³⁸⁶⁾ Verskeie redes is vir die mislukking aangevoer.

In Natal was daar op daardie stadium sekere interne of eiesoortige faktore aanwesig, wat die poging gekelder het. Volgens ds. H.J. de Vos van

Paulpietersburg was die mislukking van die unie in die feit geleë, dat die bestuurslede te ver van mekaar gewoon het.³⁸⁷⁾ Adv. Jansen het beken dat die unie se bestuur een keer in Dundee vergader het,³⁸⁸⁾ maar dat die sekretaris daarna met al die unie se dokumente spoorloos uit Natal verhuis het. Adv. Jansen kon hom nie weer opspoor nie.³⁸⁹⁾

Adv. Jansen was in 1917 van mening dat die "tyd nog nie ryp was" vir 'n unie van debatsverenigings nie.³⁹⁰⁾ Ds. Pellissier het die standpunt gedeel en die unie as 'n doodgebore poging bestempel.³⁹¹⁾ **De Bode** het dié periode van doodsheid wat die Natalse Unie van debatsverenigings beleef het, met soortgelyke omstandighede en probleme in die ander provinsies vergelyk.³⁹²⁾ Dit was nie net die Natallers wat nie hul Unie van Debatsverenigings op dreef kon kry nie. Behalwe vir die Unie van Debatsverenigings in die Oranje-Vrystaat, het die Kaaplandse en Transvaalse unies ook die wind van voor gekry.³⁹³⁾ Die Kaapse Unie van Debatsverenigings het vanaf 1913 onaktief geword.³⁹⁴⁾ Dit was teen 1915 nog nie ontbind nie, maar het egter nie meer gefunksioneer nie. Die Kaapse Christelike Jongeliede Vereniging het gedurende die tyd 'n oplewing getoon.³⁹⁵⁾ Die Unie van Debats- en Jongelingsverenigings in Transvaal het vanaf 1906-1912 bestaan en is in 1914 weer herstig.³⁹⁶⁾

Teen 1910 was daar nog nie 'n breë kulturele bewussyn onder die Natalse Afrikaanssprekende gemeenskap aanwesig nie.³⁹⁷⁾ Die feit dat nie al die debatsverenigings aan die stigtingsaksie van die unie deel gehad het nie,³⁹⁸⁾ is 'n voorbeeld van die kulturele apatie wat geheers het.³⁹⁹⁾ Ander redes vir die mislukking van die unie was dat Natalse Afrikaners yl versprei oor die provinsie gewoon het. Slegs 'n paar verenigings met 'n skrale ledetal kon so aan die lewe gebly het. Die afwesigheid van 'n digte bevolking, groot stede, en opleidingsentrums waar studente 'n leidende rol kon speel, het ook debatsverenigings lamgelê.⁴⁰⁰⁾ Hoewel die konsep van debatsverenigings teen die tyd goed bekend was, was

daar nog baie Afrikaners wat die verenigings as waardeloos beskou het.⁴⁰¹⁾ Sommige ouers het hul kinders selfs verbied om debatsverenigings te besoek.⁴⁰²⁾

In die lig van sulke omstandighede is dit te verstane dat eksterne faktore soos die Eerste Wêreldoorlog en die gepaardgaande gespanne landsomstandighede, dié tipe kultuuraksie van sy lewenskragtigheid beroof het.⁴⁰³⁾ Sommige debatsvereniginglede het militêre diens gedoen, baie fondsinsamelingspogings vir die oorlogspoging het nuwe jolyt verskaf, en in die algemene onseker toestand wat geheers het, het debatsverenigings vir hul voortbestaan geveg.⁴⁰⁴⁾ In sulke omstandighede is dit begryplik dat die aktiewe ondersteuning van 'n Unie van Debatsverenigings 'n lae prioriteit was.

Hoewel die Natalse Unie van Debatsverenigings feitlik net in naam bestaan het, het vermelding daarvan tog van tyd tot tyd in debatskringe voorgekom.

Gedurende Augustus 1910 het die Pietermaritzburgse Debat- en Letterkundige Vereniging sekere voorstelle oor die rol van die debatsverenigings in die bevordering van geskiedenis geformuleer. Adv. Jansen het onderneem om die voorstelle op die volgende bestuursvergadering van die Unie vir bespreking voor te lê.⁴⁰⁵⁾ Adv. Jansen het tydens die debatsvereniging se 1911-jaarvergadering in sy voorsittersrede onder meer van die Unie van Debatsverenigings melding gemaak, sonder om na die werksaamhede van die bestuur te verwys.⁴⁰⁶⁾

Adv. Jansen het ook die Unie van Debatsverenigings se bestaan aan die Akademie se werksaamhede gekoppel. Hy het op versoek van prof. G. Knothe die sekretaris van die Akademie, om verslag te lewer oor

watter Natalse verenigings die doelstellings van die liggaam kon bevorder,⁴⁰⁷⁾ die debatsverenigings uitgesonder. Hy het egter die individuele affiliasie van debatsverenigings by die Akademie bevraagteken. Hoewel hy eers die bestuur van die unie oor die saak wou raadpleeg, het hy sy reeds bekende standpunt oor affiliasie met die Akademie gehandhaaf. Die Unie van Debatsverenigings was vir hom die oorkoepelende samebindende liggaam wat die individuele debatsverenigings met die Akademie se voedingskrag moes voed.⁴⁰⁸⁾

Op hierdie wyse het die Akademie se Affiliasiekommissie, waarvan adv. Jansen ook lid was, kennis geneem van die Natalse Unie van Debatsverenigings se voorneme om by die liggaam te affilieer.⁴⁰⁹⁾ Hoewel die affiliasie op 'n losse basis geskied het, moes die geaffilieerde verenigings verslae oor hul werksaamhede indien. Die besluit het die doodsheid van die Natalse Unie van Debatsverenigings in Akademiekringe aan die kaak gestel. Adv. Jansen kon nie oor hul werksaamhede verslag lewer nie en gevolglik het die Affiliasiekommissie die Natalse Unie van Debatsverenigings in 1914 as "dood" aangegee.⁴¹⁰⁾

Die Affiliasiekommissie het egter bemoedigende kommentaar oor dié "dooie" unie gelewer. Volgens hulle het die unie, van al die "gestorwe" geaffilieerde verenigings, die beste kans op herlewing gehad.⁴¹¹⁾ Die rede vir die besluit was dat die sekretaris van die unie,⁴¹²⁾ vir die Akademie laat weet het dat die Natalse Unie is "om zo te zeggen dood, doch er bestaat hoop om haar weer levend te krijgen en in die richting wordt tans weer gewerkt".⁴¹³⁾

Hierdie hernieude roeringe het uit 'n pleidooi in **De Bode** van 15 Junie 1914 gespruit. Hierin word naas die beklemtoning van die noodsaaklikheid en betekenis van 'n debatsunie, 'n poging aangewend om die vroeër bestaande unie wakker te skud. Die pleidooi is veral aan die ou bestuur

van die unie gerig. Alle ander belangstellendes is ook versoek om korrespondensie oor die saak te voer. **De Bode** het vol verwagting verklaar dat deur die foute en swakhede van die verlede te vermy, 'n unie tot stand gebring kon word wat lewenskragtig sou wees.⁴¹⁴⁾

Kort hierna het adv. Jansen gereageer. In 'n brief in **De Bode** en **De Afrikaner** het hy 'n beroep op sekretarisse en sekretaresse van debatsverenigings gedoen en gevra dat hulle so spoedig moontlik hul verenigings se name en adresse en hul standpunte oor die debatsunie se herstigting, aan Gert Nel moes stuur. Adv. Jansen het vir die eerste keer die sluier oor probleme van die vorige debatsunie gelig. Mnr. Roos, die debatsunie se sekretaris, het spoorloos uit Natal verhuis en adv. Jansen kon nie die unie se dokumente in die hande kry nie. Mnr. Gert Nel, die sekretaris van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, sou as tydelike sekretaris van die herstigtingspoging optree.

Adv. Jansen het die debatsverenigings verseker dat indien daar genoegsame belangstelling getoon word, handelend opgetree sou word. Adv. Jansen het verontskuldigend die verenigings verseker dat hulle nie moet dink dat 'n herstigte unie weer tot niet sou gaan nie. Hy het ook die verwagting in **De Bode** onderskryf dat hulle die swak punte van die vorige unie moes vermy en 'n unie tot stand bring wat op 'n hegte basis funksioneer.⁴¹⁵⁾

Die beroep en gevraagde briefwisseling oor 'n debatsunie het blykbaar nie byval gevind nie. Geen enkele brief is ontvang nie.⁴¹⁶⁾ Dit was waarskynlik die ongunstige landsomstandighede wat sy tol geëis het. Dit het selfs die debatsverenigings se voortbestaan bedreig en onder sulke omstandighede was daar blykbaar nie 'n behoefte aan 'n debatsunie nie.⁴¹⁷⁾

Gedurende Februarie 1915 het die samesnoering van kultuurverenigings met 'n Kaapse draai in Natal weerklank gevind. Byna alle Kaapse jongeliede debatsverenigings het onder 'n oorkoepelende Christelike Jongelieden Vereniging gestaan. Die verskillende streke is in ringe onderverdeel en die gedagte was dat Natal as 'n ring by die Kapenaars moes inskakel.⁴¹⁸⁾ Die amalgamasiepoging het heelwat bespreking uitgelok.⁴¹⁹⁾ Die voorstel is ook tydens die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging se sewende jaarvergadering bespreek. Adv. Jansen en prof. Besselaar het egter die gedagte aan inskakeling by die Kaapse verenigings in hul debatsvereniging hokgeslaan omdat dit moontlik 'n bedreiging vir hul inisiatief was.⁴²⁰⁾

Hierna was die debatsunieszaak weer vir bykans twee jaar aan die broei. Adv. Jansen het gedurende 1915 sy politieke loopbaan met mening gepak en ook gedurende 1916 uit die bestuur van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging bedank.⁴²¹⁾

Ten einde groter belangstelling in debatsverenigings te wek het 'n persoon onder 'n skuilnaam "Hansie",⁴²²⁾ gedurende Januarie 1916 die noodsaaklikheid van debatsverenigings gepropageer.⁴²³⁾ Terselfdertyd het twee jong manne, mnr. P.J. Naude en M. Muller, die sekretaris en voorsitter van die Maatskappelijke Jongelieden Vereniging op Dundee, groot ideale op die gebied gekoester. Mnr. J.C. Vermaak, wat in 1890 die eerste debatsvereniging in Natal gestig het⁴²⁴⁾ en waarskynlik op die bestuur van die eerste Natalse debatsunie gedien het,⁴²⁵⁾ het mnr. Naude en Muller aangemoedig om 'n amalgamasieaksie van stapel te stuur. Die twee entoesiastiese jongmanne wou dadelik 'n kongres belê. Mnr. Vermaak het hulle aangeraai om met adv. Jansen en prof. Besselaar kontak te maak, aangesien hulle een van die oudste Natalse debatsverenigings met ywer en bekwaamheid gelei het. Op 9 Februarie 1916 het hulle aan adv. Jansen geskryf en gevra dat hy die voortou in die hernieude amalgamasiepoging moes neem.⁴²⁶⁾

Ongelukkig het adv. Jansen ten tye van die briefwisseling siek geword en 'n operasie ondergaan.⁴²⁷⁾ Mnr. Naude het 'n tweede brief aan adv. Jansen gerig, waarop prof. Besselaar geantwoord het dat adv. Jansen weens swak gesondheid hom nie met die saak sou kon bemoei nie.

Prof. Besselaar en mnr. Naude het die poging verder beplan. Prof. Besselaar was van mening dat 'n kongres van debatsverenigings uitgestel moes word, aangesien die Pietermaritzburgers alreeds besig was om 'n Taalkongres te beplan. Prof. Besselaar het mnr. Naude versoek om intussen 'n konsepkonstitusie vir die voorgestelde organisasie van debatsverenigings op te stel.⁴²⁸⁾

Prof. Besselaar en mnr. Naude het ook besluit dat indien daar genoegsame belangstelling sou bestaan, hulle 'n kongres vir die debatsverenigings sou reël. Mnr. Naude het vir bykans 'n jaar gepoog om die debatsverenigings se belangstelling vir die saak te prikkel.

Hy het gedurende April 1916 'n beroep op alle debatsverenigings gedoen om hul name en adresse aan hom te stuur. Hierdeur kon hy met alle verenigings kontak maak en korrespondensie met hulle voer met die oog op beter samewerking.⁴²⁹⁾

Die debatsverenigings het baie traag op die versoek van mnr. Naude gereageer. Hy het gedurende September 1916 noodgedwonge weer 'n beroep op debatsverenigings gedoen en hulle aangemoedig om te reageer, ten einde 'n kongres van alle belangstellendes te belê.⁴³⁰⁾ Mnr. Naude het hierna vyftien verenigings se name en adresse ontvang. Op grond van hierdie reaksie is besluit om 'n kongres te belê ten einde die kwessie van 'n debatsunie uit te pluus.⁴³¹⁾

Adv. Jansen het intussen weer die leisels van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging oorgeneem en met nuwe ywer op die kultuurakker begin werk.⁴³²⁾ Hy het ook die leiding van die bogenoemde amalgamasie betoog op hom geneem. Op 17 Maart 1917 het hy sy debatsvereniging se lede meegedeel dat die bestuur besluit het om 'n kongres van debatsverenigings gedurende Mei 1917 in Pietermaritzburg te hou.⁴³³⁾ Op 3 April 1917 het adv. Jansen, as voorsitter van sy debatsvereniging, alle ander debatsverenigings na 'n kongres opgeroep, wat op 24 en 25 Mei 1917 in die Gedenksaal gehou sou word.⁴³⁴⁾ Sewentien verenigings (dit is, debatsverenigings, Christelike jongeliede verenigings en 'n Strewersvereniging)⁴³⁵⁾ het besluit om afgevaardigdes na die kongres te stuur.⁴³⁶⁾

De Afrikaner het sy lesers daarop gewys dat die beoogde kongres met die nodige ondersteuning, tot voordeel van die Natalse Afrikaner se gemeenskaplike belange sou wees.⁴³⁷⁾

Dit is opvallend dat van die besprekingspunte wat die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging vir oorweging voorgelê het, later die spil geword het waarom die Saamwerk-Unie sou draai en van die liggaam se grootste kultuuraksies sou word. Dit is voorstelle soos die aflegging van eksamens op die lees van die Vrystaatse Chautauquau Lees- en Studiesirkel, die instelling van Afrikaanse taaleksamens en die interdebatskompetisies, wat deur die kongres aanvaar is.⁴³⁸⁾

Die Pietermaritzburgers het 'n keurige en sinvolle tweeclagse program vir die kongresgangers opgestel.⁴³⁹⁾ Die program het die destydse "**debatskultuur**" uitmuntend uitgebeeld.

Die kongresgangers is Woensdagaand, die 23ste Mei, in die Gedenksaal onder voorsitterskap van adv. Jansen op prysenswaardige sangsolo's,

'n kooritem (waaraan adv. Jansen deelgeneem het), 'n "vokaal duet" van die Wolhuter susters, voordragte en verversings, onthaal. Die plaaslike debatsvereniging se amateurs met dames soos Ethel en Ella Wolhuter, Mabel Jansen, De Waal, Von Gruting, Van Rooyen en Ingram, en mans soos adv. Jansen, Prinsloo, Cronje en Thorn, het die sukses van die verwelkomingsonthaal met hul gewaardeerde items beklink. Adv. Jansen en sy vrou het, as voorsitter en sekretaresse van die plaaslike debatsvereniging, die onthaal gereël.⁴⁴⁰⁾

Teen halftien die volgende oggend het 48 afgevaardigdes van 17 verenigings die presensielys tydens die kongresopening geteken.⁴⁴¹⁾ Later die oggend het nog heelwat meer mense opgedaag.⁴⁴²⁾

Adv. Jansen is met algemene stemming en onder applous as kongresvoorsitter verkies. Nadat hy die kongresgangers op 'n gepaste wyse vir die eer bedank het, het hy voorstelle vir 'n kongressekretaris gevra. Mnr. P.J. Naude, die man wat die vorige jaar die amalgamasiebetog gevoer het, is in die pos verkies. Adv. Jansen het ook eerw. J.J. Ross, ds. Pellissier en prof. Besselaar as eregaste na die verhoog geroep.

Na die konstituering en ds. Pellissier se openingsgebed, het adv. Jansen sy openingsrede in Afrikaans gelewer. Hierin het hy die bogenoemde begroundingsgeskiedenis van 'n debatsunie beskryf en beklemtoon dat hulle uit die vorige mislukking moes leer. Sodoende kon hulle beter te werk gaan, om "so te bou, dat wat ons hier vandag oprig, vir altyd moet hou!"⁴⁴³⁾ Die motivering vir so 'n uitspraak was vir adv. Jansen geleë in die groot belangstelling wat debatsverenigings in die kongressitting geopenbaar het. Alle verenigings wat genooi is, het afgevaardigdes na die kongres gestuur.

Dit is asof adv. Jansen 'n herhaling van die eerste mislukte debatsunie ten alle koste wou vermy. Hy het die kongresgangers daarop gewys dat die suksesvolle realisering van die 23 besprekingspunte en die konstitusie van die te stigte debatsunie, van elke betrokke persoon sal afhang: "Als ons iets goeds tot stand wil bring, dames en here, dan moet ons werk! En als ons nie gewillig is om te werk en opofferings te doen, dan is dit verniet dat ons Kongresse hou en fraaie besluite neem. Wanneer die kongres agter die rug is, moet ons nie gaan stil sit in loutere bewondering van ons eie werk en die mooie besluite wat ons hier mag neem, maar laat elkeen van ons hom voorneem om te doen wat hij kan vir Kerk en Volk en Taal in sy eie omgewing. Laat ons hoge ideale koester in ons volk en vir onself en laat ons deurdronge wees met die oortuiging dat hoe harder en swaarder ons werk vir 'n saak des te meer sal ons dit waardeer, en dat geld ook ons verenigings en ons kerk."⁴⁴⁴⁾

Hierdie opheffingspleidooi van adv. Jansen is deur sy twee Pietermaritzburgse kultuurmakers voortgesit. Ds. Pellissier het die vorm, doel en werksaamhede van 'n debatsunie beklemtoon. In sy toespraak "Die verhouding van ons verenigings tot ons Kerk," het hy veral vir 'n sterk kerklike band in die debatsunie gepleit.⁴⁴⁵⁾ Prof. Besselaar het in 'n treffende rede oor "De Opvoedkundige Betekenis onzer verenigings," die doel, aard en betekenis van die debatsverenigings as wêreldwye verskynsel uiteengesit.⁴⁴⁶⁾

Eerw. J.J. Ross, die vader van die Chautauqua-Lees- en Studiesirkel op Kestell, het die opvoedkundige rol van die debatsverenigings in die praktyk uiteengesit. Dié rol was om die volk die kennis te gee wat hulle veral op die platteland ontbreek het. Dit is deur die aankweek van leeslus en die verspreiding van kennis bereik. Eerw. Ross het verduidelik hoe hy in Amerika met die Chautauqua-beweging as naskoolse opvoedkundige sentra kennis gemaak het en dit in 'n gewysigde en

aangepaste vorm sedert 1904 op Kestell ingevoer het. Die referaat het heelwat vroe uitgelok en 'n lewendige debat tot gevolg gehad.⁴⁶⁷⁾

Die besprekingspunte is met erns en groot geesdrif gedebatteer.

Die kongresgangers het alreeds met die eerste besprekingspunt op voorstel van prof. Besselaar 'n belangrike besluit geneem: "Dit Kongres van afgevaardigden van verenigings die werk voor de verstandelike, zedelike en godsdienstige verheffing van onze jonge mense besluit een Unie van deze verenigings te stichten."⁴⁶⁸⁾

Die besprekingspunt oor die amptelike taal van die debatsunie het vurige debatte opgelewer. Mnr. J.J. Boshoff was een van die manne wat geesdriftig vir Afrikaans gepleit het. Hy het beklemtoon dat Afrikaans die Afrikaner se moedertaal is en om dit aan die gebruik van Hollands te bly verbind sou onmoontlik wees. In 'n manmoedige besluit het die kongresgangers die volgende byderwetse taalmosie aangeneem: "Die offisiële taal van die Unie is die Afrikaanse taal, maar elke vereniging het die reg om hieromtrent sijn eie bepalinge te maak in sijn huishoudelike reëls."⁴⁴⁹⁾

'n Ander belangwekkende besluit wat geneem is, het oor 'n beskrywingspunt van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging gehandel. Die Pietermaritzburgers het gevra dat daar boeke voorgeskryf moes word waaroor daar eksamens op basis van die Chautauqua-beweging, afgelê kon word. Hulle het ook vir die aflegging van Afrikaanse taaleksamens gevra.⁴⁵⁰⁾ In 'n lewendige debat het verskeie kongresgangers hierdie voorstelle ondersteun, maar tog besware gehad teen die naam Chautauqua en die gedagte om by 'n Vrystaatse beweging in te skakel. Daar is eindelijk besluit: "Dat dit aan die bestuur

opgedra word om boeke voor te skryf vir bestudering deur lede van verenigings wat dit begeer, en eksamens daarop af te neem."⁴⁵¹⁾

Hiermee het die kongresgangers vir die begeesterde groepie Pietermaritzburgers 'n groen lig gegee, min wetende dat die besluit in 'n unieke eksamenstelsel sou ontwikkel. Die bestuursverkieping teen die einde van die kongres het 'n Pietermaritzburgse "kultuurjunta"⁴⁵²⁾ aan bewind gestel,⁴⁵³⁾ wat deur die bogenoemde besluit 'n vrye hand gehad het om die saak deur te voer.

Op voorstel van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, is ook besluit dat daar minstens een keer per jaar 'n interdebatskompetisie gehou sou word.⁴⁵⁴⁾ Dit het in 'n gewilde kompetisie tydens kongresse ontwikkel,⁴⁵⁵⁾ wat gesonde wedywing en verbeterde taalvaardigheid aangewakker het.

Die Donderdagmiddag ten tye van die behandeling van die kongreskonstitusie het die naamgewing van die debatsunie ter sprake gekom. Name soos "Unie van debatsverenigings" en "Voortrekkers Unie" is genoem, maar op voorstel van mnr. J.J. Boshoff is die naam "Die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings" (S.U.), aangeneem.⁴⁵⁶⁾

Die goedgekeurde konstitusie van die Saamwerk-Unie het bepaal dat dit uit verenigings sou bestaan wat aan die volgende voorwaardes voldoen: 'n vereniging moes uit minstens tien lede en 'n bestuur van minstens vyf lede bestaan en dat die vereniging se huishoudelike reglement nie in stryd met die Saamwerk-Unie se konstitusie moes wees nie. Die doel van die verenigings moes om die nasionale, verstandelike, sedelike of godsdienstige ontwikkeling van die lede wentel. Hierteenoor is bepaal dat die doel van die Saamwerk-Unie sou wees om die verskillende

verenigings te lei, te help ontwikkel, nuwe verenigings te stig, en toe te sien dat verenigings nie daadwerklik aan politiek deelneem nie.⁴⁵⁷⁾

Dit was eweneens 'n wyse besluit, omdat dit alle Afrikaners ongeag van hul partyverbintenis byeengebring het.

Met die samestelling van die hoofbestuur van die Saamwerk-Unie is doelbewus gepoog om die foute van die verlede te vermy. Daar is besluit om 'n voorsitter en sekretaris uit dieselfde dorp/omgewing te verkies. Die hoofbestuur is met stembriefies verkies en adv. Jansen is as die voorsitter, ds. Pellissier as die ondervoorsitter, prof. Besselaar as die sekretaris en penningmeester, mev. M. Jansen as die korresponderende sekretaresse en ds. M.W. Odendaal, mnr. F.W. van Reenen, L.P.R., en mnr. P.J. Fourie is as die drie addisionele bestuurslede verkies.⁴⁵⁸⁾

Adv. Jansen het die kongresgangers onder applous bedank vir die eer en vertroue wat hulle in hom gestel het. Hy het beloop om sy bes te doen om van die Saamwerk-Unie 'n sukses te maak.⁴⁵⁹⁾

Hierdie hoofbestuur sou hulle as 'n gedugte pak kultuurstryders onderskei en die Saamwerk-Unie met 'n verbeterde organisasiestruktuur, na ongekende kultuurhoogtes voer.

Mnr. B.I. Vorster het tydens die afsluiting van die kongres aangebied dat **De Afrikaner** een of meer kofomme per week aan die Saamwerk-Unie beskikbaar sou stel vir nuus.⁴⁶⁰⁾ Die Saamwerk-Unierubriek wat onder redaksie van mev. Jansen gestaan het, het die lewensaar van die Saamwerk-Unie geword. Die hernieude belangstelling en geesdrif oor die wel en wee van debatsverenigings wat tydens die kongres merkbaar was, het mev. Jansen vanaf die staanspoor ywerig aangewakker. Sy het die Saamwerk-Unie se doelstellings op 'n aanloklike wyse bevorder

in 'n aantal kommentare oor die stigtingsverrigtinge:

- * " 'Smaak na teer, lus na meer!' Als ons 'n lekker skiffie melktert geniet het, of miskien 'n geurige koppie koffie, dan klap ons ons lippe en sê: 'dit smaak na teer, ik lus na meer!'

- * "Nou ja, dis komplete net wat ons gesê het van onse kongres. Uit alle hoeke van Natal het ons hier op die ou voortrekkers-stad bymekaar gekom, en in die korte tiddjie het ons dit reg aangenaam gehad ..."

- * "Daar was 'n pragtige gees onder die afgevaardigdes - 'n gees van broederskap en eenheid, wat 'n mens se hart sommer laat lekker krij het.

- * "'Saamwerk' is net die regte naam vir ons Unie, want hij is uit 'n samewerking gebore en deur 'n saamwerk gees gestig. Alle soorte was ons hier bij mekaar, wildes, makkes, sappe, nattes, maar nie één nukkerige of koppige woord het 'n mens gehoor nie! ..."

- * "Iemand sê glad die ander dag: 'Julle mik te hoog!' Maar ik sê: hoe hoër 'n mens mik, hoe hoër skiet jij! Al kan ons nie die hoogste voëls raak skiet nie, ons gaan ten minste na hulle mik! 'n Mens weet mos nooit nie wat jij kan uitvoer nie totdat jij eers probeer.

- * "Praat van Kongres besluite! Ik staan die dag na die kongres in die saal. Dis leeg, en omgekrap, en pertij stoele lê onderste bo. Tussen die stof lê 'n opgevoude papiertje - vuil en vertrapt! Ik tel dit op en maak dit ope, - dis 'n afdruk van die kongres se besprekingspunte! Dis met potlood gekrap, en gemerk en beskrewes; dis, in ander woorde, onse kongres besluite! ..."

- * "Hoe dit ook al is, die papiertjie het mij 'n idee gegee. In die Unie kolomme sal die besluite van die kongres lewendig voor die oge van die takke gehou word, en ik gaan nou ook sommer die os bij die horens grijp en begin met, mijn's insiens, die gewigtigste besluit van almal: - Afrikaans, die offisiële taal - Hoera! ...
- * "Waarom was die kongres soon sukses. Waarom het die deelnemers so goed, en so glad, en so baie gepraat dat één armé besoeker moes klaag dat hij geen kans kon krij om te praat? Omdat almal Afrikaans gepraat het.
- * "Die ander provinsies noem Natal agter en konserwatief op taal gebied, maar in die besluit wat die Kongres omtrent Afrikaans geneem het, het ons getoon dat ons is die ander provinsies voor! Daar is maar min liggame van soon gewigtige aard soos onse Unie gaan word, wat sommer van die staanspoor af die regte taal als offisiële taal erken het!
- * "Ik ken 'n kleine tuintjie waar 'n patata rankie in een hoekie geplant was. Uit die uithoekie het die patatatjie begin te rank, en hij het gerank, en gerank en gerank. Hij het die hele tuin vol gerank; hij het naderhand dwars deur die sifdraad heining gerank, en al wat gerank het was die patatatjie! Gras, vuilgoed, het hij voor hom weg gedring en eindelijk staan die patata baas van die hele tuin!
- * "So moet dit met onse taal en onse Unie gaan! In een hoekie, in ou Pietermaritzburg, is die Unie geplant, en nou moet hij alles platloop en die hele Natal vol rank. Dit moet so 'n grote, sterke liggaam word, dit moet soon rol in die lewe, ontwikkeling en opvoeding van die Afrikaner gaan speel, dat die hele Suid-Afrika die gewig van onse werk moet besef!"⁴⁶¹⁾

Hierdie positiewe kommentaar en uiteensetting oor die bogenoemde hernieuide idealisme in die kultuurlewe van die Natalse Afrikaner is ook deur **Die Burger** onderskryf: "Hollandssprekend Natal is wakker, vol moed en geesdriftig en gaat nou werk! Baing mense in die susterprovincies dink dat Natal staat vir Engels deur en deur. Kom, kijk 'n bietjie!"⁴⁶²⁾

In dié verband kan ook ander kommentare oor die bogenoemde ontwikkeling genoem word. Hierin kan die innerlike dryfkrag van dié kultuurproses en die ontwikkelende selfbeeld van die Natalse Afrikaner gelees word.

In die eerste plek het die skuilnaam skrywer "Hansie"⁴⁶³⁾ in Januarie 1916 beskuldigend geskryf dat hy lank gewag het vir 'n bekwamer persoon (adv. Jansen?) om leiding in die debatsunie saak te neem en dit enduit te voer. Volgens hom was almal té besig met politiek (adv. Jansen?) om hulle aan ander kultuursake te steur. Sy poging was daarop gemik om weer eens die noodsaaklikheid van debatsverenigings onder die Afrikaners se aandag te bring.⁴⁶⁴⁾

De Afrikaner het later "diegene" (adv. Jansen?) wat die Saamwerk-Uniekongres gereël het en hoër geestelike ideale by die Afrikaner aangewakker het, geloof.⁴⁶⁵⁾ **De Afrikaner** het die tweedaagse stigtingskongres van die Saamwerk-Unie as 'n gedenkwaardige gebeurtenis beskryf. Dit was vir die Redakteur die geboorte van hoër geestelike ideale in Natalse Afrikanergeleedere.⁴⁶⁶⁾

Prof. Besselaar het die realisering van die Saamwerk-Unie en sy sukses daarna as 'n noodwendige kulminasiepunt beskou, wat op 'n reeks suksesvolle kongresse en byeenkomste gevolg het. Dit is die Taalkongres

van 25 en 26 Januarie 1917 te Greytown,⁴⁶⁷⁾ die Saamwerk-Uniekongres van 24 en 25 Mei 1917 te Pietermaritzburg, die Onderwyskongres van 4 en 5 Julie 1917 te Bloemfontein, die Organisasie van Taalvriende in Natal se kongres van 1 en 2 November 1917 te Utrecht, en die Resitasiewedstryd van 17 November 1917 op Pietermaritzburg, wat 'n saamstaan milieu geskep het. Die vyf groot "volksbyeenkomste" was volgens die Professor vir die Natalse Afrikaner van groot belang. Dit het die Afrikaner se volksgevoel tot daadkrag aangedryf, sy taalliefde aangewakker en so die ontwikkeling en sukses van die Saamwerk-Unie 'n saak van eer en gewete gemaak.⁴⁶⁸⁾

Adv. Jansen se kommentaar oor die bogenoemde ontwikkeling het nie slegs die voorafgaande standpunte in 'n breër perspektief gestel nie, maar ook die ontwikkeling, peil, en gestadigde momentum van dié kultuurproses aangetoon. Die aanloop, stigting, funksionering en sukses van die Saamwerk-Unie asook 'n evaluasie van adv. Jansen se leierskapsrol kon hieruit gelees word.

Vir adv. Jansen het die jarelange onvermoeibare ywer waarmee die vyftiental debatsverenigings hul kultuurboodskap uitgedra het, veel meer as net gesellige naskoolse opvoedkundige sentra geword. Dit het die groep se kulturbewussyn so geprikkel dat hulle deur amalgamasie 'n groter rol in die Afrikaner se gemeenskapslewe wou speel.

Die negatiewe implikasie van die mislukking van die 1910-debatsunie en "Hansie" se verwyd dat bekwame manne nie met dié tipe kultuurtake gemoeid is nie,⁴⁶⁹⁾ het adv. Jansen in 'n breër ontwikkelingspatroon gesien. Hoewel hy die tydsomstandighede as rede vir die mislukking van die 1910-debatsunie genoem het,⁴⁷⁰⁾ het hy die debatsverenigings geloof vir hul voortgesette ywer. Die debatsverenigings het ten spyte van moeilike tye, volgens adv. Jansen, voortgegaan met hul goeie werk

en dit was hulle wat die Saamwerk-Unie se stigting deur hul onvermoeibare ywer bewerkstellig het.⁴⁷¹⁾ Die verskeie amalgamasiepogings was veel meer as net mislukkings, dit het uiteindelik 'n saamwerkgees, wat in 1910 nog afwesig was, laat posvat.⁴⁷²⁾

Die Taalkongres van Januarie 1917 was vir adv. Jansen 'n bewys van die Afrikaner se ontluikende kulturele bewussyn. Die ongekeende belangstelling en geesdrif wat dit uitgelok het, het aan die Afrikaner getoon waartoe hulle in staat is. Adv. Jansen het prof. Besselaar se standpunt ondersteun dat die Taalkongres in Januarie 1917 die suksesvolle loodsing van die Saamwerk-Unie gerugsteun het.⁴⁷³⁾

Adv. Jansen se onderneming dat die yweraars vir 'n debatsunie alles wat moontlik is, sou doen om die sukses van die poging te verseker, het die lewenskragtigheid van die Saamwerk-Unie verhoog.⁴⁷⁴⁾

Adv. Jansen het by herhaling die sukses van die Saamwerk-Unie grootliks aan die besieling en toewyding van die hoofbestuurslede toegeskryf. Die Saamwerk-Unie se besluit om 'n voorsitter en sekretaris vir die hoofbestuur te verkies wat in een dorp woon, en die gedagte dat verkose hoofbestuurslede maklik vir vergadering bereikbaar moes wees, het die organisasiestruktuur van die Saamwerk-Unie verbeter.⁴⁷⁵⁾

Hoewel adv. Jansen vir die eerste sewe jaar die voorsitter van die Saamwerk-Unie was, het hy veral die "liefdeswerk" van prof. Besselaar en mev. Jansen wat die liggaam deur sy vestigingsjare gedra het, beklemtoon.⁴⁷⁶⁾ Die "liefdeswerk" was ook op hom van toepassing. Dit was sake soos sy leiding op die hoofbestuur en kongresse, sy rol in die skepping en uitvoering van die Saamwerk-Unie-rubriek as byvoegsel tot **Die Afrikaner**⁴⁷⁷⁾ en die Saamwerk-Unie se taaleksamens,⁴⁷⁸⁾ die

ongesiene hulp wat hy aan die sekretaris en korresponderende sekretaresse gelewer het⁴⁷⁹⁾ en sy latere betrokkenheid as ere-voorsitter, wat hom 'n steunpilaar gemaak het.⁴⁸⁰⁾

Hierdie ywer en deeglikheid van die eerste hoofbestuur was 'n waarmerk van hoogstaande gehalte wat die besielde groepie aan die beweging gegee het. Gedurende die sewe jaar voorsitterskap van adv. Jansen is die Saamwerk-Unie immers as Natalse kultuurfederasie gevestig en landswyd erken.

Adv. Jansen het die sukses van die Saamwerk-Unie ook toegeskryf aan die nougesette uitlewing van die doel van die liggaam: "As die doel en beleid nie reg is nie kan geen ywer of deeglikheid 'n beweging of organisasie laat geluk nie. Die S.U. het sukses gehad omdat sy doel suiwer die bevordering van die Afrikaanse kultuur was ... om die medewerking te kry van almal wat daardie doel wou bevorder, afgesien van watter politieke party hulle mag voorstaan ... sodra 'n kultuurvereniging in ons land hom op partypolitieke terrein begeef of hom met 'n politieke party vereenselwig, sal hy sy nuttigheid vir Afrikanerdom in 'n groot mate verloor. Hy sal nie alleen homself nie maar ook die Afrikanersaak skade aandoen. Politieke partye kom en gaan, hul doelstellings verander van tyd tot tyd en wat vandag as 'n regte beleid vir 'n party beskou word, mag môre as skadelik verwerp word. Maar die Afrikanernasie bly voortbestaan, dit is 'n groeiende organisme wat sy eie lewensvatbaarheid besit en wat hom nie laat bind of beperk deur voorskrifte van politieke partye of ander liggame nie. 'n Kultuurbeweging wat die groei van die Afrikanernasie wil bevorder moet dwarsoor alle politieke partye sny, en daarom moet hy die medewerking soek van alle Afrikaners afgesien van watter politieke party hulle ondersteun. Jy is nie Afrikaner omdat jy aan een of ander politieke party behoort nie, maar omdat jy aan 'n nasie behoort wat dieselfde taal praat, dieselfde Christelike godsdiens beoefen, dieselfde

geskiedenis en kultuur huldig, en bo al dieselfde vaderland bemin. Dit is 'n totaal verkeerde en dwase idee dat lidmaatskap van een of ander politieke party of beweging 'n toets kan wees van jou Afrikanerskap."⁴⁸¹⁾

Volgens adv. Jansen was 'n bepalende faktor in die Saamwerk-Unie se suksesverhaal, die liggaam se nuus wat die lede weekliks in **Die Afrikaner** kon lees. Mev. Jansen het ywerig gesorg dat die Saamwerk-Unierubriek twee-weekliks in **De Afrikaner** en vir 'n tydjie as 'n byvoegsel in die koerant verskyn.⁴⁸²⁾ Dié rubriek was die polsslag van die beweging omdat dit al die geaffilieerde verenigings se werksaamhede weerspieël het, die kongresbesluite en die hoofbestuur se inisiatiewe op 'n verkwiklike wyse uitgedra het.

Die jaarlikse kongresse was egter die hoogtepunt van die Natalse Afrikaner se kultuurlewe en as sodanig deel van die Saamwerk-Unie se suksesresep. Vir adv. Jansen was dit die aangenaamste van al die kongresse wat hy jaarliks moes bywoon. Hierdie aantrekkingskrag van die kongresse was vir adv. Jansen geleë in die gees van welwillende samewerking wat die kongresgangers aan die dag gelê het. Die sogenaamde Saamwerk-Uniegees het adv. Jansen in geen ander liggaam aangetref nie, "wat dit 'n plesier gemaak het om jou kragte aan die saak te wy."⁴⁸³⁾

Die aangename herinnering van die kongresse is nie net deur adv. Jansen vertoetel nie. Prof. Besselaar wat baie bygedra het tot die kongresse se sukses⁴⁸⁴⁾ het eweneens die gewaarwording van adv. Jansen ondersteun.⁴⁸⁵⁾

'n Verslaggewer van **Ons Vaderland** het adv. en mev. Jansen se rol tydens kongresse by geleentheid só beskryf. "Dit was so mooi om te sien hoe

adv. en mevr. Jansen, wat ongetwyfeld die siel van die Unie en van alle Afrikaanse ondernemings in Natal is, waardeer word."⁴⁸⁶⁾

Adv. Jansen kon gedurende die sewe jaar wat hy as voorsitter van die Saamwerk-Unie opgetree het, drie kongresse (in 1919,⁴⁸⁷⁾ 1921,⁴⁸⁸⁾ 1922)⁴⁸⁹⁾ nie bywoon nie. 'n Kommentaar oor sy afwesigheid in 1921 het die gewildheid van sy leierskap geïllustreer. "Die stem van ons geliefde voorsitter, adv. Jansen, het ons waarlik gemis; nog op reis naar Paulpietersburg as afgevaardigdes mekaar ontmoet is byna die gelyktydige vraag: 'Sal mnr. Jansen daar wees?' Dit wys net hoe die Saamwerk-Unie hom waardeer."⁴⁹⁰⁾

Kommentare oor die leemte wat adv. Jansen na sy bedanking as voorsitter gelaat het, het hierdie bogenoemde beeld bevestig en is ook 'n eietydse evaluasie van sy leierskapsrol in die Saamwerk-Unie.

Vir prof. Besselaar was adv. Jansen se afwesigheid op die 1925-kongres 'n jammerte, omdat hy as vertroude stuurman nie meer op sy pos was nie. Al troos vir die treurendes was dat hul eerste voorsitter verhoogde status gekry het. Nadat adv. Jansen vir sewe jaar die voorsitter van die Natalse unie van debatsverenigings was, het hy voorsitter (speaker) van die grootste debatsvereniging (die volksraad) in die land geword. "Ons voel net trots op die seun van Natal en bid hom die wysheid en genade toe wat hy daar seker nodig het", het prof. Besselaar in sy openingsrede gesê.⁴⁹¹⁾

Mnr. C.M. Booyen het in 1926 beken dat die leemte wat adv. Jansen se leierskap gelaat het, die vrees laat ontstaan het dat die Saamwerk-Unie sou ondergaan.⁴⁹²⁾ Sir George Plowman, die administrateur van Natal, het in 1926 verklaar dat adv. Jansen die krediet moet ontvang vir die samesnoering van die Natalse debatsverenigings in 'n organisatoriese eenheid.⁴⁹³⁾

Die Afrikaner het ook hulde gebring aan persone, soos adv. Jansen, wat in 'n oorweldigende Engelse provinsie, 'n kulturele reddingspoging van stapel gestuur het. Hierdeur het die "eenmaal half vermoorde nasionaliteitsgevoel van die Natalse Afrikaanssprekendes stadigaan weer wakker geword, sy kop opgetel, sy stem laat hoor, aan werk gegaan, opgebou wat afgebreek was, voortgesit wat nog bestaan het en stadig kweek hy vandag aan wat verder nodig is om die Afrikaner-element intellektueel, sosiaal en moreel op te hef."⁴⁹⁴⁾

Hierdie waardering het enersyds uit adv. Jansen se onbaatsugtige dienslewering gespruit. Andersyds het die waardering uit sy lewenshouding gespruit. Die handhawing van 'n Christelike Afrikanervolkskap was vir hom 'n leefwyse wat hy in elke Natalse Afrikaner wou sien: "Op diegene van ons wat in 'n Engelsprekende omgewing woon, rus daar 'n besondere verantwoordelikheid. Daar moet toegesien word dat ons altyd en in alle opsigte Afrikaners bly. En dan moet ons sorg dat ons daelikse lewe so ingerig word, dat ons die naam van Afrikaner hoog hou, sodat andere aangetrek word om saam met ons te staan vir dinge waarvoor ons ywer."⁴⁹⁵⁾

Die diepe erns waarmee die Jansens dié ideale nagestreef het en die moontlike futiliteit van hul pogings spreek duidelik uit mev. Jansen se "hoofartikel" in een van haar Saamwerk-Unierubrieke: "Vir ons mense hier in Natal wat so verspreid tussen vreemde elemente woon, is dit besonder aanmoedigend om verrigtinge by te woon waar die gees - jouw gees is en die taal - jouw taal! Dikwels in die vegte vir regte lijk die stryd so hopeloos in die minderheid, sal ons ooit krij wat ons toekom?' En dan, soos Elija gooi jij moed op en roep: 'Is ik dan die enigste wat getrouw is?' Op soon Kongres krij 'n mens jouw antwoord. Verrast soos die profeet moet jij verneem dat daar nog honderde anders is wat ook nog getrouw is! Dis dit wat ons nuwe moed gee, en ons die moeite en onkoste van soon kongres vergeld."⁴⁹⁶⁾

Die realisering van 'n bewussyn van hoër geestelike waardes het vir adv. Jansen in die aktiwiteite van die Saamwerk-Unie gelê. Die verantwoordelikheid vir die uitvoering van dié aktiwiteite en so die nakoming van die doel van die beweging het vir adv. Jansen op elke individuele lid berus.

Ten einde dié verantwoordelikheid van individuele lede te verduidelik het adv. Jansen die Saamwerk-Unie met 'n duisendpoot vergelyk: "Die pote of bene is die lede van die vereniginge. Die lyf is die unie of al die vereniginge saamgebonde tot één liggaam, en die kop is die bestuur: Die één is deel van die ander, die één vul die ander aan, tog elkeen het sy eie funksie, en almal tesame vorm 'n lewende krag ... Die kop bestuur die liggaam, die liggaam ondersteun en voed die kop; die bene hou die liggaam op, en is die bewegende krag wat die liggaam bring waar hij behoort te wees!

"As die werk van die Saamwerk Unie dus 'n sukses moet wees dan moet die lede, in die eerste plek, getrouw wees aan hulle roeping. Ons lede neem nie hulle werk ernstig genoeg op nie. Elke persoon wat sig by 'n vereniging aan sluit neem 'n sekere verantwoordelikheid op hom en as lid van 'n unie rus nog 'n groter plig op hom ... Die aansluit van 'n persoon by so 'n liggaam is in sigself alleen 'n onderneming om die doel en strewe van so 'n vereniging te bevorder ..."⁴⁹⁷

Adv. Jansen het ook tydens twee kongresse, 1918 en 1932, die praktiese uitlewing van die doel van die Saamwerk-Unie (d.i. die nasionale, verstandelike, sedelike en godsdienstige verheffing van die volk)⁴⁹⁸ vir die lede verduidelik. Hy het verklaar dat daar nie te veel klem op die nasionale ontwikkeling van die volk gelê moes word nie. So 'n beklemtoning kan in politieke kwessies ontaard. Daarom moes die Saamwerk-Unie hoofsaaklik op die verstandelike ontwikkeling van sy

lede konsentreer: "Maak 'n man se verstand wakker en dan gaan sij geestelike oë dikwels ook oop. Gee hom 'n ware begrip van die lewe, van die heelal en van homself as nietige faktor in die wêreld, dan val sij selftevredeheid, sij bekrompenheid van hom weg soos winterblare van 'n boom, dan krij hij eerbied vir die Skepper van die Heelal en ook eerbied vir homself as skepsel van die Skepper. Gee 'n man selfrespek dan moet hy noodwendig getrou wees aan homself, sij volk en sij kerk."⁴⁹⁹⁾

Dit maak volgens hom die ware doel van die Saamwerk-Unie 'n geestelike doel. Adv. Jansen was van mening dat dié verhewe roeping van die Saamwerk-Unie in 1918 nog nie ten volle deur alle lede besef is nie.

Hy het die verhewe roeping en strewe na hoër geestelike waardes met die volgende voorbeelde verduidelik. As geestelike bouers mag hulle miskien nooit die vrug van hul strewe sien nie, omdat geestelike vooruitgang nie met 'n maatstok gemeet kan word nie. Verstandelike ontwikkeling kan gepeil word uit die vordering wat gemaak word, maar in hoeverre iemand se siel aangeraak is, sal nooit besef word voordat die sluier van die ewigheid voor hul oë weggeskeur word nie. "Ons is geestelike arbeiders", het adv. Jansen verklaar, "en teleurstelling en ontmoediging wag ons aan alle kante, maar ons doel is waardig alle opofferinge laat ons volhard, alle mogelike middele daarstel - die uitwerking rus in 'n Hoër Hand. Stadig maar seker moet ons vooruit gaan. Elke jaar moet ons iets tot stand bring wat kan staan as 'n monument van die ywer en erns van die Saamwerk Unie. Elke jaar verder - elke jaar Hoër op, en as die dag kom dat ons uit die werk val, dan moet die Saamwerk Unie as 'n skitterende erfdeel aan ons nageslag blij. Hoër op - totdat in die geskiedenis van die Afrikanervolk met grote letters staan: Die Saamwerk Unie van Natalse Vereniginge."⁵⁰⁰⁾

Die besieling waarmee adv. Jansen die geestelike idealisme van die Saamwerk-Unielede aangewakker het, was in 'n groot mate

simptomaties van die besieling waarmee die aktiwiteite van die pakkende kongresprogramme afgehandel is. Die aktiwiteite het ook kompetering op provinsiale vlak 'n jaarlikse hoogtepunt gemaak. Met verloop van tyd is baie wedstryde/kompetisies tydens kongresse ingestel. Dit was onder meer resitasie-, voordrag en sangwedstryde, opstelle oor historiese onderwerpe, pryse vir presteerders in die taaleksamens, en veral die uiters gewilde interdebatskompetisies, wat groot geesdrif uitgelok het. Tydens elke kongres is baie pryse en bekere vir die beste kandidate in die verskillende kompetisies deur afgevaardigdes geskenk wat gesogte wisseltrofeë geword het. Die werksaamhede het so uitgebrei dat subkommissies (byvoorbeeld die eksamen, historiese, wedstryde kommissies) in die lewe geroep is.⁵⁰¹⁾

Die kompetisies/aktiwiteite wat deur die hoofbestuur tydens kongresse geloods is, is op kleiner skaal deur die verskillende verenigings uitgevoer.⁵⁰²⁾

'n Ander aspek van die Saamwerk-Unie se werksaamhede wat landswyd bekendheid verwerf het, was die instelling van twee eksamenstelsels. Die Saamwerk-Unie se hoofbestuur was vasbeslote om van die stigtingskongres se besluite, "om boeke voor te skryf vir bestudering deur lede van verenigings wat dit begeer, en eksamens daarvoor af te neem"⁵⁰³⁾ 'n sukses te maak. Hulle het op 19 Julie 1917 met die doel voor oë twee afsonderlike eksamenstelsels van stapel gestuur.

Die een stelsel, die sogenaamde studiesirkeleksamen, was op die lees van die Vrystaatse Chautauguabeweging gebaseer. Die eerste eksamen in die reeks het in Maart 1918 plaasgevind en het oor die inhoud van vyf voorgeskrewe boeke gehandel. Adv. Jansen, ds. Pellissier en prof. Besselaar het as eksamenkommissie opgetree.⁵⁰⁴⁾

Die ander stelsel was die omstrede maar tog byderwetse gedagte om die eerste Afrikaanse taaleksamens in Suid-Afrika in te stel. Die hoofbestuur het groot planne vir die taaleksamens gehad. Hulle het besluit om 500 of 1 000 kopieë van die Afrikaanse Spelreëls te bekom en mev. Jansen opdrag gegee om die eksamenstelsel te beplan.⁵⁰⁵⁾ Die taaleksamen is in drie fases afgeneem. Dit het as die Laer, Hoër en Hoogste Afrikaanse Taaleksamen bekend gestaan.⁵⁰⁶⁾ Die doel van hierdie taaleksamens was om die lede van die Natalse verenigings met hul Afrikaanse taalontwikkeling te help, veral omdat dit vir die ontwikkeling van die lede op die platteland van groot waarde kon wees.⁵⁰⁷⁾

Dié taaleksamens het onder die ywerige hand van mev. Jansen ver buite die grense van Natal weerklank gevind. Nadat dagblaaie in ander provinsies die Natalse stelsel van Afrikaanse taaleksamens aangekondig het, is 200 briewe van belangstellendes buite Natal ontvang. Die belangstelling spreek ook uit die inskrywings wat ontvang is. Net 65 van die 406 kandidate wat in 1917 ingeskryf het, was in Natal woonagtig.⁵⁰⁸⁾

Adv. Jansen het tydens die Saamwerk-Unie se 1918-kongres sy spyt uitgespreek oor die swak belangstelling in die Studiesirkeksamens, terwyl die taaleksamens se omvang hom verbaas het.⁵⁰⁹⁾ Slegs agt kandidate het die Studiesirkeksamens geslaag,⁵¹⁰⁾ terwyl 316 kandidate die Laer Afdeling van die taaleksamen geslaag het.⁵¹¹⁾

Adv. Jansen en sy mede-Natallers was met reg trots op die gunstige ontvangs van hul taaleksamens. Dit het ook aan vriend en vyand getoon dat die Natallers se strewe om hoër geestelike waardes te koester, vrugte afwerp. Ten tye van die tweede Saamwerk-Uniekongres op Vryheid het adv. Jansen die eerste sertifikate aan kandidate uitgereik, wat die eerste eksamen geslaag het: "Onvergeetlik was die moment toe mnr. J.J. Grové, 'n grysaard uit die distrik Dundee, onder groot gejuig na die verhoog kom om ook sy sertifikaat te ontvang!"⁵¹²⁾

Die getal inskrywings vir die Saamwerk-Unie se taaleksamens het jaar na jaar gestyg. In 1917 het 406 kandidate ingeskryf en in 1928 het 4 551 kandidate in steeds toenemende getalle ingeskryf.⁵¹³⁾

Die toenemende getal inskrywings het die begeesterde hoofbestuur se vertroue versterk, om met die Suid-Afrikaanse Akademie in onderhandeling te tree ten einde die Afrikaanse taaleksamens meer permanent en "amptelik" te maak.⁵¹⁴⁾ Terwyl die hoofbestuur gedroom het "van die dag dat onse eksamen op gelijke voet met die Taalbond sal staan, wanneer die hele Suid-Afrika sal ijwer en streef om daarin deel te neem, en wanneer die onderwys departement self onse eksame sal erken ...",⁵¹⁵⁾ is dié poging deur ander taalstryders buite Natal as 'n vermetele daad van 'n junta in Pietermaritzburg verkleineer.⁵¹⁶⁾ Hierdie skerp veroordeling was simptome van die stryd om die Saamwerk-Unie se taaleksamens landswyd erken te kry.

Die jarelange aanvaarde taaleksamens wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie erken is, is op daardie stadium deur die Taalbond in vereenvoudigde Hollands afgeneem.⁵¹⁷⁾ Volgens adv. Jansen was die stelsel te "konserwatief" en nie ingestel op die Afrikaner se eietydse taalbehoefte nie. Die byderwetsheid en praktiese gefundeerdheid wat die Natalse taalstryd sedert 1909 gekenmerk het,⁵¹⁸⁾ het ook in hierdie geval volgens adv. Jansen aan 'n diepgevoelde behoefte beantwoord.⁵¹⁹⁾

Die situasie het vir Natallers in 'n stryd om erkenning van hul taaleksamens ontwikkel. Die "stryd" om die Taalbond en die Saamwerk-Unie se eksamenstelsels aan mekaar te koppel of wedersyds erken te kry, het vir bykans elf jaar soos 'n feodale oorlog voortgesleep, totdat adv. Jansen uiteindelik as bemiddelaar na vore getree het.⁵²⁰⁾

Die vete tussen die Saamwerk-Unie en die Taalbond het eerstens om die brandende taalkeusepolemie tussen Hollands of Afrikaans as "volkstaal" vir die Afrikaner, gewentel. Die Taalbond was die verpersoonliking van die geleerde Hollandse invloed,⁵²¹⁾ terwyl die Saamwerk-Unie Afrikaans onomwonde voorgestaan en bevorder het.⁵²²⁾

Die Suid-Afrikaanse Taalbond is in 1890 gestig met die hoofdoel om die regte van die Afrikanervolkstaal (bedoelende Hollands) te bevorder. Daar is sedert 1892 taalontwikkelingseksamens deur takke van die Taalbond uitgeskryf. Teen 1899 het die jaarlikse inskrywings so gestyg dat 1 205 kandidate in die vyf Taalbondeksamens geslaag het. Die eksamens was die Laer, Hoër en Hoogste Hollandse Taaleksamens en die Laer en Hoër Geskiedenisksamens. Die Tweede Vryheidsoorlog het veroorsaak dat die Taalbondeksamens doodgeloop het. Na die heroprigting van die Taalbond in 1903, het die liggaam 'n tweede ontwikkelingsfase beleef. Dit was om vir die verkryging van gelyke taalregte vir die Afrikaner te stry, en om vanaf 1910-1925 in 'n administratiewe eksamenliggaam te ontwikkel.⁵²³⁾

Hoewel die Taalbond ten tye van die Akademie se stigting nie amptelik verteenwoordig was nie, het Taalbondhoofbestuurslede in die sogenaamde Breë Komitee gedien. Die Taalbond met sy sterk Hollandse inslag was nie geesdriftig oor die Akademie se stigting nie. Hulle was blykbaar bevrees dat voorstanders van Afrikaans die taalstryd sou oorheers. Ten spyte van die aanvanklike "vrees" het die Taalbond en die Akademie tog in 1912 'n ooreenkoms aangegaan. Hiervolgens sou die Taalbond as die Akademie se eksamenkommissie optree, ten einde die Hollandse taal te bevorder.⁵²⁴⁾

Die Taalbondeksamens het sedert 1913, op basis van die bogenoemde ooreenkoms, as Hollandse taaleksamens landswyd inslag gevind.

Hierteenoor het die Natallers met hul verklaarde beleid om deur die Saamwerk-Unie Afrikaans te bevorder en eksamens in Afrikaans af te neem, sedert 1917 as 'n gedugte konkurrent na vore getree.⁵²⁵⁾

In die tweede plek het die voortbestaan van die Saamwerk-Unie se ongekontroleerde tuseksamentjies naas die amptelik erkende prestige-eksamens van die Taalbond, moeilik beantwoordbare kwelvrae uitgelok.⁵²⁶⁾

Adv. Jansen het in 'n toenaderingsaksie om die Natalse Afrikaanse taaleksamens in Akademiekringe erken te kry, die wind van voor gekry.

Op die tweede Saamwerk-Uniekongres te Vryheid (22-24 Mei 1918) is besluit om by die Akademie te affilieer.⁵²⁷⁾ As geaffilieerde liggaam het hulle die Akademie versoek om die Afrikaanse taaleksamens oor te neem. Volgens adv. Jansen wou die Natallers die eksamens in bekwamer hande sien, om deur 'n liggaam met hoë wetenskaplike prestige (die Akademie) gerugsteun te word. Tydens die Akademiesitting van Julie 1918 het adv. Jansen die Saamwerk-Unie-eksamen verduidelik en daar is in der waarheid besluit dat dit wenslik is dat openbare eksamens in Afrikaans ingestel moes word. Die Akademie het sy eksamenkommissie (die Taalbond) versoek om die saak gunstig te oorweeg en met die Saamwerk-Unie in verbinding te tree.⁵²⁸⁾

Nadat adv. Jansen gedurende 1919 sy verpligtinge ten opsigte van die Vryheidsdeputasie nagekom het,⁵²⁹⁾ het hy in Desember 1919 die Akademie se trae houding oor die Afrikaanse taaleksamens, en die Taalbond se onwillige houding om met die Saamwerk-Unie te onderhandel, gekritiseer. Dr. W.M.R. Malherbe het verduidelik dat die hantering van die taaleksamens in die Taalbond se hande is. Die Taalbond was

van mening dat die Akademiesraad, en nie hulle nie, adv. Jansen-hulle sou versoek om die hele stelsel van taaleksamens aan hulle (die Taalbond) oor te laat.⁵³⁰⁾

Die Taalbond het intussen (in September 1919), seker onder die druk van die Akademie, en ten aansien van die Saamwerk-Unie se konkurrensie, besluit om reeds in 1920 ook eksamens in Afrikaans af te neem.⁵³¹⁾ Dr. Malherbe het namens die Akademie die hoop uitgespreek dat die Saamwerk-Unie die taaleksamens, na dié Taalbondbesluit, aan die liggaam sou oorlaat.⁵³²⁾

Tydens die Saamwerk-Uniekongres in Mei 1920 te Winterton het adv. Jansen gesê dat ongeveer 100 briewe deur die sekretaresse ontvang is, wat inligting oor die taaleksamens vir 1920 gevra het. Dit het die bestuur laat besluit om nog vir 1920 'n eksamen uit te skryf en besluite oor die toekoms van die taaleksamen aan die 1920-kongres oor te laat. Adv. Jansen het dit ook duidelik gemaak dat die Akademie en die Taalbond ver wag dat die saak in die hande van die Taalbond gelaat moes word.⁵³³⁾

Die 1920-kongres van die Saamwerk-Unie het in beginsel besluit om die eksamen voort te sit, omdat hulle gevoel het dat dit nog steeds in 'n behoefte voldoen wat nie deur die Taalbondeksamens bevredig word nie.⁵³⁴⁾

Die besluit sou uiteindelik die twee kultuurliggame in 1925 na 'n konferensietafel dwing.

Intussen het die Saamwerk-Unie se hoofbestuur gedurende Augustus 1922 die verskillende werksaamhede van die Unie verdeel en aan sub=

kommissies opgedra. 'n Direkte uitvloeisel hiervan was dat 'n Eksamenkommissie benoem is, om die eksamens wat die Saamwerk-Unie afneem te reël en te administreer. Die Eksamenkommissie het uit adv. en mev. Jansen, prof. Besselaar, dr. H. Viljoen en mnr. C. Booysen bestaan.⁵³⁵⁾

Adv. Jansen se verdere bemoeiing met die eksamenkwessie sou net insidenteel wees, omdat hy net tot Junie 1924 as voorsitter van die Saamwerk-Unie opgetree het.⁵³⁶⁾

Die Taalbondsekretaris, ds. G.S. Malan, het gedurende 1924 sy hoofbestuur gewaarsku dat hul eksamens deur 'n konkurrent uit Natal bedreig word. Die Taalbondhoofbestuur het die saak onder die aandag van die Akademie gebring. Hulle het ook vir die eerste keer 'n kommissie benoem (dr. G.G. Cillié, dr. E.C. Pienaar en ds. G.S. Malan) om die saak met adv. Jansen-hulle te bespreek en 'n bevredigende skikking te probeer tref. Die twee liggame het na voorlopige onderhandelings besluit om 'n vergadering van verteenwoordigers van albei liggame te hou.⁵³⁷⁾

Op 18 April 1925 het die Saamwerk-Unie-verteenwoordigers (adv. en mev. Jansen, prof. Besselaar) en die Taalbondverteenwoordigers (adv. F.S. Malan, prof. E.C. Pienaar, ds. G.S. Malan) mekaar ontmoet. Hulle het 'n voorlopige samewerkingsooreenkoms opgestel, wat deur die twee hoofbesture goedgekeur moes word.⁵³⁸⁾ Die gedagte om 'n gesamentlike liggaam in die lewe te roep, wat die eksamens moes beheer, is ook bespreek. Nadat 'n paar haakplekke en verdere wysigings deur die twee hoofbesture aangebring is, is die "ooreenkoms" op 26 Januarie 1926 in Kaapstad deur verteenwoordigers van beide liggame gefinaliseer. Dit moes nog net deur die twee hoofbesture en die Akademie, as behorende liggaam, goedgekeur word.

Ten spyte van dié goedkeurings, kon die finalisering van die "ooreenkoms" tussen die twee liggame op 16 Januarie 1926 as die geboortedag van die "Gesamentlike Eksamenkommissie van die Suid-Afrikaanse Taalbond en die Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge" (G.E.K.) beskou word. Die eerste lede van die G.E.K. het uit dr. Cillié (voorsitter), C.M. Booyen (sekretaris) en adv. Jansen, dr. P.C. Schoonees, dr. E.C. Pienaar en mnr. M.J. Besselaar, bestaan.⁵³⁹⁾

Daar het optimisme oor die "ooreenkoms", tussen die twee strydende kultuurliggame, geheers. Die praktiese uitvoering van die G.E.K.-ooreenkoms het egter baie probleme en haakplekke opgelewer, wat die kultuurstryders in albei liggame se humeure tot die uiterste beproef het.⁵⁴⁰⁾

Dié uiteenlopende interpretasieverskille in die ooreenkoms tussen die twee liggame het gedreig om die G.E.K. dood te wurg.

In Oktober 1926 het adv. Jansen uit eie oorweging aan senator F.S. Malan (Taalbond) geskryf en gevra om toe te sien dat die "ooreenkoms" tussen die Saamwerk-Unie en die Taalbond in werking moes tree.⁵⁴¹⁾ Senator F.S. Malan het geglo dat die "ooreenkoms" met 'n bietjie geduld en takt en met verdraagsaamheid en oorleg nie skipbreuk sal ly nie.⁵⁴²⁾

Tydens 'n vergadering van die Saamwerk-Unie se eksamenkommissie is adv. Jansen as een van die liggaam se afgevaardigdes gekies, om die liggaam op die volgende G.E.K.-vergadering te verteenwoordig. Die rede hiervoor was dat hy teenwoordig was toe die G.E.K., volgens die Taalbond, wederregtelik besluite geneem het.⁵⁴³⁾

Die tweede vergadering van die G.E.K. is op 28 Junie 1927 in die biblioteek van die Speaker (adv. Jansen) in Kaapstad gehou. Adv. Jansen is tot voorsitter en dr. E.C. Pienaar van Stellenbosch tot sekretaris vir die volgende jaar verkies. 'n Breedvoerige bespreking het oor die verskille tussen die Taalbond en die Saamwerk-Unie gevolg. Ten einde die werk van die G.E.K. te bespoedig, is besluit om die Taalbond en die Saamwerk-Unie te versoek om aan hul verteenwoordigers in die G.E.K. volmag te verleen, om namens die twee liggame te handel. Sodanige handeling sou bindend wees tot op die volgende G.E.K.-vergadering.⁵³⁴⁾

Ds. G.S. Malan het op 20 Maart 1928 die Saamwerk-Unie verwittig dat die dagbestuur van die Taalbond nie al die besluite van dié G.E.K.-vergadering bekragtig het nie.⁵⁴⁵⁾ Dit het beteken dat onderlinge meningsverskille weer eens die G.E.K. se werksaamhede lamgelê het.

Hierop het mnr. C.M. Booyen (die sekretaris van die Saamwerk-Unie se eksamenkommissie) op 26 Maart sterk bewoorde briewe aan die Taalbond en die G.E.K. (dr. Pienaar) gestuur.⁵⁴⁶⁾ Dit het op hernieude briefwisseling tussen die Saamwerk-Unie en die Taalbond uitgeloop. Die Taalbond en die G.E.K. (by monde van dr. Pienaar) het die saak voor adv. Jansen as voorsitter van die G.E.K. gelê.⁵⁴⁷⁾

Die rol as vredemaker was vir adv. Jansen, as speaker, nie 'n vreemde verskynsel nie. Hy het ds. Malan en dr. Pienaar versoek om nie op mnr. Booyen se brief te reageer nie, en die saak vir die volgende G.E.K.-vergadering te laat.⁵⁴⁸⁾ Hy het aan mnr. Booyen verklaar dat die saak nie so ernstig is nie en dat hy in 'n onderhoud met senator F.S. Malan die saak probeer regstel het. Adv. Jansen het die skerp bewoorde briewe wat mnr. Booyen aan die Taalbond en G.E.K. gestuur het, betreur. Hy het mnr. Booyen daarop gewys dat die Taalbond onskatbare dienste aan die Afrikaner gelewer het. Hy het verder daarop gewys dat die

Saamwerk-Unie, afgesien van die eksamens, baie ander werksaamhede het. Vir die Taalbond is hul eksamenstelsel feitlik 'n bestaanskwessie. Onder die omstandighede was dit vir adv. Jansen verstaanbaar dat die Taalbondlede baie gevoelig sou wees in verband met enige handeling wat hulle as 'n inkorting van hul regte beskou het.

Adv. Jansen se opvatting oor die geskilpunte was dat die Taalbond se besware en voorbehoud oor die Saamwerk-Unie se voorneme om Engelse Taaleksamens in te stel, en dat besluite wat buite die bevoegdheids van die G.E.K. geval het, nie bindend sou wees nie, oorbodig was. Die enigste knelpunt was volgens adv. Jansen die versoek dat die G.E.K. se besluite minstens tot hul volgende vergadering bindend sou wees.

Adv. Jansen het die praktiese probleme met betrekking tot die funksionering van die G.E.K. aan senator F.S. Malan en ds. G.S. Malan (die Taalbondmanne) uitgestippel. Die sake is blykbaar nie deur die Taalbond in aanmerking geneem nie. Adv. Jansen was daarvan oortuig dat die Taalbond gewillig sou wees om in te stem dat enige besluit van die G.E.K. altyd bindend sou wees, tensy 'n konstituerende liggaam binne 'n beperkte tyd skriftelik by die G.E.K. beswaar maak. Die voorafgaande oplossing was volgens adv. Jansen die enigste manier waarop praktiese uitvoering aan die onpraktiese suggestie van die Taalbond gegee kon word.⁵⁴⁹⁾

Adv. Jansen het ook sy voorgename optrede aan prof. Besselaar, dr. Schoonees en mnr. F.D. Hugo (die lede van die Saamwerk-Unie se eksamenkommissie) verduidelik en gevra of dit hul goedkeuring wegdra.⁵⁵⁰⁾

Mnr. Booysen het met waardering kennis geneem van adv. Jansen se "vriendelike teregwyding". In 'n ontboeseming is dit duidelik dat hy gebelg gevoel het oor die feit dat die Taalbond "weer samewerking gedwarsboom het".⁵⁵¹⁾

Die leiers van die Saamwerk-Unie en die Taalbond het die skikking van adv. Jansen aanvaar.⁵⁵²⁾ Op hierdie wyse het adv. Jansen 'n speakersrol ook buite die parlement vervul. Hy het met hierdie vredeskampanje die G.E.K. se voortbestaan verseker. Die jarelange stryd om botsende belange is op die derde vergadering van die G.E.K. in Julie 1928 te Kaapstad, bevredigend opgelos. Die vergadering het 'n besluit aanvaar wat die Saamwerk-Unie en die Taalbond onderskryf het. Daar het uiteindelik 'n bevredigende konstitusionele basis vir samewerking, onder beskerming van die Akademie, bestaan.⁵⁵³⁾

Aangesien adv. Jansen nie meer aktief by die Saamwerk-Unie betrokke was nie, is hy gedurende 1928 nie weer op die liggaam se eksamenkommissie herkies nie. Hy het gevolglik na die Julie 1928 sitting van die G.E.K. ook sy sittingsreg in die liggaam verloor.⁵⁵⁴⁾ Hoofsaak is dat adv. Jansen in 1928 meegehelp het om 'n stryd wat hy in Desember 1919 aangeknoop het, op 'n aanvaarbare wyse op te los.⁵⁵⁵⁾

Adv. Jansen se evaluering van die Saamwerk-Unie het hy tydens die herdenkingskongres van 1942 op 'n treffende wyse met sy eie "lewensfilosofie"geïllustreer: "n Ander rede vir die sukses wat die S.U. in die afgelope 25 jaar beleef het", het adv. Jansen verklaar, "is die feit dat sy begin en voortbestaan op Christelike beginsels gegrond was en is. Ek vertrou dat ook hierin die S.U. op die weg sal voortgaan wat hy ingeslaan het. As daar ooit 'n tyd was waarin daar behoefte was vir die beoefening van ware Christelikheid dan is dit nou. Deur Christelikheid bedoel ek die gees van Christus soos geopenbaar in Sy

leer. As ons wat onself Christene noem almal die leer van liefde soos uiteengesit in die bergpredikasia sou uitlewe, wat 'n verandering sou daar nie in ons samelewing kom nie! Daar sou eensgesindheid en meer liefde en vrede onder ons wees.

"Ons is hier bymekaar as Afrikaners. Ons leef in donker tye en niemand weet wat die toekoms vir ons volk sal baar nie. Al wat ons kan doen is om vas te hou aan die ankers wat ons voorouers in hul donkerste dae en dwarsdeur al hul moeilikhede staande gehou het en wat ons ook in staat kan stel om enige vuurproef deur te staan. As ons daardie ankers laat los dan sal alles verlore wees.

"Die krag wat ons staande hou en wat ons teen vreemde invloede kan vrywaar, lê in onself en kan nie van buite kom nie. Laat ons dan alles in ons vermoë doen om ons eie Godegewe sielekrag as Afrikaners in alle opsigte te versterk en te bolwerk sodat ons Afrikaners sal bly wat ook al gebeur. Dan alleen sal ons toekoms as Afrikaners verseker en veilig wees."⁵⁵⁶

Hierdie selfopgelegde lewenstaak was vir adv. Jansen nie te swaar nie en dit was juis die grondslag van die eerbetoon wat hy aan die einde van sy lewe ontvang het.

Die Saamwerk-Unie wat sedert sy 37ste kongres in September 1956 deur 'n Raad van Trustees beheer is,⁵⁵⁷⁾ het besluit om erepenning toe te ken aan persone as blyk van waardering vir getroue diens wat aan die Afrikanersaak in Natal gelewer is. Die eerste toekennings sou aan Hul Eksellensies, dr. en mev. Jansen, ds. H.J. de Vos, dr. P.C. Schoonees, mnr. C.M. Booysen en senator J.J. Boshoff gemaak word.⁵⁵⁸⁾

Adv. en mev. Jansen het hul erepenning op 7 Junie 1958, tydens hul jaarlikse winterverblyf in Durban, van senator J.J. Boshoff ontvang.⁵⁵⁹⁾

Adv. Jansen het die aand gesê dat hy oortuig is, dat die Saamwerk-Unie 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans gelewer het. "Die Saamwerk-Unie het 'n besondere rol vervul in Natal op sosiale sowel as opvoedkundige gebied en hy het met sy Afrikaanse Taaleksamens aan 'n behoefte voorsien, nie alleen in Natal nie, maar in die hele Suid-Afrika. Meer as tien jaar na die ontstaan van die Saamwerk-Unie het die F.A.K. tot stand gekom en meeste van sy werksaamhede word nou deur daardie organisasie verrig. Maar die verdienstelike werk van die Saamwerk-Unie mag nooit vergeet word nie."⁴⁶⁰⁾

Die Raad van Trustees het in samewerking met die Durbanse Taalfeeskomitee en in oorleg met die F.A.K. gedurende 1959 'n hele reeks feesgeleenthede beplan, wat almal in die gees van die landswye "Wonder van Afrikaans" taalfeeste geskied het.⁵⁶¹⁾ As deel van die uitgebreide feesvierings is adv. en mev. Jansen op 10 Julie 1959 gehuldig "vir die groot bydrae wat hulle gelewer het in die stryd om Afrikaans erken te kry en die Afrikaner bewus te maak van sy eie kultuurgoedere".⁵⁶²⁾

Die huldigingseremonie in die Durbanse stadsaal wat deur ongeveer 2 500 mense bygewoon is het die hoogtepunt van die Natalse Taalfeeste gevorm. Die F.A.K. se Hoofbestuur wat in Durban vergader het, het ook die fees bygewoon. Prof. H.B. Thom, die voorsitter van die F.A.K., het 'n Taalfees-oorkonde aan die Jansens oorhandig.⁵⁶³⁾

J.V. Smit, die hoof van die Durbanse Onderwyskollege, het die huldigingswoord gevoer. Volgens mnr. Smit is die grootse bydrae wat die Jansens tot die vestiging van die Afrikaanse taal en kultuur in Natal gelewer het, tot in daardie stadium nog nie ten volle geken en waardeer nie.

Die grootste verdienste van die Jansens het vir hom daarin gelê dat hulle sedert die naoorlogse jare ingesien het, dat die Natalse Afrikaner hom slegs deur sy taal skeppend tot 'n volwaardige kultuurbewuste volksgroep kon verhef het. "En nou teen die aand van die voldrae dag beweeg die twee eerbiedwaardige figure teen die goue songlans van 'n volks se eerbetoon en liefde voor ons verby: die saaiers van weleer het nou geword die draers van die goue gerwe: ryk are swaar van eie volksgoedere: 'n eie Afrikaanse taal, 'n eie Afrikaanse letterkunde en kuns en 'n ontluikende eie Afrikaanse staatkunde. Oor baie akkers heen lê hulle spore, langs baie weë staan die bakens wat hulle geplant het en pryk die sigbare monumente van diens gebore uit liefde vir en geloof van hierdie volk."⁵⁶⁴⁾

Hierdie huldeblyk is op 27 Julie 1959 deur die Suid-Afrikaanse Akademie tydens hul halfeeufeesviering op Stellenbosch, opgevolg.

Prof. T.H. le Roux het die aand adv. Jansen as stigterslid en sy lewe in diens van sy volk gehuldig.⁵⁶⁵⁾ Adv. Jansen het die Akademielede bedank vir die huldebtoning en gesê dat hy dit altyd sal waardeer.⁵⁶⁶⁾

Die Raad van Trustees van die Saamwerk-Unie het sedert 1960 planne beraam om in samewerking met die Natalse Onderwysdepartement 'n jaarlikse E.G. Jansen-Redenaarskompetisie in Natal te hou. 'n Borsbeeldjie van adv. Jansen het as wisseltrofee gedien vir dié Redenaarskompetisie wat vanaf 5 Oktober 1965 plaasgevind het.⁵⁶⁷⁾ Op hierdie wyse is die nagedagtenis van E.G. Jansen, die taalstryder met die langste rekord van volksdiens gedurende hierdie eeu, jaarliks in herinnering geroep.⁵⁶⁸⁾

VOETNOTE : HOOFSTUK 4

- 1) Kyk pp.218, 234 e.v.
- 2) G. Besselaar, Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur, p.53; vergelyk p.36.
- 3) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 273 : Persoonlike ontboeseming, 20.10.1919.
- 4) Vergelyk p. 37.
- 5) Vergelyk p. 39.
- 6) Vergelyk pp. 39, 45, 46.
- 7) Vergelyk p. 46 e.v.
- 8) Vergelyk p. 152.
- 9) Vergelyk p. 192.
- 10) Kyk p. 25 e.v.
- 11) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.121.
- 12) Kyk p. 192.
- 13) Kyk p. 212 e.v.
- 14) Kyk p. 234.
- 15) Kyk p.242.
- 16) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.121.
- 17) Kyk p. 26.
- 18) Kyk p. 25.
- 19) Kyk p. 17 e.v.
- 20) Kyk p. 27.
- 21) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.105 e.v.
- 22) De Afrikaner, 7.12.1905 : Hoofartikel.

- 23) De Afrikaner, 13.7.1905 : Hoofartikel.
- 24) De Afrikaner, 20.1.1905 : Hoofartikel; G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.106.
- 25) De Afrikaner, 15.7.1909 : Berig.
- 26) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit : Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, pp.183-185; G.S. Nienaber, Hy was ook baanbreker vir taal en kultuur, in Dagbreek en Sondagnuus, 29.11.1959.
- 27) Vergelyk E.C. Pienaar, Die Triomf van Afrikaans, p.237.
- 28) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit : Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, pp.184, 185.
- 29) Kyk p. 153.
- 30) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.214.
- 31) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, in Oordruk uit : Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.185.
- 32) Kyk p.281.
- 33) Vergelyk G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.111.
- 34) Kyk p. 37.
- 35) Kyk p. 192.
- 36) G.S. Nienaber, Honderd jaar Hollands in Natal, p.111.
- 37) Kyk p. 186.
- 38) Vergelyk INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Brief B.I. Vorster - Sekretaris, 27.10.1913.
- 39) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die debatsvereniging, 25.10.1913; vergelyk Die Natalse Afrikaner, 9.1.1940 : Die Saamwerk bylae - 'n Historiese oorsig deur adv. Jansen, p.8.
- 40) De Afrikaner, 2.3.1908 : Berig en hoofartikel.
- 41) De Afrikaner, 2.3.1908 : Berig, INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.

- 42) Vergelyk *De Afrikaner*, 2.5.1910 : Notule van vergadering, 23.4.1910.
- 43) INEG, UOVS, S.U.-versameling, Lêer 4/1/1/1 : P.C. Schoonees, 'n Terugblik, ongedateer.
- 44) *De Afrikaner*, 17.3.1908 : Berig; *De Afrikaner*, 13.4.1908 : Hoofartikel en berig.
- 45) *De Afrikaner*, 13.4.1908 : Berig.
- 46) G. Besselaar, *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur*, p.59; vergelyk *De Afrikaner*, 17.3.1928, 13.4.1908, 21.5.1908, 25.3.1909, 22.4.1909, 3.9.1909, 28.2.1910, 20.3.1911, 25.5.1911, 22.2.1912 : Berigte.
- 47) Kyk p. 195.
- 48) Kyk p. 272 ; G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal*, p.177.
- 49) Vergelyk *De Afrikaner*, 22.2.1912 : Notule van jaarvergadering, 17.2.1912.
- 50) Kyk p. 209 e.v.
- 51) *De Afrikaner*, 17.3.1908 : Notule van vergadering, 14.3.1908; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939; vergelyk *De Afrikaner*, 28.2.1910 : Notule van jaarvergadering, 19.2.1910; INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Reglement, s.j.
- 52) *De Afrikaner*, 17.3.1908 : Notule van vergadering, 14.3.1908; *De Afrikaner*, 13.4.1908 : Notule van vergadering, 10.4.1908.
- 53) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939.
- 54) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die debatsvereniging, 25.10.1913; Lêer 278 : Brief Natal Creamery - Jansen, 13.3.1908.
- 55) *De Afrikaner*, 21.5.1908 : Notule van vergadering, 16.5.1908; *De Afrikaner*, 27.8.1908 : Berig.
- 56) *De Afrikaner*, 24.9.1908 : Notule van vergadering, 19.9.1908.

- 57) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Brief Crowden-Jansen, ongedateer; Lêer 278 : Brief Jansen - Crowden, 12.10.1908.
- 58) INEG, UOVVS, E.G. Jansen versameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.
- 59) De Afrikaner, 24.9.1908 : Notule van vergadering, 19.9.1908.
- 60) De Afrikaner, 11.9.1913 : Berig.
- 61) De Afrikaner, 2.10.1913 : Notule van vergadering, 20.9.1913.
- 62) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die Debatsvereniging, 25.10.1913.
- 63) De Afrikaner, 28.4.1913 : Notule van vergadering, 19.4.1913.
- 64) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Brief B.I. Vorster - Sekretaris, 27.10.1913.
- 65) De Afrikaner, 29.5.1913 : Notule van vergadering, 17.5.1913.
- 66) De Afrikaner, 17.7.1913 : Berig.
- 67) Mev. De Beer was die vorige leraar, ds. E.Z. de Beer, se vrou. Hy was tot 1908 predikant, waarna ds. G.M. Pellissier tot 1918 leraar was. Kyk T.V. Bresler, Predikante van die Geloftekerk en Voortrekkerkerk, in P.W.J.Groenewald en T.V. Bresler, Gedenkboek, Herbevestiging van die Gelofte, p.61.
- 68) De Afrikaner, 4.8.1913, 11.12.1913 : Berigte; De Afrikaner, 1.6.1914 : Hoofartikel.
- 69) De Afrikaner, 4.8.1913, 14.8.1913 : Berigte.
- 70) De Afrikaner, 9.10.1913 : Berig.
- 71) De Afrikaner, 20.10.1913 : Berig.
- 72) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die debatsvereniging, 25.10.1913.
- 73) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Brief B.I. Vorster - Sekretaris, 27.10.1913.
- 74) INEG, UOVVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Brief G.L. Nel - Jansen, 17.12.1915.

- 75) De Afrikaner, 22.2.1912 : Notule van vergadering, 17.2.1912.
- 76) INEG, UOVS, Klankargief, kasset 4 en 5 : Onderhoud, mev. M.M. Jansen, 1969.
- 77) De Afrikaner, 28.2.1910 : Notule van jaarvergadering, 19.2.1910.
- 78) Vergelyk De Afrikaner, 14.4.1910, 2.5.1910, 4.5.1911, 17.8.1911 : Berigte.
- 79) De Afrikaner, 17.8.1911 : Berig.
- 80) De Afrikaner, 17.8.1911 : Berig.
- 81) De Afrikaner, 15.9.1914 : Berig.
- 82) De Afrikaner, 5.2.1912 : Hoofartikel.
- 83) De Afrikaner, 22.2.1912 : Berig.
- 84) De Afrikaner, 22.2.1912 : Berig.
- 85) De Afrikaner, 22.2.1912 : Notule van jaarvergadering, 17.2.1912.
- 86) De Afrikaner, 27.2.1913 : Notule van jaarvergadering, 22.2.1913.
- 87) De Afrikaner, 28.4.1913 : Notule van vergadering, 19.4.1913.
- 88) De Afrikaner, 29.5.1913 : Notule van vergadering, 17.5.1913; kyk p. 222.
- 89) De Afrikaner, 9.6.1913 : Berig.
- 90) Vergelyk De Afrikaner, 5.3.1914 : Notule van jaarvergadering, 28.2.1914.
- 91) De Afrikaner, 17.7.1913 : Berig.
- 92) De Afrikaner, 4.8.1913 : Berig.
- 93) De Afrikaner, 14.8.1913 : Berig.
- 94) De Afrikaner, 9.10.1913 : Berig.
- 95) De Afrikaner, 5.3.1914 : Notule van jaarvergadering, 28.2.1914.
- 96) De Afrikaner, 16.10.1914 : Notule van vergadering, 19.9.1914; De Bode, 15.10.1914, p.159.
- 97) De Afrikaner, 1.12.1914 : Notule van vergadering, 24.10.1914 en berig.

- 98) De Bode, 1.2.1915, p.271; vergelyk De Afrikaner, 9.2.1915 : Berig.
- 99) De Afrikaner, 2.4.1914, 23.4.1914, 2.6.1914, 23.6.1914, 28.8.1914 : Berigte; De Bode, 1.7.1914, p.48; 1.9.1914, p.101; 15.9.1914, p.119; 15.11.1914, p.185.
- 100) Vergelyk De Afrikaner, 28.8.1914 : Notule van vergadering, 22.8.1914; De Afrikaner, 11.9.1914 : Notule van vergadering, 5.9.1914; De Afrikaner, 1.12.1914 : Berig; De Bode, 1.11.1914, p.167; 1.3.1915, p.301.
- 101) De Afrikaner, 5.3.1915 : Notule van jaarvergadering, 27.2.1915; De Bode, 1.3.1915, p.301.
- 102) Vergelyk de Afrikaner, 29.2.1916 : Notule van jaarvergadering, 19.2.1916.
- 103) Kyk pp.50, 51, De Bode, 1.4.1915, p.331; 1.9.1915, p.112.
- 104) De Afrikaner, 29.2.1916 : Notule van jaarvergadering, 19.2.1926.
- 105) De Afrikaner, 5.9.1916 : Notule van vergadering, 26.8.1916.
- 106) Vergelyk De Afrikaner, 6.3.1917 : berig.
- 107) De Afrikaner, 27.2.1917 : Jaarverslag, 1916; De Afrikaner, 9.3.1917 : Notule van jaarvergadering, 24.2.1917.
- 108) De Afrikaner, 9.3.1917 : Notule van jaarvergadering, 24.2.1917.
- 109) Kyk pp. 254, 255.
- 110) De Afrikaner, 6.3.1917 : Berig.
- 111) De Afrikaner, 6.3.1917 : Berig.
- 112) De Afrikaner, 20.4.1917, 4.5.1917, 15.5.1917 : Berigte.
- 113) De Afrikaner, 23.3.1917 : 23.3.1917 : Notule van vergadering, 17.3.1917.
- 114) De Afrikaner, 4.5.1917 : Notule van vergadering, 21.4.1918.
- 115) Vergelyk De Afrikaner, 23.3.1917, 20.4.1917, 1.5.1917, 4.5.1917, 15.5.1917, 1.6.1917 : Berigte.
- 116) De Afrikaner, 15.5.1917 : Notule van CJV-vergadering, 12.5.1917.
- 117) De Afrikaner, 5.6.1917 : Notule van CJV-vergadering, 26.5.1917; vergelyk ook De Afrikaner, 13.7.1917, 24.8.1917, 17.7.1918, 7.10.1919 : Berigte.

- 118) Vergelyk De Afrikaner, 23.3.1917, 4.5.1917, 1.6.1917, 5.10.1917 : Notules van vergaderings.
- 119) De Afrikaner, 23.3.1917 : Notule van vergadering, 17.3.1917.
- 120) Vergelyk De Afrikaner, 23.3.1917, 4.5.1917, 22.6.1917, 31.8.1917 : Notules van vergaderings.
- 121) De Afrikaner, 23.3.1917 : Notule van vergadering, 17.3.1917; De Afrikaner, 1.6.1917 : Notule van vergadering, 19.5.1917.
- 122) De Afrikaner, 22.6.1917 : Notule van vergadering, 15.6.1917.
- 123) De Afrikaner, 26.6.1917 : Berig; De Afrikaner, 29.6.1917 : Verslag van opvoering, 22.6.1917.
- 124) De Afrikaner, 17.8.1917 : Saamwerk-Unie rubriek - Ons Leeskamer. (Die rubriek in De Afrikaner wat redaksioneel deur die Saamwerk-Unie versorg is).
- 125) De Afrikaner, 15.3.1918 : Notule van jaarvergadering, 23.2.1918.
- 126) De Afrikaner, 14.6.1918 : Notule van vergadering, 18.5.1918.
- 127) De Afrikaner, 23.8.1918 : Notule van vergadering, 17.8.1918.
- 128) De Afrikaner, 27.9.1918 : Plaaslike varia; De Afrikaner, 27.9.1918 : Notule van vergadering, 21.9.1918.
- 129) De Afrikaner, 12.11.1918 : Saamwerk-Unie rubriek.
- 130) De Afrikaner, 20.12.1918 : Saamwerk-Unie rubriek.
- 131) De Afrikaner, 5.3.1918 : Berig.
- 132) De Afrikaner, 5.3.1918 : Plaaslike varia.
- 133) Kyk p. 56 e.v.
- 134) Kyk p. 194 e.v.
- 135) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen : Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939; vergelyk ook De Afrikaner, 17.3.1908, 13.4.1908, 21.5.1908, 27.7.1908, 13.9.1909, 9.6.1913, 23.6.1914, 22.6.1917 : Berigte; De Afrikaner, 13.4.1908, 13.9.1909 : Hoofartikels.
- 136) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen : Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.

- 137) De Afrikaner, 11.6.1908, 27.8.1908, 25.2.1909, 25.3.1909, 14.4.1910, 15.12.1910, 13.2.1911, 6.4.1911, 15.6.1911, 17.8.1911, 7.3.1912, 22.8.1912 : Berigte.
- 138) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Rapport van de Voorzitter, 19.2.1910; De Afrikaner, 23.8.1918 : Notule van vergadering, 17.8.1918.
- 139) De Afrikaner, 9.3.1908 : Hoofartikel en berig.
- 140) De Afrikaner, 17.3.1908 : Notule van vergadering, 14.3.1908.
- 141) De Afrikaner, 17.3.1908 : Notule van vergadering, 14.3.1908.
- 142) Vergelyk De Afrikaner, 27.7.1908, 3.9.1909, 9.6.1913, 5.3.1914, 23.6.1914, 27.2.1917, 22.6.1917, 7.3.1919 : Verslae oor die jaarlikse sosiale aande.
- 143) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.
- 144) De Afrikaner, 17.3.1908 : Notule van vergadering, 14.3.1908.
- 145) De Afrikaner, 21.5.1908 : Notule van vergadering, 16.5.1908.
- 146) De Afrikaner, 16.5.1912 : Berig.
- 147) Kyk p. 197.
- 148) De Afrikaner, 2.4.1914 : Notule van vergadering, 28.3.1914.
- 149) De Afrikaner, 28.8.1914 : Notule van vergadering, 22.8.1914.
- 150) De Afrikaner, 14.6.1918 : Notule van vergadering, 18.5.1918.
- 151) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : E.G. Jansen, Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.
- 152) Vergelyk De Afrikaner, 11.6.1908, 22.4.1909, 13.6.1910 : Berigte.
- 153) Vergelyk De Afrikaner, 27.7.1908, 30.11.1908, 22.4.1909, 31.5.1909, 12.7.1909, 4.10.1909, 15.11.1909, 21.5.1910, 1.9.1910, 1.12.1910, 20.3.1911, 22.5.1911, 16.12.1910 : Berigte.
- 154) De Afrikaner, 31.5.1909 : Notule van vergadering, 15.5.1909.
- 155) De Afrikaner, 15.11.1909 : Notule van vergadering, 16.10.1909.
- 156) De Afrikaner, 16.2.1911 : Notule van vergadering, 16.12.1910.
- 157) Kyk pp.317, 327.

- 158) INEG, UOVS, E.G. Jansenversameling, Lêer 278 : Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die debatsvereniging, 25.10.1913.
- 159) De Afrikaner, 6.1.1910 : Notule van vergadering, 10.12.1909.
- 160) De Afrikaner, 13.3.1911 : Notule van derde jaarvergadering, 18.2.1911.
- 161) De Afrikaner, 29.11.1921 : Geskiedenisaaand, 21.11.1921.
- 162) De Afrikaner, 17.10.1910 : Notule van vergadering, 17.9.1910.
- 163) De Afrikaner, 24.9.1908 : Notule van vergadering, 19.9.1908.
- 164) De Afrikaner, 31.5.1909 : Notule van vergadering, 15.5.1909.
- 165) De Afrikaner, 13.6.1910 : Notule van vergadering, 21.5.1910.
- 166) De Afrikaner, 26.8.1909 : Notule van vergadering, 21.8.1909.
- 167) De Afrikaner, 27.7.1908 : Notule van vergadering, 25.7.1908.
